

***Jonggetroude persone se
belewing van hulle skoonouers
se rol in hulle huwelik***

Marita van der Berg

**Jonggetroude persone se belewing van hulle skoonouers se
rol in hulle huwelik**

Gertruida Maria van der Berg

B.A., Hons. B.A.

SKRIPSIE

voorgelê vir gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM in

Kliniese Psigologie

aan die

**POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOËR
ONDERWYS**

STUDIELEIER: Prof. C.A. Venter

Potchefstroom

2000

Met liefde opgedra aan my en my man se skoonouers

Aan alle ouers

“Julle kinders is nie julle kinders nie.

Hulle is die seuns en dogters van die Lewe se verlange na die lewe.

Hulle kom deur julle maar nie van julle nie.

En al is hulle by julle behoort hulle nie aan julle nie.

Julle mag hulle julle liefde gee, maar nie julle gedagtes nie,

want hulle het hulle eie gedagtes.

Julle mag hulle liggame huisves, maar nie hulle siele nie,

want hulle siele woon in die huis van môre wat julle nie kan besoek nie,

nie eens in julle drome nie.

Julle mag strewe om soos hulle te wees,

maar moenie probeer om hulle soos julle te maak nie,

nog minder vertoef dit met die dag van gister.

Julle is die boë waaruit julle kinders soos lewende pyle geskiet word.

Die Boogskutter sien die doelwit op die pad van die oneindigheid,

en hy buig julle met sy mag sodat sy pyle vinnig en ver mag trek.

Laat julle tot blydschap in die hand van die Boogskutter gebuig word,

want, net soos Hy die pyl wat vlieg liefhet, so het Hy ook die boog lief wat

bestendig is.” Kahlil Gibran.

BEDANKINGS

Hiermee wil ek my opregte dank en waardering betuig teenoor die volgende persone en instansies:

- **My hemelse vader** wat vir my soveel wonderlike gawes en seëninge gegee het, my die geleentheid gebied het om te kom waar ek is en my gedra het op die lang pad van studies.
- **My man, Sebastiaan**, vir sy liefde, geduld, opofferings en ondersteuning, en **my twee seuns, Esteban en Zandr **, vir hulle liefde en glimlaggies en vir die voorreg om hulle, saam met hulle Pappa, na volwassenheid te lei.
- **My kindersdaegesin** vir hulle liefde, belangstelling, hulp en ondersteuning, en vir hulle bydrae tot my menswees.
- **My skoonouers** vir die belangstelling en liefde en wie 'n inspirasie was vir my navorsing.
- **My studieleier, prof. C.A. Venter**, vir sy bekwame leiding en persoonlike opoffering.
- **Prof. M.C.A. Seyffert** vir die Afrikaanse taalversorging.
- **Mev. Melinda du Toit** vir haar waardevolle bydrae ten opsigte van die vraelys wat opgestel is.
- **Hubertus Mostert** vir al sy hulp met betrekking tot die drukwerk.
- **Ester Opperman** vir haar hulp met die bladuitleg van die tabelle.
- **Vriende en familie** vir hulle onderskraging en belangstelling.
- **Die proefpersone wat deelgeneem het aan die navorsing** sonder wie die studie onmoontlik sou wees.

ERKENNING

Die geldelike bystand deur die Raad van Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) word hiermee erken. Alle menings en gevolgtrekkings wat in hierdie stuk uitgespreek word, is die van die skrywer en moet nie as behorende aan die RGN beskou word nie.

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1	1
INLEIDING, PROBLEEM-EN DOELSTELLINGS	1
1.1 INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING	1
1.2 DOELSTELLINGS	4
1.3 HIPOTESE	4
1.4 VERLOOPSPLAN	5
HOOFSTUK 2	6
LITERATUURSTUDIE	6
2.1 INLEIDING	6
2.2 DIE ROL VAN DIE GESIN VAN OORSPRONG	6
2.2.1 Klassieke perspektiewe	7
2.2.1.1 Freud	7
2.2.1.2 Fairbairn	10
2.2.2 Hedendaagse perspektiewe	12
2.2.2.1 Framo	12
2.2.2.2 Boszormenyi-Nagi	13
2.2.2.3 Bowen	14
2.2.2.4 Williamson	19
2.2.3 Slotopmerkings	20
2.3 DIE KEUSE VAN 'N HUWELIKSMAAT	20
2.3.1 Freud	21
2.3.2 Napier en Gurman	22
2.3.3 Bowen	22
2.3.4 Apter	23
2.3.5 Silverstein	25
2.3.6 Horsley	25
2.3.7 Slotopmerkings	26
2.4 FAKTORE WAT 'N ROL KAN SPEEL IN DIE ONTSTAAN VAN KONFLIK IN SKOONFAMILIEVERHOUDINGE	26
2.4.1 Toestemming om te trou	27
2.4.2 Die skoonouers se keuse van 'n huweliksmat vir hulle kind	30

2.4.3	Lojaliteite teenoor die gesin van oorsprong	31
2.4.4	Grense ten opsigte van die gesinne van oorsprong	33
2.4.5	Kompetisie, jaloesie en driehoekvorming	36
2.4.6	Die moeder se rol in die huweliksverhouding van haar kind	37
2.4.6.1	Die goeie moeder	38
2.4.6.2	Die oorbeskermende moeder	39
2.4.6.3	Die moeder wat die rol vertolk van 'n deurmatjie	40
2.4.6.4	Die afhanklike moeder	41
2.4.6.5	Die versmorende moeder	42
2.4.6.6	Die verwerpende moeder en die mishandelende moeder	44
2.4.6.7	Die moeder wat die martelaarsrol inneem	45
2.4.6.8	Die kritiese moeder wat optree as 'n diktator	46
2.4.6.9	Die perfekisionistiese moeder	47
2.4.6.10	'n Tipe moedersorg wat moeilik is om te benoem	48
2.4.6.11	Die moeder se rol in haar dogter se huwelikslewe	49
2.4.6.12	Enkele slotopmerkings oor die rol van die moeder	50
2.4.7	Die vader se rol in die huweliksverhouding van sy kind	51
2.4.8	Oordrag	54
2.4.9	Projeksie	55
2.4.10	Persoonlikheidsverskille	56
2.4.11	Die geboorte van kleinkinders	59
2.5	DIE POSITIEWE INVLOED VAN SKOONOUERS OP DIE HUWELIKSDINAMIKA VAN JONGGETROUDE PARE	61
HOOFSTUK 3		63
EMPIRIESE ONDERSOEK		63
3.1	INLEIDING	63
3.2	NAVORSINGSONTWERP	63
3.3	PROSEDURE TYDENS DIE SELEKSIE VAN DEELNEMERS	64
3.4	MEETINSTRUMENT	65
3.5	PROSEDURE	66
3.6	DATA-ANALISE	66

HOOFSTUK 4	68
RESULTATE EN BESPREKING	68
4.1 INLEIDING	68
4.2 AARD VAN DIE STEEKPROEF (ALGEMENE INLIGTING)	68
4.2.1 Geslag (vraag 1)	68
4.2.2 Ouderdom (vraag 2)	69
4.2.3 Tydperk getroud (vraag 3)	70
4.2.4 Afstand vanaf eie ouers (vraag 6)	71
4.2.5 Afstand vanaf skoonouers (vraag 7)	72
4.2.6 Aantal kinders (vraag 9.1)	72
4.3 DIE INVLOED VAN 'N PERSOON SE GESIN VAN OORSPRONG OP SY/HAAAR HUWELIKSLEWE	73
4.3.1 Kenmerke/eienskappe van die huweliksmaat se gesin van oorsprong wat ooreenstem met die respondent se gesin van oorsprong (vraag 10)	73
4.3.2 Kenmerke van die huweliksmaat se gesin van oorsprong wat verskil met die respondent se gesin van oorsprong (vraag 11)	76
4.3.3 Faktore wat 'n rol gespeel het in die keuse van 'n huweliksmaat (vraag 12)	79
4.3.4 Aspekte van 'n persoon se huweliksmaat se gesin van oorsprong wat 'n rol gespeel het in 'n persoon se keuse van 'n huweliksmaat (vraag 13)	81
4.3.5 Toestemming om te trou (vraag 14 – 16)	83
4.3.6 Faktore wat 'n rol speel ten opsigte van 'n persoon se skoonouers se goedkeuring of teenkanting van die persoon as skoonseun/skoondogter (vraag 17 – 20)	86
4.3.7 Is daar aanvanklik van die skoonfamilie verwag om die ervaring van 'n gelukkige gesinslewe wat die persoon nie in sy/haar gesin van oorsprong beleef het nie, te voorsien (vraag 21)?	90
4.3.8 Het die proefpersone hulle skoonouers aanvanklik oorgeïdealiseer (vraag 22)?	90
4.3.9 Slotopmerkings	91

4.4	DIE ROL VAN 'N PERSOON SE SKOONOUERS IN SY/ HAAR HUWELIKSLEWE	93
4.4.1	Besoeke van persone se skoonouers (vraag 24)	93
4.4.2	Besoeke aan en kontak met persone se skoonouers (vraag 25 – 27)	94
4.4.3	Jonggetroude persoon se beleving van sy/haar verhouding met die skoonouers (vraag 28)	96
4.4.4	Huweliksmaat se lojaliteit teenoor sy/haar gesin van oorsprong en sy/haar huwelik/gesin (vraag 28 – 34)	97
4.4.5	Grense ten opsigte van die gesinne van oorsprong (vraag 35, 36, 38, 39, 41 en 44)	99
4.4.6	Kompetisie en jaloesie (vraag 42 en 43)	104
4.4.7	Die moeder se rol in die huweliksverhouding van haar kind (vraag 45 en 46)	106
4.4.8	Die vader se rol in die huweliksverhouding van sy kind (vraag 47 en 48)	108
4.4.9	Oordrag (vraag 49 en 50)	110
4.4.10	Projeksie (vraag 51)	112
4.4.11	Persoonlikheidsverskille (vraag 52 en 55)	113
4.4.12	Die geboorte van kleinkinders (vraag 57 – 60)	114
4.4.13	Konflik (vraag 61 – 65)	118
4.4.14	Die positiewe invloed van skoonouers op die huweliksdinamika van jonggetroude pare (vraag 66)	125
4.4.15	Wense rakende persone se skoonouers (vraag 67 & 68)	127
4.4.16	Ander inligting oor die invloed van 'n persoon se skoonpa of skoonma op 'n persoon se huweliks- verhouding (vraag 69)	131
4.4.17	Slotopmerkings	131

HOOFSTUK 5	135
GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS	135
5.1 INLEIDING	135
5.2 GEVOLGTREKKINGS	135
5.3 PROBLEME WAT ONDERVIND IS MET BETREKKING TOT DIE NAVORSINGSPROJEK	139
5.4 LEEMTES IN DIE NAVORSINGSPROJEK	139
5.5 AANBEVELINGS	140
OPSOMMING	141
SUMMARY	144
BIBLIOGRAFIE	147
BYLAAG 1: DEKBRIEWE: Afrikaans en Engels	
BYLAAG 2: AFRIKAANSE VRAELYS	
BYLAAG 3: ENGELSE VRAELYS	

LYS VAN TABELLE

Tabel 1	Geslag	69
Tabel 2.1	Ouderdom: Mans	69
Tabel 2.2	Ouderdom: Vrouens	70
Tabel 3	Tydperk getroud	70
Tabel 4	Afstand vanaf eie ouers	71
Tabel 5	Afstand vanaf skoonouers	72
Tabel 6	Aantal kinders	72
Tabel 7	Ooreenstemmende eienskappe in gesinne van oorsprong	73
Tabel 8	Eienskappe wat verskil in gesinne van oorsprong	77
Tabel 9	Faktore betrokke in die keuse van 'n huweliksmaat	80
Tabel 10	Aspekte van 'n persoon se huweliksmaat se gesin van oorsprong wat 'n rol gespeel het in 'n persoon se keuse van 'n huweliksmaat	82
Tabel 11	Word die gebruik om ouers te vra as oudmodies beskou?	83
Tabel 12	Het die huwelikspaar toestemming gekry om te trou?	83
Tabel 13	Het die toestemming om te trou 'n invloed op 'n persoon se huweliksgeluk?	84
Tabel 14	Waarom het die toestemming om te trou 'n invloed op 'n persoon se huweliksgeluk?	85
Tabel 15.1	Faktore wat 'n rol speel ten opsigte van 'n persoon se skoonouers se goedkeuring of teenkating van 'n persoon as skoonseun	87
Tabel 15.2	Faktore wat 'n rol speel ten opsigte van 'n persoon se skoonouers se goedkeuring of teenkating van 'n persoon as skoondogter	88
Tabel 16	Het die skoonouers voor die huwelik te kenne gegee (uitgesproke of geïmpliseer) dat die persoon nie goed genoeg is vir hulle kind nie?	88
Tabel 17	Hoe voel die proefpersone tans in hulle skoonouers se teenwoordigheid?	89
Tabel 18	Voel die persoon tans soos sy/haar skoonouers se eie seun/dogter?	89

Tabel 19	Is daar aanvanklik van die skoonfamilie verwag om die ervaring van 'n gelukkige gesinslewe te voorsien wat die persoon nie in sy/haar gesin van oorsprong beleef het nie?	90
Tabel 20	Het die proefpersone hulle skoonfamilie aanvanklik oorgeïdealiseer?	90
Tabel 21.1	Hoe gereeld word die man en sy gesin deur sy skoonouers besoek?	93
Tabel 21.2	Hoe gereeld word die vrou en haar gesin deur haar skoonouers besoek?	93
Tabel 22	Hoe gereeld besoek 'n persoon en sy/haar gesin sy/haar skoonouers?	94
Tabel 23	Hoe gereeld kommunikeer 'n persoon met sy/haar skoonouers, byvoorbeeld deur middel van telefoonoproepe?	95
Tabel 24.1	Huweliksmaat se kommunikasie met sy ouers deur middel van telefoonoproepe	96
Tabel 24.2	Huweliksmaat se kommunikasie met haar ouers, byvoorbeeld deur middel van telefoonoproepe	96
Tabel 25	Persone se beleving van die verhouding met hulle skoonouers	97
Tabel 26	Huweliksmaat se lojaliteit ten opsigte van sy/haar gesin van oorsprong	98
Tabel 27	Invloed van huweliksmaat se lojaliteit ten opsigte van sy/haar gesin van oorsprong op die huwelik	98
Tabel 28	Die mate van die huweliksmaat se lojaliteit ten opsigte van sy/haar huwelik/gesin	99
Tabel 29	Die mate van respek vanaf skoonouers vir hulle kind se nuwe lojaliteite	99
Tabel 30	Die mate van konflik tussen huweliksmaats ten opsigte van tradisies/gebruike/gewoontes wat voorgekom het in die gesin van oorsprong	100
Tabel 31	By welke ouers verkies persone om hulle kuiertyd deur te bring?	101
Tabel 32	In watter mate respekteer skoonouers hulle kind se huwelik se grense?	102

Tabel 33	In watter mate probeer 'n persoon se skoonouers aan die huwelikspaar voorskryf oor hoe om op te tree of watter besluite om te neem?	102
Tabel 34	In watter mate laat 'n persoon se skoonouers sy/haar huweliksmat verantwoordelik voel vir hulle geluk?	103
Tabel 35	Die mate waartoe skoonouers betrek word tydens 'n argument	104
Tabel 36	In watter mate voel 'n persoon dat hy/sy in kompetisie is met sy/haar skoonouers vir sy/haar huweliksmat se aandag en toewyding?	105
Tabel 37	In watter mate voel 'n persoon uitgesluit by sy/haar huweliksmat se verhouding met sy/haar ouers	105
Tabel 38	Die huweliksmat se tipe moeder	106
Tabel 39	Die skoonmoeder se invloed op die huweliksmats se lewe	108
Tabel 40	Die huweliksmat se tipe vader	109
Tabel 41	Die skoonvader se invloed op die huweliksmat se lewe	110
Tabel 42	In watter mate word 'n persoon se woede wat hy/sy soms ervaar teenoor sy/haar eie ouers verplaas na sy/haar skoonouers?	111
Tabel 43	In watter mate kry skoonouers die skuld wanneer 'n persoon kwaad is vir sy/haar huweliksmat?	112
Tabel 44	In watter mate is 'n persoon in konflik met sy/haar skoonouers omdat hy/sy sy/haar huweliksmat se stryd met sy/haar ouers namens hom/haar wil voer?	113
Tabel 45	In watter mate is daar konflik tussen 'n persoon en sy/haar skoonouers omdat persoonlikhede verskil?	113
Tabel 46	In watter mate wil 'n persoon sy/haar skoonouers ten alle koste tevrede stel?	114
Tabel 47	In watter mate het die geboorte van kleinkinders 'n invloed op 'n persoon se verhouding met sy/haar skoonouers?	115
Tabel 48	Indien daar 'n verandering was, was dit positief of negatief?	115
Tabel 49	In watter mate meng 'n persoon se skoonouers in met die opvoeding van hulle kleinkinders?	116

Tabel 50	In watter mate verwelkom 'n persoon raad aangaande die opvoeding van kinders van sy/haar skoonouers?	117
Tabel 51	In watter mate laat 'n persoon se skoonouers hom/haar voel dat hy/sy nie 'n goeie ouer is nie?	118
Tabel 52	In watter mate is daar konflik tussen 'n persoon en sy/haar skoonouers	118
Tabel 53	Indien daar konflik plaasvind, wie is meestal verantwoordelik daarvoor?	120
Tabel 54	Wie is die mees problematiese lid van die skoonfamilie?	121
Tabel 55	Watter rol speel elkeen van die onderstaande faktore in die ontstaan van konflik tussen 'n persoon en sy/haar skoonouers?	122
Tabel 56	Ander faktore wat konflik veroorsaak met skoonouers	124
Tabel 57	Wat is die positiewe invloed wat skoonouers op 'n huwelik het?	125

HOOFSTUK 1

INLEIDING, PROBLEEM- EN DOELSTELLINGS

1.1 INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING

Een van die groot stressors in 'n huwelik, en 'n belangrike bron van konflik, is die hantering van die skoonfamilie (Silverstein, 1990). Volgens Horsley (1996) kan skoonfamilieverhoudings 'n belangrike impak hê op die sukses of mislukking van 'n huwelik. Hierdie verhoudings word ook deur Russell en Wells (1994) beskou as 'n faktor wat 'n rol speel as 'n voorspeller van geluk in 'n huweliksverhouding.

Alhoewel skoonfamilieverhoudings, veral dié met betrekking tot die skoonma, 'n teiken is van vele stereotipering en grappe, is daar verbasend min navorsing gedoen oor die struktuur en dinamiek daarvan, ook in Suid-Afrika (Databasisse geraadpleeg: NEXUS VIEW & S.A. Tydskrifte). Verskeie outeurs in die veld van huweliksterapie skiet te kort aan verwysings na die invloed van die skoonfamilie op persone se huweliksdinamika. (Vergelyk Bowen, 1978, Jacobson & Gurman, 1987, Carpenter & Treacher, 1989, Framo, 1991.) Volgens Goetting (1989) is skoonfamilieverhoudinge die een komponent in die gesinsisteem wat ondervertegenwoordig is in Sosiologietydskrifte en gesinshandboeke in die Verenigde State.

Scoonfamilie is deel van enige huwelik- en gesinsisteem en 'n persoon behoort geheg te wees aan lede van die skoonfamilie (Goetting, 1989). Tog is daar onsekerheid oor hoe om hierdie nabyheid uit te druk. In die afwesigheid van kultureel bindende of wetlik vasgestelde norme, is dit moeilik om skoonfamilieverhoudinge te definieer (Goetting, 1989). Gesinne beskryf hulself dikwels as onafhanklik, maar volgens Horsley (1996) is dit nie 'n totaal korrekte beskrywing nie. Elke pasgetroude paartjie is verbonde aan ten minste drie gesinne, naamlik hulle eie gesin en die twee gesinne van herkoms. Ekstra gesinne word verder bygevoeg as daar sprake is van hersaamgestelde gesinne. Die erkenning van die skoonfamilieverbinding is dus baie belangrik omdat persone voortdurend beïnvloed word deur hulle skoonfamilie, hetsy direk of indirek (Horsley, 1996). Carter en McGoldrick (soos aangehaal deur Horsley, 1996) het 'n sesfasegesinsiklus geformuleer. Hierdie fases is die volgende: die onverbonde jong volwassene, die huwelik van die paartjie waardeur twee gesinne van oorsprong saamgevoeg word, die gesin met jong kinders, die gesin met

adolescente, 'n fase waarin die kinders die huis verlaat en die gesin se latere lewe. Volgens Horsley (1996) vind die meeste aanpassing met betrekking tot die skoonfamilie tydens die tweede en derde fase plaas en dit is dikwels die eerste vyf jaar van die huwelikspaar se getroude lewe.

'n Belangrike faktor wat ook dikwels indirek 'n rol speel in skoonfamilieverhoudinge is elke huweliksmaat se gesin van oorsprong. Volgens Venter (1988) blyk dit dat 'n persoon se vroeëre kinderervaring 'n groot invloed uitoefen op 'n persoon se keuse van sy/haar huweliksmaat, en die aard van hul liefdesverhouding. Die klassieke literatuur aangaande intergeneratiewe verhoudings het sy oorsprong in die werke van Freud en Fairbairn (soos aangehaal deur Hansen, 1987). Meer hedendaagse skrywers soos Framo, Boszormenyi-Nagi, Bowen en Williamson (soos aangehaal deur Hansen, 1987) beklemtoon ook die belangrike invloed van die gesin van oorsprong. Alhoewel sekere skrywers verklaar dat die keuse van 'n huweliksmaat bloot toevallig is, is daar skrywers soos Leader (1975) en Boszormenyi-Nagi en Spark (1973) wat die observasie maak dat maat-seleksie dikwels plaasvind op grond van baie sterk redes, alhoewel die motivering moontlik nie op 'n bewuste of overte vlak plaasvind nie (Boszormenyi-Nagi & Spark, 1973). Daar is verskeie skrywers, onder andere Napier (1971) en Bowen (1976), wat ook die aanname volg dat die keuse van 'n huweliksmaat op onbewuste vlak plaasvind. Bowen (1976) kom tot die gevolgtrekking dat 'n persoon se keuse van 'n huweliksmaat direk beïnvloed word deur die mate waarin hy/sy homself differensieer as 'n afsonderlike individu in die emosionele sisteem van die kerngesin. Napier (1971) postuleer in sy bespreking dat die keuse van 'n huweliksmaat gekomplementeer word, weens die siening dat elke persoon 'n lewensmaat kies wie se gesin van oorsprong in 'n groot mate ooreenstem met sy/haar eie gesin. Persone is onbewustelik bang dat hulle dieselfde gesinspatrone sal dupliseer wat in hulle gesin van oorsprong teenwoordig was.

Om 'n skoondogter of -seun te wees, is moeilik (Horsley, 1996). Daar is verskeie faktore wat 'n rol kan speel in die ontstaan van konflik in skoonfamilieverhoudinge. Konflik ontstaan dikwels as gevolg van 'n gebrek aan die daarstelling van duidelike grense ten opsigte van die gesinne van oorsprong (Horsley, 1996). Nuwe lojaliteite en binding met 'n eggenoot word vergroot na aanleiding van die mate waartoe die individu emosioneel geskei is van die gesin van oorsprong. As die skeidingsproses nie voldoende plaasgevind het nie, is die grense swakker tussen die paartjie en die ouers en is daar verwydering tussen die huweliksmaats (Silverstein, 1990). 'n Verdere

faktor wat konflik kan veroorsaak in huwelike is lojaliteite teenoor die gesin van oorsprong. Alle huwelike is in 'n sekere mate belas met elke eggenoot/eggenote se onvereffende rekeninge van lojaliteit tot sy/haar gesin van oorsprong. Hierdie lojaliteite is dikwels 'n onherkende krag wat 'n definitiewe impak het op skoonfamilieverhoudinge (Horsley,1996).

Faktore wat ook dikwels konflik veroorsaak, is kompetisie, jaloesie en driehoekvorming. Kompetisie en jaloesie oor tyd, aandag, geld en affeksie kan maklik ontstaan tussen 'n eggenoot/eggenote en sy/haar skoonouers (Chasin et al. soos aangehaal deur Silverstein, 1990). Daar is verder ook druk om te voldoen aan die verwagting om 'n goeie skoondogter of skoonseun te wees. Gevoelens van ontoereikendheid kan kompetisie en jaloesie ten opsigte van die skoonouers vergroot. Volgens Boszormenyi-Nagi en Krasner, en Carter en McGoldrick (soos aangehaal deur Silverstein, 1990) is dit bloot natuurlik om nader te voel aan 'n persoon se eie gesin van oorsprong as aan die eggenoot se gesin van oorsprong. Die sogenaamde lojaliteitsdriehoek lei tot gevoelens van uitsluiting aan die kant van die ander eggenoot en dus tot jaloesie en kompetisie. Bowen (1976) is veral bekend vir sy teorie met betrekking tot driehoekvorming. Horsley (1996) het in haar terapie met huwelikspare bevind dat hierdie derde persoon tydens emosionele driehoekvorming dikwels 'n skoonouer is.

Dit wil voorkom uit die literatuur wat geraadpleeg is dat die skoonouers die lede van die skoonfamilie is wat die grootste invloed uitoefen op die huwelik. Die skoonmoeder word om verskeie redes dikwels gesien as die mees problematiese lid van die skoonfamilie. Jerrone (1994) beskou dit as 'n algemene reël dat die meeste spanning voorkom tussen die skoondogter en haar skoonma as gevolg van die vrou se rol ten opsigte van die gesinslewe. Eersgenoemde wil beheer uitoefen oor die organisasie van die huwelik en die nakomelinge, asook die kultuur van die huis. Die skoonma wil voortgaan met aktiewe ouerskap en die opvoeding van haar kleinkinders. Wanneer 'n seun se verhouding met sy ma ongesond was, of waar daar 'n tekort was in 'n sekere area, moet die vrou in sy lewe op haar hoede wees (Wright, 1994). Die verskillende tipes moeders wat druk op 'n huwelik kan plaas, as gevolg van die onbewuste invloed op die seun is die oorberskermende moeder, die moeder wat haarself as 'n deurmattjie beskikbaar stel, die afhanklike moeder, die versmorende moeder, die verwerpende en die mishandelende moeder, die moeder wat 'n martelaarsrol inneem, die kritiese moeder wat optree soos 'n diktator, en die

perfeksionistiese moeder (Wright, 1994).

Daar is ook teoretici wat aantoon dat skoonfamilieverhoudings verrykend kan inwerk op die lewens van jonggetroude pare. Volgens Horsley (1996) is dit die moeite werd om 'n suksesvolle skoonogter of -seun te wees. Skoonouers kan die gesinslewe verryk deur ondersteuning, vriendskap en leiding te verskaf (Silverstein, 1990).

Vanweë die oënskynlike belangrike invloed van die skoonfamilie - veral die skoonouers - op die huwelike van jonggetroude pare, en die gebrek aan navorsing in hierdie verband, is die navorsingsvraag wat aan die orde kom in hierdie navorsing die volgende: Wat is jonggetroude persone se beleving van die rol wat hulle skoonouers in hulle huweliksdinamika speel?

Die resultate van hierdie navorsing kan gebruik word vir die opstel van 'n voorhuweliks- of huweliksverrykingsprogram wat spesifiek gemik is op die hantering van probleme met betrekking tot die skoonouers.

1.2 DOELSTELLINGS

Die doelstellings van hierdie ondersoek is:

- om op grond van 'n indringende literatuurstudie 'n vraelys op te stel wat handel oor die rol van skoonouers in persone se huwelikslewe tydens die eerste vyf jaar van die huwelik, en
- om deur middel van 'n opnamestudie waarin die vraelys gebruik gaan word, jonggetroude persone se beleving van die rol van hulle skoonouers in hulle huweliksdinamiek te takseer.

1.3 HIPOTESE

Die hipotese word gestel dat jonggetroude persone beleef dat hulle skoonouers 'n rol speel in hulle huwelik.

1.4 VERLOOPSPLAN

In hoofstuk 2 word die rol van skoonouers op die huweliksdinamika van jonggetroude pare verken. Daar sal aandag geskenk word aan die rol van die gesin van oorsprong op 'n individu se vorming en latere lewe, asook sy/ haar keuse van 'n huweliksmaat en die aard van hulle liefdesverhouding. Vervolgens sal die faktore wat 'n rol kan speel in die ontstaan van konflik met betrekking tot skoonfamilieverhoudinge bespreek word. Die positiewe invloed van skoonouers op jonggetroude pare sal ook kortliks bespreek word.

In hoofstuk 3 word die empiriese ondersoek bespreek. Daar word aandag geskenk aan die navorsingsontwerp wat gebruik is, die seleksie en bespreking van die proefpersone, die meetinstrument wat toegepas is, die navorsingsprosedures wat gevolg is, en die wyse waarop die data geïnterpreteer is.

In hoofstuk 4 word gefokus op die resultate wat uit die ondersoek verkry is en die interpretasie en bespreking van hierdie resultate.

Hoofstuk 5 bestaan uit die gevolgtrekkings wat uit die resultate gemaak kan word, sekere leemtes in hierdie navorsingsprojek, en aanbevelings met die oog op toekomstige navorsing.

HOOFSTUK 2

LITERATUURSTUDIE

2.1 INLEIDING

Aangesien skoonfamilieverhoudinge 'n belangrike impak kan hê op die sukses of mislukking van 'n huwelik, is dit belangrik om hierdie verbintenis te erken en die onderliggende struktuur, funksionering en interaksionele patrone van paartjies en gesinne te verstaan.

Vir die doeleindes van hierdie ondersoek moet skoonfamilieverhoudings verken word vanaf die punt voordat 'n persoon trou en 'n lid van hierdie netwerk word, tot en met die eerste aantal jare van hulle huwelik.

Daar sal vervolgens in hierdie hoofstuk gelet word op die rol wat die gesin van oorsprong op 'n persoon se latere lewe kan uitoefen, die keuse van 'n huweliksmaat, faktore wat 'n rol kan speel in die ontstaan van konflik in skoonfamilieverhoudinge, en die positiewe invloed van skoonouers op die huweliksdinamika van jonggetroude pare.

2.2 DIE ROL VAN DIE GESIN VAN OORSPRONG

Hovestadt et al. (1985: 287) definieer die kinderdaegesin en die belangrikheid daarvan soos volg: "... the family in which a person has his/her beginnings, physiologically and emotionally. The impact of these premordial roots is deep and pervasive and continues to play an important role in the present". Williamson (soos aangehaal deur Hovestadt et al. 1985) beklemtoon ook die feit dat die gesin van oorsprong die individu vorm en voortgaan om 'n belangrike rol te speel in sy latere lewe. Relatief min mense is bewus van die mate waarin die onopgeloste doelwitte en probleme van die ouer- en grootouergeslagte hulle gedrag beïnvloed.

Talle ander teoretici beklemtoon ook die belang van 'n persoon se gesin van oorsprong en die intergeneriese invloede wat daaruit voorkom. Hierdie teoretici se aannames sal vervolgens bespreek word. Hansen (1987) verdeel die teoretici in die klassieke en hedendaagse groep. Freud en Fairbairn is skrywers vanuit die klassieke groep, terwyl Framo, Boszormenyi-Nagi, Bowen en Williamson meer hedendaagse skrywers is.

2.2.1 Klassieke perspektiewe

2.2.1.1 Freud

Die klassieke literatuur aangaande intergeneratiewe verhoudings het sy oorsprong in die werke van Freud (Hansen, 1987). Volgens Freud word gedrag hoofsaaklik gemotiveer vanuit die onbewuste of anders gestel, huidige gedrag berus op onbewustelike ervarings van die verlede (Möller, 1993). Hieruit vloei die beginsel van psigiese determinisme. Die fokus van Freud se werke sentreer rondom twee spesifieke kwessies: die meganistiese, biologiese motivering vir gedrag tydens spesifieke fases van psigoseksuele ontwikkeling en die statiese aard van vroeëre lewenservarings wat die persoonlikheid lewenslank beïnvloed op presies dieselfde wyse (Hall, soos aangehaal deur Hansen, 1987).

Persoonlikheid is volgens Freud (soos aangehaal deur Möller, 1993) die produk van die interaksie tussen sekere konstitusionele faktore en sekere omgewingsinvloede. Sy siening van die omgewingsinvloede op persoonlikheidsontwikkeling kom tot uiting in sy teorie oor die vroeëre lewensjare en die konstitusionele faktore verklaar hy na aanleiding van biologies bepaalde stadia waardeur die kind ontwikkel. Hierdie aspekte sal vervolgens afsonderlik bespreek word.

- *Omgewing: Die eerste lewensjare*

Uit die ondersoek van sy pasiënte het Freud onder die indruk gekom dat hulle vroeëre lewenservarings in die baba- of kinderjare geweldig belangrik is (Möller, 1993). Hy het daarvan oortuig geraak dat die volwassene se neurose sy beslag kry in die kinderjare. Hy het op grond hiervan tot die gevolgtrekking gekom dat die basiese struktuur van die persoonlikheid reeds tydens die eerste vyf, ses lewensjare vasgelê word en dat die belangrikste persoonlikheidsontwikkeling gedurende hierdie tydperk plaasvind. Verdere ontwikkeling is maar net 'n uitbouing van hierdie basiese patroon. Alle huidige gedrag van 'n persoon is dus 'n reaksie op die vroeëre kinderervarings wat veral verband hou met sy interaksie met sy ouers en hoe daar aan sy basiese behoeftes in daardie spesifieke stadium voldoen is. Die behoeftes wat tydens daardie stadium nie bevredig is nie, sal steeds 'n invloed hê op die gedragpatroon en die verhoudings van die latere volwassene. Dit bly egter onbewustelik. Möller (1993) gebruik die volgende voorbeeld

om die teorie te illustreer: 'n Sekere man is nie daarvan bewus dat sy verhoudingsprobleme met sy vrou uit sy afhanklikheid van en sy aggressie teenoor sy moeder spruit nie. Volgens Freud (soos aangehaal deur Möller, 1993: 46) is die neiging om die vroeëre lewenservarings en verhoudings op 'n later lewenstadium te herhaal ("repetition-compulsion principle"), 'n kragtige motiverende faktor, hoewel die persoon onbewus is van hierdie invloed op sy huidige gedrag. Die mens is dus byna 'n slagoffer van sy verlede.

- *Oorerwing: Psigoseksuele ontwikkelingstadia*

'n Persoon se eerste lewensjare is baie belangrik. Die konstitusionele faktor wat 'n rol in ontwikkeling speel, is bepaalde erogene liggaamsdele of liggaamsone, oftewel daar is konstitusionele disposisies waarvolgens 'n groter mate van id-bevrediging deur bepaalde liggaamsdele verskaf word. Sensitieweit ten opsigte van die verskillende liggaamsdele verskuif van een liggaamsdeel na 'n ander met toename in ouderdom, en die verskuiwing word biologies bepaal (Möller, 1993). Op grond hiervan onderskei Freud vyf psigoseksuele ontwikkelingstadia wat elkeen saamhang met 'n bepaalde erogene sone, naamlik: die orale stadium, die anale stadium, die falliese stadium, 'n latente periode en die genitale stadium.

Volgens Freud se teorie het die ervarings van die kind met sy omgewing, veral met sy ouers, gedurende elkeen van hierdie fases 'n belangrike invloed op sy toekomstige ontwikkeling. Sy uiteindelijke persoonlikheid is dus afhanklik van die interaksies en die mate van bevrediging en stimulering wat hy in elke fase kry. Bevrediging van die instinkte is belangrik omdat dit verband hou met fiksasies en regressies. Wanneer daar nie genoegsame bevrediging verkry is in 'n bepaalde stadium nie, is die kind as gevolg van angs en konflik nie in staat om na 'n volgende fase te beweeg nie en raak hy gefikseerd. As hy egter te veel bevrediging ontvang, is hy nie gemotiveerd genoeg om aan te beweeg na die volgende stadium nie en raak hy ook gefikseerd. Om dus suksesvol deur al die stadia te ontwikkel, sonder enige fiksasies, word 'n optimale mate van bevrediging van id-instinkte vereis gedurende elke fase. Persoonlikheidsontwikkeling en die uiteindelijke persoonlikheid is afhanklik van die mate waarin id-instinkte in die vroeë kinderjare bevredig is (Möller, 1993).

Freud (soos aangehaal deur Möller, 1993) meen dat bepaalde persoonlikheidstipes die resultaat is van gedeeltelike fiksasies tydens bepaalde ontwikkelingsfases. Fiksasie

tydens die orale fase kan later lei tot twee breë persoonlikheidstipes. Fiksasie as gevolg van deprivasie in hierdie fase kan lei tot 'n selfgesentreerde mens wat ander mense beoordeel slegs in terme van wat hy van hulle kan kry. Hierdie persoon is pessimisties en geneig tot vyandigheid, aggressiwiteit en sarkasme. Fiksasie as gevolg van oormatige bevrediging kan aan die ander kant lei tot 'n afhanklike, optimistiese tipe persoonlikheid. So 'n persoon is oortuig dat sy behoeftes tog altyd bevredig sal word. Fiksasie in die anale fase kan of die basis vorm vir alle vorme van vyandigheid en sadistiese gedrag, insluitend wreedheid, vernielsug en woedebuie of hardkoppigheid, suinigheid en 'n persoonlikheid wat sy sekuriteit in sy besittings vind (Möller, 1993).

Die belangrikste kenmerk van die falliese stadium is die ontwikkeling van die Oedipus-kompleks. Hiervolgens ontwikkel seuns 'n seksuele aangetrokkenheid tot die moeder, met jaloesie en vyandigheid teenoor die vader as mededinger. Sy vrees vir straf oor die verbode gevoelens veroorsaak dat hierdie 'n tydperk is van angs en konflik vir die seun. Die enigste manier waarop hy die konflik kan oplos, is deur die aangetrokkenheid teenoor sy moeder te verplaas met 'n meer aanvaarbare gevoel, naamlik identifikasie met die vader en sy manlike rol. Hy neem van sy vader se houdings en gedrag oor, maar veral van sy waardes en standaarde. Die oplossing van die Oedipus-kompleks het dus 'n groot invloed op sy persoonlikheidsontwikkeling en is ook van groot belang in die ontstaan van sy superego, omdat hy deur identifikasie die vader se waardes inkorporeer. By die dogter word daar soms na die Oedipus-kompleks verwys as die Elektra-kompleks en dit kom neer op sterk aangetrokkenheid teenoor die vader, alhoewel Freud nooit 'n volledige beskrywing hiervan gegee het nie (Möller, 1993). Indien hierdie komplekse nie bevredigend opgelos word nie, lei dit tot die falliese persoonlikheidstipe wat gekenmerk word deur sterk narsisme, behoeftes aan erkenning en waardering wat, as dit nie bevredig word nie, tot gevoelens van ontoereikendheid en minderwaardigheid aanleiding gee. Persone wat in hierdie kategorie val, het ook probleme met latere heteroseksuele verhoudings (Möller, 1993).

Tydens die volgende fase, die latente periode, word seksuele instinkte redelik onderdruk of gesublimeer in byvoorbeeld stokperdjies, sport en skoolaktiwiteite. Die ego en superego is reeds klaar gevorm. Die genitale stadium begin tydens puberteit en is die laaste ontwikkelingsfase. Die persoon is nou minder op homself ingestel en meer op ander. Die id-instinkte word gesublimeer in sosiaal aanvaarbare aktiwiteite, sodat hierdie 'n fase van veel minder konflik as die eerste drie is, tensy daar nie vroeëre fiksasies is wat na die genitale fase oorgedra is nie.

Freud se siening dat vroeëre lewenservarings 'n effek kan hê op individuele persoonlikheidsontwikkeling op 'n wyse wat hoofsaaklik staties en onveranderlik is, het gelei tot sy stellings aangaande fiksasie en vertraging in die ontwikkelingsproses. Sekere skrywers se kritiek oor Freud se teorie het gelei tot die meer hedendaagse opvatting van die dinamiese, sisteemgereguleerde verhoudings tussen gesinslede (Hansen, 1987). Die klassieke Freudiaanse teorie is verder gemodifiseer deur die neo-Freudiane, byvoorbeeld Sullivan, wat beklemtoon het dat daar veel meer faktore is wat in ag geneem moet word ten opsigte van die invloed van sosiale interaksie op individuele ontwikkeling. Die Freudiaanse tradisies het 'n groot bydrae gelewer tot die hedendaagse praktyke in individuele en sistematiese intervensies. Dit is die wortels vir die beginsels van die objek-relasieteorie, wat die volgende fase is in die ontwikkeling van die klassieke perspektiewe van intergeneratiewe gesinsterapie (Hansen, 1987).

2.2.1.2 Fairbairn

Fairbairn het veral gefokus op die effekte van gesinsinteraksies op individuele persoonlikheidsontwikkeling. Sy verskil met Freud se idees oor biologiese dryfvere en sy relatiewe nou siening van ouer-kindverhouding, het gelei tot Fairbairn se objek-relasieteorie van persoonlikheidsontwikkeling (Hansen, 1987).

Die objek-relasieteorie is geformuleer om die invloed van die sosiale sisteem op die intrapersoonlike lewe van die individu uit te wys. Dit stel ons in staat om die gebondenheid van die persoonlikheid met die kultuur te visualiseer. Op simplistiese vlak van konseptualisering, beklemtoon die objek-relasieperspektief die belangrikheid van ouerlike aanvaarding of verwerping van 'n kind se gedrag. Ouers is dus in die ware sin die "objekte" van die kind se affeksie en aandag (Mallouk, soos aangehaal deur Hansen, 1987). Volgens Fairbairn (Hansen, 1987) internaliseer die kind gesinsinteraksies, hetsy bevredigend of onbevredigend, wat as basis dien vir gedrag in sy/haar latere lewe. Hierdie ervarings of introjekte herinner die persoon aan die positiewe en negatiewe aspekte van die ouer-kindverhouding en dit beïnvloed die persoon se kognitiewe en affektiewe funksionering, sowel as sy persepsies van homself en van ander. Hierdie ouerlike introjekte is baie subjektief en bly 'n standvastige bloudruk waarvolgens gedrag plaasvind. Die kind se wyse van hantering van negatiewe introjekte (bv. deur ontkenning, projeksie, woede en onttrekking) word vinnig deel van sy persoonlikheid en sosiale interaksiestyl. In latere lewensituasies wat ooreenkom met

sekere vroeëre situasies waar negatiewe introjekte geïnternaliseer is, ervaar en tree die volwassene teenoor ander op dieselfde wyse (dit is die eggenoot en vriende) op, as wat hy sy ouer ervaar en teenoor hom/ haar opgetree het (Hansen, 1987).

Alhoewel sekere skrywers Fairbairn se idees geprys het deurdat hy weg beweeg het van die beperktheid van die Freudiaanse teorie, was ander skrywers egter ontevrede oor die beklemtoning van individuele ontwikkeling en die implikasie dat die individu nie los kan breek van die bande van 'n gedrag- of perseptuele styl wat in die vroeëre lewensjare gevorm is nie (Framo, 1981). Die permanensie van vroeëre introjekte plaas 'n skaduwee oor die kans van positiewe verandering vir verhoudings in 'n persoon se latere lewe. Teoretici wat die objek-relasiebenadering aangehang het, het geglo dat 'n individu vasgestelde patrone (introjekte) kan wysig deur die verwerking van traumas met behulp van 'n opgeleide professionele persoon in die afwesigheid van andere. Hulle het geglo dat hoop vir emosionele vryheid afkomstig is van veranderings in die individu wat dan bekend gestel moet word aan die belangrike andere. Die herkenning van die krag van die gesinsisteam was nie die basis van hierdie klassieke perspektiewe nie. By hierdie punt was dit duidelik dat terapeute wat 'n intergeneratiewe perspektief wou aanneem, by 'n kruispad gekom het. Hulle moes voortgaan saam met die huidige strominge, of hulle moes nuwe gedagtelyne en bygaande intervensies ontwikkel (Hansen, 1987).

Volgens Dicks (1967: 315) manifesteer die objek-relasieteorie die duidelikste binne die huweliksverhouding: "We literally hear at first hand how the two families of origin had transmitted the culture norms, and social prohibitions to the intra-personal world, how the culture norms 'got inside', how their cultures clash at the inter-face between the spouses." Dicks (1967) meld verder dat afhanklikheid in hierdie teorie 'n belangrike rol speel. Hy definieer dit as die verwerking van emosionele afhanklikheid wat die individu met sy of haar gesin van oorsprong het, en dat hierdie afhanklikheid binne die huidige huwelik verwerk moet word om 'n sukses daarvan te maak. Die rasionaal vir die verwerking van emosionele afhanklikheid is dat daar in die huidige huwelik 'n aantal onverwerkte spanning mag wees, as gevolg van objekte en rolmodelle wat in die gesin van oorsprong opgedoen is, en in die huidige verhouding geprojekteer word. Volgens L'Abate en McHenry (1983) noem Dicks en ander teoretici dit duidelik dat die huwelik die uiteindelijke volwasse ekwivalent is van die oorspronklike ouer-kindverhouding en dat huweliksmaats verdraagsaam moet wees teenoor die regressie wat by elkeen voorkom, sodat daar ruimte geskep kan word vir albei behoeftige klein ego's se ontsluiting in

gesamentlike afhanklikheid. Volgens Ryle (1979) kan 'n terapeut wat persone met bogenoemde probleme wil help die paar se interaksie verklaar deur die verskil tussen die verhouding waarna gestreef word en die huidige verhouding uit te wys. Die egpaar is waarskynlik onbewus van hul afhanklikheidsbehoefes, of van hul verwerping van mekaar.

Dit wil voorkom asof die objek-relasieteorie 'n natuurlike aansluiting vind by tradisionele psigoanalitiese huweliksterapie, met die klem op die wyse waarop objekte in die gesin van oorsprong die huidige verhouding beïnvloed.

2.2.2 Hedendaagse perspektiewe

Ten spyte van al die uiteenlopende oogpunte, het hedendaagse intergeneratiewe perspektiewe van gesinsterapie sekere ooreenstemmende kenmerke (Hansen, 1987). Die belangrikste kenmerk is die fokus op die aanhoudende invloed van die intergeneratiewe gesinsisteem. Terwyl vroeëre lewenservarings belangrik is, is huidige moeilikhede dinamies van aard, eerder as die statiese emosionele indrukke van lank gelede. 'n Tweede gemeenskaplike siening is die verskynsel dat verandering vergesel behoort te word deur gesinsintervensie, eerder as deur geïsoleerde individuele psigoterapie. Laastens stel hedendaagse perspektiewe oor intergeneratiewe gesinsterapie voor dat moeilikhede en disfunksies in verhoudings oor geslagte heen dikwels herhaal word in daaropvolgende intergeneratiewe verhoudings. Dit dra by tot die kompleksiteit en potensiële trauma in die toekoms van daardie gesinsisteem. Hierdie proses vermenigvuldig die probleme wat die nuwe geslagte moet hanteer, sowel as die moeilikhede wat terapeute mee te doen kry in die bekendstelling van die gewenste veranderings (Hansen, 1987).

2.2.2.1 Framo

Die benadering tot intergeneratiewe gesinsintervensie, soos voorgestel deur Framo, oorbrug op verskeie maniere die gaping tussen tradisionele psigoanalitiese modelle en die sistemiese ("systemic") modelle van terapie (Hansen, 1987: 5). Sy insluiting van gesinslede in terapie-sessies met adolessente, het vinnig sy hipoteses bevestig dat die gesinsisteem, veral die ouers, die sleutel is tot meer betekenisvolle behandeling en volgehoue sukses (Hansen, 1987). Framo (1979: 990) stel dit soos volg: "Seen in the

context of the family, heretofore incomprehensible symptoms of the patient became decoded and made sense.”

Volgens Framo (soos aangehaal deur Hansen, 1987) word hierdie prosesse in stand gehou deur die gesinsomgewing. Ervarings met betrekking tot die ouers in die gesin van oorsprong dien as basis vir diskordante gedragswyses van die kinders. Volgens Framo (1981) is die grootste geskenk wat 'n ouerpaar vir hulle kinders kan gee 'n lewensvatbare huweliksverhouding wat gebaseer is daarop dat elke ouer 'n sterk ervaring van die self het. Huwelikspare moet hulself bevry van die emosionele bande van hulle gesinne van oorsprong om sodoende die voorrang van hulle eie huweliksverhouding te bevestig. Hy beweer verder dat huweliksprobleme hoofsaaklik die uitwerking is van probleme wat die eggenote ondervind het in verhoudings met hulle gesinne van oorsprong (Framo, 1976).

2.2.2.2 Boszormenyi-Nagi

Boszormenyi-Nagi het gefokus op die dialektiese aard van interpersoonlike verhoudings oor en binne generatiewe grense (Hansen, 1987). Die natuurlike neiging van mense om interpersoonlike verhoudings te vorm met andere, veroorsaak dat hulle konsekwente patrone van interpersoonlike verhoudings ontwikkel en onderhou. Dialektiese interaksies het kenmerkende komplementêre elemente van superioriteit en inferioriteit in verhoudings tussen gesinslede. Byvoorbeeld, as 'n sekere lid van die gesin 'n inferieure rol (die sondebok) of 'n superieure rol ('n kind in die ouerrol) in die gesin het, beïnvloed dit sy/haar selfbeeld, sosiale verwagtinge, beroepskeuses en oneindig baie ander veranderlikes (Boszormenyi-Nagi & Spark, 1973). Komplementêre rolle wat in die kinderdae gevorm is, kan dien as die basis vir latere gedrag en verwagtinge. Volgens Boszormenyi-Nagi en Spark is dit 'n stryd vir volwassenes om die ou verhoudings te vervang met die nuwes. Die verhoudings met vroeëre belangrike persone moet deurgaans geïntegreer word met die betrokkenheid en verbintenis met huidige verhoudings, naamlik 'n persoon se eggenoot/eggenote en kinders. Hierdie stryd ontstaan vanuit onbewustelike motiverings of begeertes by individuele gesinslede. Boszormenyi-Nagi (soos aangehaal deur Hansen, 1987) het gespekuleer dat gesinslede die oomblikke van toegekende inferioriteit verwag sodat die oomblikke van toegekende superioriteit in die sisteem gebalanseer kan word en hulle dring dan aan op lojaliteit vanaf die ander gesinslede totdat die sodanige balans herstel is. Skuldgevoelens, woede en soortgelyke intense emosies gaan gepaard met hierdie verpligte lojaliteite.

Hierdie verpligte lojaliteite kan selfs strek oor twee of selfs drie generasies. 'n Ouer wat byvoorbeeld sekere opofferings maak vir sy/haar kind, kan moontlik dieselfde opofferings van die kind verwag wanneer hy/sy 'n volwassene is. Wanneer hierdie volwassene nie in staat is om aan die eise te voldoen nie, word die taak om die emosionele belegging te balanseer oorgedra aan die kleinkind(ers) in die sisteem. Die kleinkind(ers) kan aansienlike verwarring ervaar as gevolg hiervan (Hansen, 1987).

2.2.2.3 Bowen

Dit wil voorkom of Bowen se model van intergeneratiewe teorie en intervensie een van die mees ontwikkelde modelle is en tot dusver baie belangstelling ontvang het (Hansen, 1987).

Bowen het verskeie konsepte ontwikkel wat deurgaans in sy werke voorkom. Hierdie konsepte sal vervolgens kortliks verduidelik word.

- *Differensiasie van die self*

Differensiasie van die self is die konsep wat die basis vorm van Bowen se teorie. Die twee basiese diagnostiese aannames van Bowen (1976) se teorie is die graad van angs en die graad van integrasie van die self. Dit wil voorkom asof Bowen angs gelykstel met emosionele spanning, en indien hierdie angs chronies is, kan dit lei tot disfunksie by die individu. Volgens Bowen funksioneer mense óf vanuit 'n emosionele sisteem, óf vanuit 'n denksisteem. Die emosionele sisteem is 'n outonome sensustelaktiwiteit wat nie gefilter is deur kognitiewe prosessering nie, terwyl die denksisteem 'n rasionele prosessering van inligting is. Hierdie twee sisteme beheer gedrag en wanneer angs ontstaan, neig die twee sisteme om in so 'n mate te verenig/ saam te smelt dat die persoon dit ervaar as denke, terwyl dit inderwaarheid 'n verbale reaksie is op die emosionele sisteem (L'Abate & McHenry, 1983).

Bowen se konsep van fusie ("fusion") (Fogarty, 1976: 147) is verkry uit sy werk met moeders en hul skisofrene kinders. Die moeder-kindsimbiose is 'n emosionele tweerigtingsisteem tussen moeder en kind waarin elkeen deur en vir die ander lewe en waarbinne verantwoordelike individualiteit nie bestaan nie. Binne hierdie simbiotiese verhouding is die twee individue so met mekaar vervleg en versmelt dat hulle slegs gemaklik kan wees as hulle bymekaar is en daar geen sprake van langtermyn-

beplanning en doelwitbepaling is nie. Spanning ontstaan as een of albei persone angstig raak omdat daar so baie belê is in die verhouding en omdat dit so baie opoffering verg (Fogarty, 1976). Hierdie simbiotiese proses kan ook wyer uitkring na die res van die gesinsisteem, in welke geval Bowen dit nie meer simbiose noem nie, maar fusie. Bowen (1976) beskryf dat die laagste punt van die ekstreme in hierdie proses die geval is waar die emosies en intellek so versmelt is dat die individue se lewens gedomineer word deur die outomatiese emosionele sisteem.

Hierdie ondersoek na die fusie van die emosionele- en die denksisteem, het egter ook die teenoorgestelde van fusie, naamlik differensiasie van die self, aan die lig gebring. Die differensiasie van die self is die potensiaal van 'n individu om emosioneel gekontroleerd te wees. Dit behels dat die emosionele sisteem onder kontrole van die denksisteem is terwyl daar nog steeds binne die emosionele intensiteit van die gesin, of enige ander emosionele sisteem, gebly word. Dit behels, met ander woorde, in watter mate die individu in staat is om objektief te kan dink oor emosionele, sensitiewe sake binne die gesin of huwelik, terwyl hy of sy nog daarby betrokke is. Bowen (1976) is van mening dat persone wat 'n gedifferensieerde self het meer buigsaam, aanpasbaar en meer onafhanklik is van die emosionaliteit rondom hulle.

Volgens Bowen (soos aangehaal deur Levant, 1984: 103) is daar 'n teenstrydigheid in die mens deurdat daar 'n dryfkrag is na "togetherness", maar terselfdertyd ook 'n dryfkrag na "individuality". Die konsepte van die soliede self en van die pseudo self het voortgespruit uit hierdie teorie. Die soliede self is die gevolg van die dryfkrag na individualiteit en hoe meer van die soliede self daar is, hoe meer gedifferensieerd is die individu. Die soliede self word gevorm op die basis van lewenservarings wat in 'n stabiele verwysingsraamwerk geïntegreer word. Keuses word gemaak en besluite word geneem vanuit hierdie raamwerk. Die pseudo self ontstaan vanuit 'n onstabiele versameling van gelowe en clichés wat meebring dat 'n persoon toegee aan groepsdruk en dus aanvaar voel. Dit ontstaan as gevolg van die dryfkrag na "togetherness". Die konsepte van die soliede self en van die pseudo self vorm 'n brug tussen individualiteit en verhoudingsdinamika. Wanneer twee "pseudo-selves" (Levant, 1984: 103) saamsmelt tydens intimiteit, vorm 'n "we-ness" waarbinne die self verloën word ter wille van 'n ander self. Die persoon wie se self opgeoffer word, word benoem as die "adaptive" huweliksmaat, terwyl die ander een benoem word as die dominante huweliksmaat. Gesonde paartjies verwissel hierdie rolle (Levant, 1984: 103).

Fusie dui dus op onvolwassenheid, terwyl 'n gedifferensieerde self op die volwasse deel van 'n persoonlikheid dui (Bowen, 1976). Hierdie onvolwassenheid kan twee aspekte behels:

- die geval waar die fusie tussen die emosionele en denksisteem so erg is dat die emosionele sisteem in beheer is, wat lei tot rasionalisasie of intellektualisering om die onvolwassenheid te regverdig, of
- die geval waar fusie bloot dui op die gebrek aan grense en individualiteit tussen twee of meer individue, soos in die geval van simbiose (Singleton, 1982).

- *Emosionele sisteem van die nukleêre gesin*

'n Verdere konsep van Bowen (1976) is die emosionele sisteem van die nukleêre gesin. Dit dui op die emosionele funksioneringspatrone van 'n gesin in 'n enkele generasie. Sekere patrone tussen die vader, moeder en kinders is afdrukke van die vorige generasie en hierdie patrone sal hulself ook herhaal in die toekomstige generasies. Individue neig om met iemand te trou wat bykans dieselfde vlak van differensiasie bereik het as hulself, en die smelting van twee individue wat moontlik nie funksioneel gedifferensieerd is nie, kan dan op hierdie tydstip plaasvind. Hierdie smelting binne die huwelik skep die potensiaal vir die ontstaan van angs. Die emosionele sisteem van die kerngesin beskryf hoe spanning wat deur so 'n smelting veroorsaak word, binne die gesin verwerk word. Volgens Hansen en L'Abate (1982) word die spanning op drie maniere verwerk en is die volgende simptome merkbaar: huwelikskonflik, die verskyning van simptome in een huweliksmaat, of die soek van 'n sondebok. Singleton (1982) noem nog 'n vierde metode van spanningshantering, naamlik emosionele distansiëring. Hierdie metode of simptome is normaal in enige verhouding, solank dit nie te lank aanhou nie. Sodra die simptome staties word, word dit patologies.

- *Driehoekvorming*

Volgens Bowen (1976) is die enkele mees stabiele emosionele eenheid wat in 'n gesin voorkom 'n driehoek. Hy verklaar dit soos volg: wanneer daar simbiose of fusie tussen enige twee persone (of selfs groepe) bestaan, veroorsaak die fusie spanning of angs. Hierdie spanning word dan verlig deur 'n derde persoon tydelik by die oorspronklike simbiotiese verhouding te betrek, sodat hierdie persoon kant kan kies vir of teen een van die persone in die oorspronklike verhouding. Binne die huweliksverhouding sou dit beteken dat solank daar nie te veel spanning is nie, die verhouding stabiel is. Sodra die

fusie egter te veel raak, kan dit veroorsaak dat 'n derde persoon betrek word - dikwels 'n kind. Kerr en Bowen (soos aangehaal deur Horsley, 1996) meld dat individue wat nie gedifferensieer is van die gesin se emosionele sisteem nie, meer gemaklik voel in interaksies waar drie persone betrokke is. Die interaksionele driehoek wat gevorm word loop dikwels uit op die bedekking van konflik. Die persoon wat betrek word om die driehoek te vorm is nie noodwendig fisies teenwoordig nie, maar word ingesluit deur middel van verbale opmerkings. 'n Eenvoudige voorbeeld is ouers wat huweliksprobleme het en hulle kind gebruik om 'n driehoek te vorm deur eerder op sy probleme te fokus as op hulle eie. Die spanning word versprei vanaf die tweetal na die drietal. Wanneer die kind se probleme aangespreek en hanteer word, voel die ouers dat hulle wel iets bereik het, maar inderwaarheid word die onderliggende huweliksprobleme nie aangespreek nie. Die oorspronklike probleem word dus nooit opgelos nie.

Daar kom dikwels meer as een driehoek voor in 'n gesinsisteem. Gesinsdriehoeke strek oor twee of drie generasies wat dikwels lei tot afguns, woede of emosionele onttrekking. Bowen stel dit dat hierdie emosies besonders sigbaar word wanneer 'n individu wat in 'n driehoek betrokke was met sy/haar ouers of broers of susters in die gesin van oorsprong en dan later in 'n driehoek betrokke raak met 'n huweliksmaat of 'n kind van sy eie nukleêre gesin. Die atmosfeer waarin hierdie interverwante driehoeke voorkom, is die bogenoemde emosionele sisteem van die nukleêre gesin en die proses waardeur die herhaling voorkom, is bekend as die multigeneratiewe transmissieproses wat later verduidelik word.

- *Gesinsprojeksieproseses*

Die gesinsprojeksieproses is die proses waardeur die ongedifferensieerdheid van die ouers oorgedra word op een of meer van die kinders binne 'n vader-moeder-kind-driehoek (Bowen, 1976). Die patrone van hierdie driehoeksvorming kan wissel. So 'n driehoek word gevorm weens spanning tussen die ouers. Wat kan gebeur, is dat die pa wat gewoonlik passief, swak of verwyderd genoem word die konflik wat tussen hom en die ma bestaan, kan verskuif na die moeder en die kind. Die moeder wat dikwels aggressief, kastrerend en dominerend is oorheers die kind wat op sy/haar beurt 'n stap nader beweeg aan gebrek aan individualiteit (Bowen, 1976). Volgens Bowen herhaal hierdie spel (gesinsprojeksieproses) homself vir jare. Volgens Singleton (1982) is die uiteinde hiervan dat die moeder al hoe meer aandag aan die kind gee, wat op sy/haar

beurt al hoe meer angstig en infantiel optree. 'n Siklus word dus geskep wat uiteindelik psigose by die kind kan veroorsaak indien hy/ sy poog om uit die driehoek te kom. Dit kan dus gestel word dat die gesinsprojeksieproses die oordra van ongedifferensieerdheid aan die kind deur die ouers is.

- *Multigenerasieoordragproses*

Die gesinsprojeksieproses kan veroorsaak dat die kinders dieselfde mate van differensiasie, of 'n laer differensiasievlak as die ouers bereik. Die teenoorgestelde is ook egter waar, dat indien daar minder spanning in die gesin teenwoordig is en die ouers op 'n relatiewe hoë vlak funksioneer, die kinders meer gedifferensieerd kan wees as die ouers. Hierdie proses word van geslag tot geslag oorgedra en word die multigenerasieoordragproses genoem. Singleton (1982) is van mening dat dit binne 'n groot gesinsisteem moontlik is dat daar op 'n gegewe tydstip persone kan wees wat sowel opwaarts as afwaarts beweeg op die skaal van funksionering. Dit sal afhang van die mate van spanning tussen die ouers.

- *Emosionele afsnyding*

Emosionele afsnyding verwys na die graad van emosionele distansiëring tussen 'n persoon self en sy/haar ouers, hetsy deur geografiese skeiding of psigologiese verdedigingsgrense. Die graad van emosionele distansiëring wat kan voorkom, hang van die graad van onopgeloste verbintnisse af, of fusie, met betrekking tot 'n persoon se ouers (Levant, 1984). Volgens Singleton (1982) en Bowen (1976) het alle mense 'n sekere graad van onopgeloste emosionele betrokkenheid met die vorige generasie of met hulle ouers. Hierdie konsep werk op die beginsel dat hoe laer die vlak van differensiasie is, hoe meer intens sal die onopgeloste betrokkenheid wees. Die onopgeloste betrokkenheid is die gevolg van fusie wat nooit deur 'n korrekte differensiasie hanteer is nie.

Hierdie afsnyding kan geskied terwyl daar nog steeds met die ouers kontak gehou word, of daar kan fisies van die ouers onttrek word. Singleton (1982) meld dat die patroon van afsnyding nie saak maak nie, maar dat dit belangrik is dat die persoon na emosionele nabyheid soek, en tog allergies is daarvoor.

Beide Bowen (1976) en Singleton (1982) meen dat die persoon wat nie fisiek onttrek nie, steeds afhanklik van die ouers bly en psigiese of somatiese simptome kan toon, terwyl die individu wat fisiek onttrek van sy ouers geneig is om baie impulsief op te tree en nooit in staat is om te kom tot volwaardige differensiasie nie.

Die doel van terapie volgens diegene wat Bowen se deeglike en uitgebreide model van intergeneratiewe gesinsfunksionering aanvaar, is eenvoudig: die losbreking van multigeneratiewe invloede wat selfdifferensiasie verhoed (Hansen, 1987).

2.2.2.4 Williamson

Williamson het 'n groot bydrae gelewer tot die intergeneratiewe perspektiewe met sy konsep van persoonlike outoriteit in die gesinsisteem (Hansen, 1987). Volgens hierdie model het elke gesin 'n intergeneratiewe hiërargie en word hierdie hiërargie vir 'n onbepaalde tydperk in stand gehou deur sistemiese veerkragtigheid ("resilience") (Williamson, soos aangehaal deur Hansen, 1987: 8). Die hiërargie wys die posisie van inferioriteit aan vir die nakomelinge, asook hulle submissie of onderdanigheid teenoor die lede in superieure posisies om sodoende die balans in die gesinsisteem te handhaaf. Volgens Williamson (soos aangehaal deur Hansen, 1987) verskaf hierdie hiërargiese grense noodsaaklike strukture ten opsigte van besluitneming, dissipline, versorging en soortgelyke ouerlike aktiwiteite vir kinders en adolessente in die sisteem. Adolessente en jong volwassenes wat in die proses is om outonomie te verkry van die gesin van oorsprong word losgemaak van die oorspronklike hiërargie sodat 'n nuwe hiërargie kan vorm. Die eliminerings van intergeneratiewe hiërargiese grense en die geassosieerde superieure-inferieure verhoudings, word 'n belangrike fase van persoonlike en sistemiese ontwikkeling. Williamson (soos aangehaal deur Hansen, 1987) stel dat volwassenes 'n sogenaamde 'synsgelyke' verhouding met hulle ouers moet ontwikkel om sodoende outonomie en intimiteit met betrekking tot gesinslede te ontwikkel. As 'n gelyke verhouding nie gevorm word nie, kan verhoudings met die gesin van oorsprong gebaseer wees op intimidasie en vrees vir die verlies aan emosionele ondersteuning. Verstrikking in 'n web van moeilikhede met betrekking tot die gesin van oorsprong kan persoonlike groei en eerlike intimiteit in die gesinsisteem belemmer.

2.2.3 Slotopmerkings

Talle outeurs beklemtoon die belang van 'n individu se gesin van oorsprong op sy/haar psigologiese en emosionele ontwikkeling asook dat die invloede van die gesin van oorsprong voortgaan om 'n belangrike rol te speel in sy/haar latere lewe. Hierdie invloede word selfs deurgevoer na die persoon se huwelikslewe. Alhoewel Freud beskryf dat bepaalde persoonlikheidstipes die resultaat is van fiksasie tydens bepaalde ontwikkelingsfases, verwys hy nie spesifiek na die invloed van hierdie fiksasie op 'n persoon se huwelik nie. Fairbairn se objek-relasieteorie verwys ook nie pertinent na die effekte van gesinsinteraksies in die nukleêre gesin op 'n persoon se huwelik nie. Framo is 'n meer hedendaagse skrywer wie se benadering tot intergeneratiewe gesinsintervensie uitgebrei word tot in 'n persoon se huwelik, aangesien hy postuleer dat huweliksprobleme hoofsaaklik die uitwerking is van probleme wat die huweliksmaats ondervind het in verhoudings met hulle onderskeie gesinne van oorsprong. Skrywers soos Boszormenyi-Nagi en Spark, Bowen en Williamson integreer ook persone se gedrag in huidige verhoudings, byvoorbeeld hulle huwelik, met verhoudings met vroeëre belangrike persone. Selfs in die huwelik kan 'n persoon hom/haar nie volkome bevry van die invloed van die gesin van oorsprong op sy/haar persoonlikheid nie.

2.3 DIE KEUSE VAN 'N HUWELIKSMAAT

Alhoewel sekere skrywers verklaar dat die keuse van 'n huweliksmaat bloot toevallig is, is daar skrywers soos Leader (1975) en Boszormenyi-Nagi en Spark (1973) wat die observasie maak dat huweliksmaatseleksie dikwels plaasvind op grond van baie sterk redes, alhoewel die motivering moontlik nie op 'n bewuste of owerde vlak plaasvind nie. Die persoon is dalk opsoek na die toepaslike skoonfamilie, naamlik diegene wat voldoen aan die persoon se verwagtinge van hoe 'n lid van die skoonfamilie behoort te wees, of die persoon kan probeer om die gesin van oorsprong te dupliseer, of te kontrasteer. Soos dit sal blyk uit die onderstaande bespreking is daar talle ander teoretici wat ook aanvoer dat daar spesifieke faktore kan wees wat 'n rol speel in maatseleksie.

Vervolgens gaan die beskouings van verskeie teoretici oor watter faktore moontlik betrokke is by die keuse van 'n huweliksmaat beskrywe word. Hier sal verwys word na die beskouings van Freud, Napier en Gurman, Bowen, Apter, Silverstein en Horsley.

2.3.1 Freud

Soos dit reeds genoem is, beklemtoon Freud nie pertinent die invloed van 'n persoon se vroeëre ontwikkeling op sy/haar huwelik nie. Die afleiding kan gemaak word dat gebeure met betrekking tot die gesin van oorsprong 'n baie belangrike invloed het op 'n persoon se huwelik in sy/haar latere lewe. Die verhouding tussen 'n man en vrou kan in verband gebring word met die ouer-kindverhouding. Die siening wat ontstaan het in die vyftigerjare met die popularisering van Freud se werk oor die Oedipus-kompleks, is dat mans trou met vroue wat ooreenstem met hulle moeders en dat vrouens trou met mans wat ooreenstem met hulle vaders (Apter, 1986).

Soos vroeër genoem (vergelyk 2.2.1.1) het Freud in sy teorie gepostuleer dat 'n seun op ongeveer die ouderdom van drie tot vyf jaar sy moeder begin sien as seksueel begeerlik. As gevolg hiervan begin hy sy vader haat as 'n teenstander, maar terselfdertyd kyk hy op na hom en probeer om met hom te identifiseer, aangesien sy vader die vrou besit wat hy seksueel begeer, en omdat sy vader oor die genitale toerusting beskik wat hy nie het nie en omdat hy bang is dat sy vader hom op 'n vreeslike manier sal straf (volgens Freud was die primêre vrees die vrees vir kastrasie) (Apter, 1986). Die seun beskerm homself deur sy romantiese liefde vir sy moeder te onderdruk en poog om so veel as moontlik soos sy vader te wees. As 'n volwassene kies hy dan 'n vrou wat baie ooreenkomste het met sy moeder of wat haar verteenwoordig. Die verhaal van die dogter se romantiese aantrekking het ongeveer dieselfde uiteinde, alhoewel dit ietwat meer gekompliseerd is aangesien haar eerste aantrekking ook tot die moeder was, wie sy verwerp het met die ontdekking dat sy nie 'n penis het nie, misvorm is en hierdie gebrek oorgedra het na haar. Die jong dogter ervaar skaamte, walging en woede, en wend haar na haar vader wat haar kan voorsien van 'n penis om anatomiese voltooiing teweeg te bring. Hierdie begeerte kan ook nie vervul word nie, omdat sy nie gemeenskap kan hê met haar vader nie en as gevolg van haar liefde en lojaliteit vir haar moeder. Sy identifiseer dus met haar moeder en probeer om so veel as moontlik soos sy te wees. Sy kies dan 'n huweliksmaat wat haar vader verteenwoordig - haar eerste manlike romantiese figuur (Apter, 1986).

Mense soek soms na hulle vader of moeder in 'n eggenoot. Die huweliksmaats kan mettertyd begin om mekaar te haat, omdat die persoon nie die ouer is, of kan wees nie. As iemand 'n eggenoot sien as 'n ouer, kan die satisfaksie van seksuele begeerte vir die eggenoot/ouer baie skuldgevoelens en angs veroorsaak. Die persoon voel skuldig om

gemeenskap met die eggenoot te hê, aangesien dit voel of hy/sy gemeenskap met die ouer het (Apter, 1986).

2.3.2 Napier en Gurman

Napier (1971) postuleer in sy bespreking van die komplementariteit vir die keuse van 'n huweliksmaat dat elke persoon 'n lewensmaat kies wie se gesin van oorsprong ondersteunend is tot sy eie gesin. Persone is onbewustelik bang dat hulle dieselfde gesinspatrone sal dupliseer wat in hulle gesin van oorsprong was. Daarom kies hulle 'n lewensmaat wie se gesin komplementêr is tot die van hul eie, veral in die areas waarmee hulle ontevrede was in hulle eie gesin. Daar word onbewustelik aanvaar dat die lewensmaat se gesinsmodel hierdie neiging om die eie gesinsmodel te dupliseer, sal teenwerk.

Die doel van die onbewuste kontrak tussen twee persone om mekaar se geprojekteerde behoeftes te aanvaar en uit te leef, word volgens Gurman (1978: 452) beskou as "to 'see' the partner as the partner needs to 'see' himself". Volgens Gurman (1978) is dit ironies dat hierdie keuse van 'n komplementêre lewensmaat uiteindelik kan lei tot groot konflik in die huwelik. Na die wittebroodsdae sien die paartjie mekaar nie meer deur die distorte persepsie van hulle eie behoeftes nie, maar besef hulle die volle realiteit van wie sy/haar lewensmaat werklik is. Konflik kan ook ontwikkel as die onbewuste verwagtinge van die lewensmaat totaal onrealisties is.

2.3.3 Bowen

Soos vroeër genoem (vergelyk 2.2.2.3) kom Bowen (1976) tot die gevolgtrekking dat 'n persoon se keuse van 'n huweliksmaat direk beïnvloed word deur die mate waarin hy homself differensieer as 'n afsonderlike individu in die emosionele sisteem van die kerngesin. Hy verwys na die konsep van die emosionele sisteem van die kerngesin wat dui op die emosionele funksioneringspatrone van 'n gesin in 'n enkele generasie. Sekere patrone tussen die vader, moeder en kinders is afdrukke van die vorige generasie en hierdie patrone sal hulself ook herhaal in die toekomstige generasies. Individue neig om met iemand te trou wat bykans dieselfde vlak van differensiasie bereik het as hulself. Fusie van twee individue wat moontlik nie funksioneel gedifferensieerd is nie, kan dan op hierdie tydstip plaasvind. Hierdie fusie binne die huwelik skep die

potensiaal vir die ontstaan van angs wat uiteraard weer kan lei tot allerlei problematiek, soos wat vroeër bespreek is (vergelyk 2.2.2.3).

2.3.4 Apter

Apter (1986) bespreek drie vlakke waarvolgens die keuse van 'n huweliksmaat plaasvind, naamlik op sosiale vlak, die waardering van mekaar se persoonlike, unieke kwaliteite en op 'n onbewuste vlak.

Apter (1986) verwys eerstens na die sosiale vlak as riglyn vir die keuse van 'n huweliksmaat. Sosiale klas, opvoeding, godsdiens, inkomste en ras speel dikwels 'n baie belangrike rol ten opsigte van die keuse van 'n huweliksmaat, alhoewel alle mense nie ewe veel klem plaas op die belangrikheid van hierdie faktore nie. Sommiges glo vas dat huwelike tussen persone in dieselfde sosiale klas baie minder probleme het. Ander persone roem daarop dat sosiale ooreenstemming nie belangrik is nie, omdat liefde seëvier bo alles, of omdat hulle rebelleer teen, of wil ontsnap van hulle eie sosiale agtergrond (Apter, 1986).

Die tweede vlak wat 'n belangrike rol speel ten opsigte van maatseleksie is fisieke aantreklikheid, bepaalde persoonlikheidseienskappe, gedeelde belangstellings en ideale en ambisies. Hierdie is die bewuste vlak van keuse. Mense voel in beheer van hierdie faktore, weeg die voordele en die nadele teen mekaar op om 'n perfekte pasmaat te kry, kies tussen een moontlike maat en 'n ander, besluit wanneer die tyd ryp is om die risiko te neem of nie, en om 'n verbintenis te maak of nie. Tog kies ons nie 'n lewensmaat soos wat ons 'n vriend kies nie, en 'n huweliksmaat is nie bloot 'n vriend wat ons aantreklik vind nie (Apter, 1986).

Die derde vlak van maatseleksie is volgens Apter (1986) die ware rasionaal van besluitneming. Hierdie vlak sluit faktore in waarvan die persoon dikwels onbewus is. Alhoewel persone bewus is van eienskappe op die eerste en tweede vlak, is hulle ook besig om kwaliteite te ondersoek waarvan hulle nie eers bewus is nie of waaraan hulle nie eers dink nie. Keuses word beïnvloed deur onbewuste behoeftes en begeertes. Volgens Pincus en Dare (1978) is dit verrassend om te sien met watter akkuraatheid die onbewuste keuse gedoen word. Volgens 'n pionier huweliksterapeut, Henry Dicks (soos aangehaal deur Apter, 1986), is daar sterk bewyse dat huweliksverhoudings die veld is van die manifestasie van onopgeloste vroeëre objekrelasies. Dit beteken dat persone

van hulle huweliksmaats verwag om dieselfde bevrediging te verskaf as wat hulle in vroeëre verhoudings ervaar het en wat hulle nie wil opgee nie, of dat hulle vir kompensasië soek vir behoeftes waaraan nie voldoen is in vroeëre verhoudings nie.

Elke huweliksmaat het grootgeword in 'n gesin, en in hierdie gesin het daar 'n lang en deeglike opleiding plaasgevind ten opsigte van die implisiete en eksplisiete reëls in die hantering van mense. Die paartjie moet langtermynverwagtinge met betrekking tot hierdie reëls verenig, en die kwessie raak verwarrend wanneer hierdie verwagtinge nie ooreenstem met bewuste behoeftes en verwagtinge nie. Wanneer die eggenoot/eggenote, wat in 'n verskillende gesinsopset opgelei is, nie perfek inpas by hierdie verwagtinge nie, is die skoonfamilie skuldig.

Daar word dikwels gesê dat teenoorgesteldes mekaar aantrek en dat mense na iemand soek wat uit 'n verskillende gesin kom. 'n Huweliksmaat is die ander huweliksmaat se komplement. Persone kies iemand wat oor die kwaliteite, kenmerke en deugsamehede beskik waarin hulle te kort skiet. 'n Dominerende persoon kies byvoorbeeld dikwels iemand wat meer toegeeflik is (Apter, 1986). Persone komplementeer mekaar in 'n huwelik ten opsigte van hulle onderskeie persoonlikheidseienskappe en vul dus die leemtes in mekaar se persoonlikhede aan.

Daar word ook beweer dat persone met iemand trou wat soortgelyke kinderdae-ervaringe het - mense kies dus iemand wat op dieselfde vlak van psigologiese ontwikkeling is. Persone neig om te trou met 'n persoon met dieselfde onderliggende emosies, alhoewel hulle moontlik verskillende verdedigingsmeganismes teen ongewenste emosies ontwikkel het.

Volgens Apter (1986) is die nuutste teorie wat aangehang word deur huweliksterapeute dat mense trou met persone met dieselfde gesinsagtergrond as hulleself. Inligting oor 'n persoon se ontwikkeling is reeds beskikbaar tydens die eerste ontmoeting, naamlik in die houding, gesigsuitdrukkinge en op die wyse waarop oogkontak gemaak, of vermy word. Meer inligting kom aan die lig tydens verdere ontmoetings en gesprekke. Mense leer vinnig watter emosies word toegelaat om uit te druk, watter emosies word hanteer deur gekseerdery en watter moet liefsvriendelik word.

As daar deeglik gekyk word na die basis waarop maatseleksie plaasvind, sal 'n beter begrip verkry word van waarom die skoonfamilie se eienaardighede so irriterend is en

mense so kwaad maak. Alhoewel persone dikwels goed daartoe in staat is om die meeste mense se verskillende eienskappe te kan verdra, is weinig persone goed daarmee om die skoonfamilie se verskille te verdra. 'n Huweliksmaat is moontlik gekies op die basis van 'n ooreenstemmende gesinsagtergrond. Tog word daar keer op keer ontdek dat die skoonfamilie se geskiedenis al hoe meer verskil van die nuwe aangetroude seun of dogter s'n. Die nuwe eggenoot/eggenote kan dan voel dat of hy/sy gekul is en dat die verkeerde keuse gemaak is (Apter, 1986).

2.3.5 Silverstein

Silverstein (1990) wys daarop dat persone dikwels teleurgestel word deur hulle verwagtinge van die skoonfamilie. Hulle hoop dikwels om 'n nuwe en beter gesin as die gesin van oorsprong te kry as hulle in die huwelik tree. Die skoonfamilie het ander probleme, alhoewel daar altyd probleme en teleurstellings is. Dit is amper 'n onvermydelike, universele moeilikheid in 'n huwelik dat 'n persoon ontnugter word ten opsigte van sy maat, aangesien persone dikwels blind is vir mekaar se foute en mislukkings. Persone ontdek dikwels eers later die skoonfamilie se foute en tekortkominge. In dieselfde mate waarin 'n persoon se gesin van oorsprong voorsien het in 'n ongelukkige ervaring, is die hoop groter vir 'n nuwe positiewe familie en is die teleurstelling dus soveel groter. Groter idealisme lei tot groter teleurstelling (Silverstein, 1990).

2.3.6 Horsley

Horsley (1996) verwys na eie waarnemings tydens terapie, asook die werke van Leader (1975), Boszormenyi-Nagi en Spark (1973) om maatselksie te verduidelik. Horsley (1996) vereenselwig haarself met die volgende aannames van Leader oor die moontlike redes vir skoonfamilieseleksie.

- *Aansluiting by 'n gelukkige gesinslewe in die verlede:* "I feel lucky finding someone who also has a wonderful family." (Horsley, 1996: 48.)
- *Verskaf liefde en ondersteuning wat nie ondervind is in die gesin van oorsprong nie:* "My mother died when I was three – it's nice to be part of a warm family." (Horsley, 1996: 48.)

- *Verhoog sosiale status en ontvang finansiële ondersteuning: "Mom always told me 'It's as easy to marry a rich man as a poor man'." (Horsley, 1996: 48.)*
- *Ondersteun vorige gelowe aangaande 'n koue en verwerpende wêreld – herhalende ouers: "What's the difference – one family is as good as another and people are all out for themselves." (Horsley, 1996: 48.)*

Horsley (1996) het ook bevind dat persone soms trou om die gesin van oorsprong te herskep, of om 'n verlore geliefde te vervang. Persone trou ook soms om aan 'n groep te behoort. 'n Persoon kan ook sterk en nodig voel wanneer hy sy maat moet help om haar moeilikhede met betrekking tot haar gesin van oorsprong te hanteer.

2.3.7 Slotopmerkings

Maatseleksie vind na aanleiding van verskeie faktore plaas. 'n Persoon kan 'n huweliksmaat kies op grond van 'n bewuste vlak, byvoorbeeld na aanleiding van ooreenkomste op sosiale vlak en waardering van mekaar se persoonlike eienskappe. Dit wil ook voorkom uit die bespreking dat 'n persoon se keuse van 'n huweliksmaat dikwels op 'n onbewustelike vlak voorkom. 'n Persoon kies dus onbewustelik 'n lewensmaat wat hom/haar komplementeer en wat onbewustelik bereid is om die geprojekteerde behoeftes van die persoon te aanvaar en uit te leef of gedeeltelik uit te leef.

2.4 FAKTORE WAT 'N ROL KAN SPEEL IN DIE ONTSTAAN VAN KONFLIK IN SKOONFAMILIEVERHOUDINGE

Benewens die feit dat persone se gesinne van oorsprong en hulle keuse van 'n huweliksmaat kan lei tot probleme in jonggetroudes se huwelike en verhoudinge met die skoonfamilie, is daar ook talle ander faktore wat kan lei tot probleme met die skoonfamilie.

Tipiese probleme wat verband hou met die skoonfamilie sluit onder andere die volgende in:

- die huweliksmaats het nie aanvanklike toestemming verkry om te trou nie;

- die skoonouers se keuse van 'n huweliksmaat vir hulle kind verskil van die kind se keuse;
- lojaliteit teenoor die gesin van oorsprong;
- 'n gebrek aan die daarstelling van duidelike grense ten opsigte van die gesinne van oorsprong;
- kompetisie, jaloesie en driehoekvorming;
- die moeder se rol in die huweliksverhouding van haar kind;
- die vader se rol in die huweliksverhouding van sy kind;
- oordrag;
- projeksie;
- persoonlikheidsverskille, en
- die geboorte van kleinkinders.

2.4.1. Toestemming om te trou

Die gebruik om "ouers te vra" kan deur sekere mense as oudmodies beskou word, maar Horsley (1996) argumenteer dat 'n paartjie 'n huwelik moet begin met soveel as moontlik positiewe aspekte wat die huwelik kan bevoordeel, en toestemming om te trou is 'n aspek wat dikwels oorgesien word. Horsley (1996) voer aan dat dit 'n algemene verskynsel is dat paartjies met huweliksprobleme wat by haar aanklop vir terapie, dikwels nie toestemming gevra het om te trou nie - hetsy eksplisiet of implisiet. Dit is immers toestemmig om 'n ander persoon in die familie op te neem. Stellings soos: "Ons het gesê hulle is te jonk" of "Ons het haar gewaarsku" word dikwels gehoor (Horsley, 1996: 36).

Stanton (soos aangehaal deur Horsley, 1996) postuleer op grond van sy navorsing dat 80% van die paartjies met mislukte huwelike nie aanvanklik toestemming ontvang het om te trou nie. Daar is dus 'n hoë korrelasie tussen huweliksprobleme en die toestemming om te trou. Na aanleiding van Duvall (soos aangehaal deur Horsley, 1996) se studie was daar algemene eenstemmigheid oor die verskynsel dat 'n jong man of vrou meer moeilikhede te wagte kan wees as een of meer van die ouers die huwelik afkeur, as wat albei pare ouers hulle seënwense vir die huwelik gee. Duvall het ook bevind dat hoe jonger die paartjie is, hoe meer ouerlike inmenging kan hulle te wagte wees. Op grond van Duvall se navorsing kan dus voorgestel word dat aanvanklike toestemming om te trou moontlik 'n voorspeller is van goeie skoonfamilieverhoudings tydens die huwelik en dat voorlopige teenkating deur ouers moontlik probleme met die

skoonfamilie kan voorspel. Eksplisiete, sowel as implisiete toestemming om te trou kan 'n paartjie reeds voor die huwelik help om probleme met toekomstige skoonouers op te los. As 'n skoonouer nie toestemming wil gee vir die huwelik nie, weet die paartjie ten minste waar hulle staan en is die verskille duidelik vir die betrokke persone (Horsley, 1996).

Dit is te verstane dat ouers hulle ervarings met hulle kinders wil deel om hulle sodoende te help om vir hulleself beter lewens en huwelike te skep as wat hulle ouers gehad het. Hulle pogings om hulle kinders te help om die regte huwelik te vorm is sommige ouers se manier om hulle eie fantasieë te herleef oor hoe hulle eie lewens veronderstel was om te wees. Sekere ouers herleef hulle teleurstellings en woede deur te betrokke by hulle kinders se verhoudings te raak (Horsley, 1996).

Daar is verskeie faktore wat die skoonouers se goedkeuring of afkeuring van die keuse van 'n huweliksmaat kan beïnvloed, en hierdie faktore is hoofsaaklik gebaseer op vroeëre verwagtinge van huweliksverhoudings. Horsley (1996) se kliniese ervaring is dat die belangrikste kwessies wat verband hou met die keuse van 'n huweliksmaat en die goedkeuring of teenkanting teenoor die nuwe lid van die familie, verwant aan ouderdom, opvoeding, sosio-ekonomiese status, religie en kultureel-etniese veranderinge.

Baie ouers voel dat hulle kinders nog nie oud genoeg is om te trou nie. Hierdie reaksie hou dikwels verband met die ouderdom van die ouers toe hulle getroud is, en die kinders ervaar gewoonlik hierdie tipe teenkanting wanneer hulle jonger is as wat die ouers was toe hulle getroud is. Ouers maak dikwels ook stellings soos: "Ek was te jonk toe ek getroud is; ek moes na my ouers geluister het," of "As ek toe geweet het wat ek vandag weet, sou ek nooit so vroeg getrou het nie." (Horsley, 1996: 40.)

Opvoeding kan ook 'n kwessie word vir die ouers. Die potensiële skoonouers kan besluit dat hulle kinders eers hulle naskoolse opleiding moet voltooi voordat hulle kan trou, en hulle kan dit selfs as 'n vereiste stel voordat hulle toestemming gee vir 'n huwelik. As die kinders wel besluit om te trou voordat hulle grade toegeken is, kan die huwelik 'n ergernis word vir beide stelle ouers. Sommige skoonpa's dring aan daarop dat die voornemende skoonseun presies moet verduidelik hoe hy vir sy dogter gaan sorg (Horsley, 1996).

Gesinswaardes verskil ten opsigte van opvoeding. Vooruitstrewende ouers kan wonder wat die skoonkind gaan doen om meer naskoolse opleiding te bekom, terwyl ander ouers bedreig kan voel deur 'n hoogs gekwalifiseerde skoonkind. Hulle kan moontlik minderwaardig voel teenoor die nuwe lid van die familie en is bang vir kritiese beoordeling. Hulle kan selfs vrees dat die nuwe lid hulle kind van hulle kan wegneem (Horsley, 1996).

Sosio-ekonomiese faktore hou dikwels verband met opvoeding. Alhoewel sekere mense dit as 'n mite beskou dat die samelewing in klasse verdeel word, is dit waar dat ouers dit dikwels aanvoel dat hulle nie kan kers vashou by 'n nuweling se standarde nie. 'n Kind kan 'n metgesel na die gesin bring wat in 'n hoër- of in 'n laer sosiale klas is. Indien laer, kan die kind van sy/haar ouers verwag om die nuweling te help om 'n beter opvoeding te kry om sodoende meer opwaarts te beweeg. Die skoonouers kan hulle kind se huweliksmaat begin sien as 'n 'projek': die kind het 'n huweliksmaat huis toe gebring wat die ouers van voor af moet opvoed. As die sosio-ekonomiese verskille te groot is, is daar dikwels nie 'n basiese grondslag te vinde tussen die twee families nie en ongelukkig loop sulke huwelike dikwels uit op 'n egskending (Horsley, 1996).

In die hitte van die romanse word die kwessie van religie dikwels misgekyk deur 'n verliefde paartjie. Hulle beseft nie dat hulle gesin van oorsprong se familie-erfenis gebaseer is op godsdienstige vieringe en rituele nie, veral wanneer 'n kleinkind in die prentjie verskyn en kwessies soos doop en naamgewing in die gedrang kom. Kinders ontken dikwels dat godsdiens vir hulle belangrik is en kan beweer dat hulle geloof vir baie jare niks vir hulle beteken het nie. Hulle kan self verras voel deur die belangrikheid wat hulle toeken aan hulle nuwe huweliksmaat se godsdienstige gelowe. Ouers verkies dikwels dat hulle kinders met persone moet trou wat dieselfde godsdiens as hulle aanhang. Daar is wel geldige redes waarom godsdienstige aanpasbaarheid wenslik is (Horsley, 1996).

Etniese agtergrond is 'n belangrike aspek wanneer 'n kind 'n potensiële eggenoot huis toe bring. Die kind wat nog altyd gedink het dat sy ouers liberaal is en baie begrip het, kan verras word wanneer hulle 'n maat van 'n ander etniese groep huis toe bring. Alhoewel huwelike oor etniese grense al hoe meer algemeen word, is dit baie moeilik vir die ouers van die paartjie om so 'n huwelik te aanvaar (Horsley, 1996).

2.4.2 Die skoonouers se keuse van 'n huweliksmaat vir hulle kind

Op 'n sekere vlak weet ouers dat hulle kind 'n huweliksmaat uitsoek op grond van 'n geïnternaliseerde model van hulle ouers en die tipe gesinslewe wat hulle ouers geskep het (Apter, 1986). Ouers voel oor die algemeen dat dit so behoort te wees en hulle oordeel dan die eggenoot/eggenote in ooreenstemming met hulle selfidentiteit of hulle gesinsideaal - hulle is soms nie heeltemal in kontak met die werklike model wat die kind van hulle gekry het nie (Horsley, 1996). Die algemene klagte - uitgesproke of geïmpliseer - is dat die persoon nie goed genoeg is vir hulle kind nie. Dit is 'n taksering van hulle kind se waarde, sowel as die waarde van die model wat hulle vir hulle kind voorgehou het. Volgens Apter (1986: 33) is vrae wat tipies by die ouers kan opkom die volgende: "Is hierdie persoon goed genoeg om met my kind te trou?", maar ook "Is hierdie persoon goed genoeg om my te verteenwoordig?" Die huwelik is 'n balans tussen selfidentiteit en hoe ander 'n persoon komplementeer - dit is nie 'n maklike balans om te handhaaf nie. Dit is dikwels moeilik vir 'n skoonouer om 'n skoonkind te aanvaar, aangesien hy/sy nie die skoonkind gekies het nie en dus ook nie in dieselfde positiewe lig beskou as hulle kind nie. Wanneer 'n skoonouer na 'n skoonkind kyk, kyk hulle na hulle kind se beeld van hulleself, of van hulle kind se beeld van wat hulle nodig het, maar te kort kom (Apter, 1986).

Net soos wat sommige mense gemaklik voel met sekere mense en ongemaklik met ander, is dit ook die geval met skoonouers (Apter, 1986). Skoonouers voel gemaklik met sekere skoonseuns of -dogters, maar ongemaklik met ander. Hulle het ook vooronderstellings oor watter ooreenkomste belangrik is en in die gesin gehou moet word, en die mate waartoe verskille toegelaat kan word. Volgens Apter (1986) is die ideale skoonouer-schoonkindverhouding om die voorvoegsel "skoon" weg te neem en om die skoonkind as hulle eie kind te beskou. Tog plaas skoonkinders skoonouers op die verdediging. Hulle bedreig nie slegs lojaliteit, affeksie en die kulturele waardes waaraan hulle so hard gewerk het om vir hulle kinders aan te leer nie, maar word skielik die belangrikste persoon in hulle kind se lewe. Die skoonkind sien die skoonouers se afnemende mag; die skoonkind het nou die vernaamste invloed. Wanneer 'n skoonkind die skoonouer se eie kind skade berokken, al strek dit tot hulle kind se voordeel ("one must be cruel to be kind"), ervaar die ouer wanhoop en woede. 'n Eggenoot/eggenote se "wreedheid" word dan beskou as 'n vreemdeling se "wreedheid" (Apter, 1986: 30).

2.4.3 Lojaliteite teenoor die gesin van oorsprong

Alle huwelike word in 'n sekere mate belas met elke eggenoot/eggenote se onvereffende rekeninge van lojaliteit tot sy/haar se gesin van oorsprong. Hierdie lojaliteit is dikwels 'n onherkende krag wat 'n definitiewe impak het op skoonfamilieverhoudinge (Horsley, 1996). Al is 'n nuwe paartjie totaal verbind tot hulle huwelik as 'n permanente binding, kan dit aanvanklik 'n sekere swakheid hê bloot as gevolg van die die nuutheid daarvan. Vir baie is dit 'n tydperk van spanning tussen lojaliteite. As die ouer-kindverbinding baie sterk was kan die verbinding tot die ouers sterker voel as die verbinding tot die eggenoot/eggenote. Dit kan die skeiding pynlik maak vir die ouers en die kind (Wright, 1994). Ouers het dikwels 'n sterk invloed op hulle kind en die skoonkind het dikwels eerder klagtes oor die effek wat die skoonouers op hulle kind het as wat hulle klagtes oor die skoonouers op sigself het. Daar word dus dikwels gekla oor die skoonouers, terwyl die persoon eintlik kwaad is vir die eggenoot/eggenote se hantering van sy/haar ouers (Apter, 1987).

Boszormenyi-Nagi en Krasner (1986), Boszormenyi-Nagi en Spark (1973) beskryf die krag van onsigbare lojaliteit wat mense het met betrekking tot hulle gesinne van oorsprong. Daar is 'n sterk krag van lojaliteit teenoor die houdings, gelowe, mites en gedrag van elkeen se gesin van oorsprong, veral in opposisie tot 'n nuwe eggenoot/eggenote. Volgens Wright (1994) kan die spanning verhoog word deur die keuse van watter gesinspatroon om te volg. Om die nuwe huwelik te bou, moet dit die middelpunt van belange inneem, veral tydens die eerste paar jaar van die huwelik. Onsigbare lojaliteit kan veroorsaak dat mense op 'n sekere wyse kan reageer teenoor die skoonfamilie wat irrasioneel kan voorkom vir 'n objektiewe toeskouer.

Lojaliteit teenoor 'n persoon se gesin van oorsprong is 'n natuurlike verskynsel; dit gee die persoon 'n gevoel van nabyheid en affiliasie teenoor diegene wat hom/haar grootgemaak het en saam met wie hy/sy grootgemaak is. Volgens Boszormenyi-Nagi en Spark (1973) moet persone, voordat hulle hulself kan liefhê, vrede kan maak en om hierdie ideaal te bereik moet verbindings van liefde met hulle gesinne van oorsprong gevestig word. As hulle nie die persone liefhet en respekteer van wie hulle afhanklik was aan die begin van hulle lewens nie, sal dit moeilik wees om hulself lief te hê as volwassenes. As 'n eggenoot/ eggenote skuldgevoelens ervaar as gevolg van die gevoel van dislojaliteit teenoor sy/haar ouers, sal hy/sy moontlik hierdie skuldgevoelens hanteer deur sy/haar huweliksmaat of sy/haar skoonfamilie te verwerp. Om in staat te

wees om te groei moet 'n persoon die onsigbare lojaliteite met sy/haar gesin van oorsprong herken en hanteer.

Die huwelik het 'n groot impak op gesinslojaliteite. Dit is een van die redes waarom die troue van 'n seun of dogter in die samelewing 'n hoogs spanningsvolle gebeurtenis is. Die ouer-kindtriade is soos geen ander verhouding nie. Die biologiese en emosionele verbindings ontstaan reeds voor die kind se geboorte. Die troue van 'n volwasse kind kan op twee maniere gesien word: dit is of 'n verlies vir die gesin, of die skoonfamilie kan in die nuwe gesin geïntegreer word en nuwe verhoudings kan gevorm word (Horsley, 1996). Volgens Boszormenyi-Nagi en Spark (1973) is daar dikwels konfrontasies tussen twee oorspronklike gesinsisteme in 'n huwelik. Dit terwyl die nuwe paartjie eintlik veronderstel is om nuwe lojaliteite te vorm waarin hulle eie huweliksgeluk eerste gestel word (Duvall, soos aangehaal deur Horsley, 1996). Lojaliteite teenoor beide se ouers moet geherdefinieer word en daar moet ten volle belê word in die nuwe sisteem wat hulle vorm. Die huwelikspaar moet dus hulle nuwe gesinseenheid versterk en die gesinne van oorsprong is veronderstel om hierdie nuwe verbinding te respekteer (Horsley, 1996).

Persone het meestal sterk lojaliteit met betrekking tot tradisies. Baie gesinne het die tradisie om bymekaar te kom vir spesiale geleenthede soos verjaarsdae en Kersfees. Hierdie geleenthede kan vreugdevolle tye bymekaar wees, maar dit kan ook tye wees waar persone slegs verdraagsaam is teenoor die skoonfamilie ter wille van die eggenoot/eggenote (Wright, 1994). Persone kan baklei oor eenvoudige tradisies, byvoorbeeld sekere gesinne maak hulle kersgeskenke oop op Oukersaand, terwyl ander gesinne dit oopmaak op Kersoggend. Sekere gesinne oorhandig elke geskenk individueel en open dit een vir een op 'n slag, terwyl ander gesinne hulle geskenke almal op een slag oopmaak. Selfs 'n verandering in hierdie eenvoudige gebruik kan lei tot gevoelens van dislojaliteit teenoor die gesin van oorsprong en kan konflik veroorsaak by 'n paartjie (Silverstein, 1990). 'n Eenvoudige konflik met betrekking tot lojaliteit kom voor wanneer daar besluit word wie se gesin van oorsprong besoek gaan word tydens 'n vakansie (Horsley, 1996). Wanneer elke huweliksmaat positiewe ervarings het met betrekking tot sy/haar gesin van oorsprong kan beide huweliksmaats groter lojaliteit ervaar teenoor sy/haar gesin van oorsprong wat aanleiding kan gee tot konflik. As daar negatiewe gesinservaringe was, veroorsaak vakansies dat hierdie slegte gevoelens weer herleef word, asook interne spanning, pyn en teleurstelling. As eggenote goeie kommunikasie het en empatiese bondgenote met mekaar is, kan die pyn met betrekking

tot gesinne van oorsprong hulle nader aanmekaar bring. As die paartjie nie 'n goeie verstandhouding het nie en hulle mekaar nie ondersteun nie kan ou gevoelens nuwe spanning ontwikkel (Horsley, 1996).

2.4.4 Grense ten opsigte van die gesinne van oorsprong

Vanaf die vroegste tye word dit van 'n kind verwag om op 'n sekere stadium in sy/haar lewe die huis te verlaat en 'n nuwe lewe te begin saam met 'n nuwe persoon. Hierdie riglyne word in die Bybel verskaf. "Daarom sal 'n man sy vader en moeder verlaat en saam met sy vrou lewe, en hulle sal een word." (Genesis 2:24.)

Moontlik die beste manier waarop 'n ouer vir sy/haar kind kan wys dat hy/sy omgee, is om hom/haar aan te moedig om onafhanklik te raak en om na homself/haarself om te sien (Wright, 1994). Volgens Bengston (soos aangehaal deur Jerrome, 1994) is die vertrek van volwasse kinders in 'n huwelik in vir sommige ouers 'n welkome teken dat hulle kinders 'n belangrike ontwikkelingstaak suksesvol voltooi het. Die kinders is opgevoed tot die punt om volwasse besluite te neem. Sommige ouers ervaar hierdie wegbeweeg as 'n verlies. Hulle is verras en teleurgesteld oor die afstand tussen hulle en hulle kinders. Omdat hulle ouers nie hierdie werklikheid kan aanvaar nie, raak sekere kinders heeltemal vervreemd van hulle ouers in die proses. Vanuit 'n ontwikkelingsoogpunt kan hierdie vervreemding gesien word as 'n konflik van belange (Jerrome, 1994). Die behoefte van die ouers aan kontinuïteit van die oorspronklike gesinspatrone en die kinders se behoefte aan verandering en onafhanklikheidwording kan beskryf word as 'n paradoks. Die twee geslagte het verskillende belange in die huidige situasie en streef na onversoenbare doelwitte. Na aanleiding van die behoefte aan intieme verhoudings buite die gesin as deel van die ontwikkelingsproses, en die kulturele vereiste van outonomie, kies die volwasse kind in sekere gevalle die pad van totale skeiding van sy ouers.

'n Balans tussen gesonde binding en gesonde grense gee aanleiding tot 'n gesonde ouer-kindverhouding. Wright (1994) definieer binding as die vorming van 'n besondere nabye verhouding. Volgens Wright (1994) verwys grense na die gesonde gevoel van afsonderlikheid wat nodig is in alle verhoudings.

Persone in gesonde verhoudings floreer op intimiteit, maar terselfdertyd benodig elke persoon in die verhouding duidelik gedefinieerde persoonlike grense (Wright, 1994). 'n Gesonde gesin reflekteer duidelike skeidslyne tussen ma en seun, en pa en seun.

Dieselfde geld vir die dogter. Daar bestaan dus sinvolle grense. Baie gesinne ervaar probleme wanneer hierdie grense vaag of gebroke is. Te veel ouerlike inmenging kan 'n kind se emosionele ontwikkeling belemmer. Wanneer daar nie duidelike grense is nie kan verskeie probleme ontstaan. Kinders leer nie om "nee" te sê nie, as gevolg van hulle oormatige begeerte om ander persone tevrede te stel, of omdat hulle vrees en skuldgevoelens ervaar. Hulle eie behoeftes word uitgeskuif, of hulle weet dikwels nie eers van die bestaan daarvan nie. Hulle respekteer ook nie ander se grense nie deur hulle eie verantwoordelikhede op ander persone te projekteer (Wright, 1994). Konflik ontstaan dikwels in 'n huwelik as gevolg van 'n gebrek aan die daarstelling van duidelike grense ten opsigte van die gesinne van oorsprong (Silverstein, 1990). Nuwe lojaliteit en binding met 'n eggenoot word vergroot, afhangende van die mate waartoe die individu emosioneel geskei is van die gesin van oorsprong. As die skeidingsproses nog nie voltooi is nie, is die grense swakker tussen die paartjie en die ouers en is daar 'n wegbeweeg van die eggenoot/eggenote (Silverstein, 1990). As skeiding van die gesinne van oorsprong wel plaasgevind het, is grense tussen die paartjie en ander mense sterker en is die primêre lojaliteit teenoor die eggenoot/eggenote eerder as teenoor die ouers (Silverstein, 1990).

Ouers wat nie hulle kinders se grense respekteer nie probeer dikwels om vir hulle besluite te neem en steeds voor te skryf wat om te doen, selfs al is hulle reeds getroud en deel van 'n nuwe gesin. Dit kan baie konflik tussen die nuwe huweliksmaats veroorsaak (Wright, 1994).

'n Definitiewe teken van 'n probleem met betrekking tot grense is wanneer 'n skoonma krities is teenoor haar skoondogter se agtergrond, waar die egpaar verkies om te woon, haar keuse om te werk of om nie te werk nie of haar keuse van beroep (Wright, 1994). Hierdie tipe indringerigheid en kritiek is die skending van haar skoondogter se integriteit. Die nuwe gesin se grense word glad nie respekteer nie. Skoonma's wat indringerig is dwing dikwels hulle standarde op andere af (Wright, 1994).

Wright (1994) wys ook op sekere ouerskapstyle wat 'n kind verbonde hou aan die gesin van oorsprong en wat aanleiding daartoe gee dat grense nie gerespekteer word nie. Sommige moeders beoefen hulle rol as versorger en beskermmer tot die uiterste en is totaal oorbeskermend. Die kind ontwikkel in 'n afhanklike persoon. Sekere moeders versmoor hulle kinders deur te veel vir hulle te probeer doen en meng sodoende in hulle kinders se huwelike in. Ander moeders neem 'n martelaarsrol in en kweek

skuldgevoelens by haar kinders wat hulle steeds verknog aan haar bly hou. Die kritiese moeder wat optree soos 'n diktator kweek ook skuldgevoelens by haar kind en hierdie kinders kan dikwels nooit die bande breek nie (Vergelyk 2.4.6.). Vaders laat ook sekere blywende indrukke by hulle kinders.

Volgens Wright (1994) is daar sekere duidelike tekens waarna ouers kan oplet indien hulle wonder of hulle 'n probleem met betrekking tot grense het:

- *Ouers voel verwerp as hulle kinders begin om outonome besluite te neem.*
Hierdie ouers reageer op hulle kinders se outonomie deur boodskappe oor te dra van skuld en skaamte oor hulle kinders se tekort aan liefde en lojaliteit teenoor hulle en die gesin van oorsprong.
- *Ouers voel bedreig deur die toenemende verlies aan kontrole oor die kinders.*
Hierdie ouers gebruik woede of kritiek om hulle ongelukkigheid oor hulle kinders se nuutgevonde outonomie uit te druk.
- *Gesinne wat verskille gelyk stel met sonde.*
- *Ouers wat bang is vir hulle kinders se woede, of wat vyandig reageer teenoor hulle kinders se woede.*
- *Gesinne wat insiklikheid prys in die naam van samehorigheid in plaas daarvan om gesonde onafhanklikheid te prys.*
- *Gesinne waarin emosionele, fisiese en seksuele mishandeling voorkom.*
Hierdie tipe mishandeling veroorsaak ernstige skade ten opsigte van die kinders se gevoel van eienaarskap oor hulself en hulle liggame.
- *Gesinne waarin die kinders verantwoordelik voel vir die ouers se geluk.*
- *Ouers wat hulle kinders oormatig probeer beskerm om nie dieselfde foute te maak as wat hulle gemaak het toe hulle jonk was nie.*
- *Ouers wat inkonsekwent is in die daarstelling van grense vir hulle kinders.*

- *Ouers wat aanhou om vir hulle kinders verantwoordelikheid te neem, self al is hulle reeds volwassenes.*

Huweliksmaats wat 'n probleem het met die regulering van afstand en nabyheid tussen hulle laat dikwels die skoonfamilie toe om 'n buffer tussen hulle te word en dit lei tot groter afstand in die huwelik (Silverstein, 1990). Individue wat bang is vir intimiteit gebruik ook dikwels die skoonfamilie om groter afstand te skep. Hulle het ook probleme ten opsigte van nabyheid met die skoonfamilie (Silverstein, 1990). Volgens Horsley (1996) word die skoonfamilie dikwels as swartskape gebruik wanneer die paartjie eintlik frustrasies met mekaar ervaar.

McGoldrick (soos aangehaal deur Horsley, 1996) identifiseer drie disfunksionele maniere waarop 'n paartjie hulle skoonfamilies kan hanteer naamlik, konflik, oorbetrokkenheid ("enmeshment") en afstand of afsnyding. Die ideaal vir 'n paartjie is om onafhanklik te word van hulle gesinne van oorsprong, terwyl daar steeds nabye en liefdevolle verbindings is.

2.4.5 Kompetisie, jaloesie en driehoekvorming

Elke huweliksmaat kompeteer met die ander een se ouers, broers en susters vir aandag en toewyding. Kompetisie en jaloesie oor tyd, aandag, geld en affeksie kan maklik ontstaan tussen 'n eggenoot en sy/haar skoonouers (Chasin et al. soos aangehaal deur Silverstein, 1990). Daar is verder ook druk om te voldoen aan die interne verwagting om 'n goeie skoondogter of skoonseun te wees. Gevoelens van ontoereikendheid kan kompetisie en jaloesie ten opsigte van die skoonouers vergroot. Volgens Boszormenyi-Nagi en Krasner, Carter en McGoldrick (soos aangehaal deur Silverstein, 1990) is dit bloot natuurlik om nader te voel aan 'n persoon se eie gesin van oorsprong as aan die eggenoot se gesin van oorsprong. Bogenoemde sake kan daartoe lei dat daar 'n lojaliteitsdriehoek ontstaan.

Die sogenaamde lojaliteitsdriehoek lei tot gevoelens van uitsluiting aan die kant van die ander eggenoot en dus tot jaloesie en kompetisie. Die koms van kleinkinders kan lei tot 'n verdere trekkrag na driehoekvorming. Die eggenoot/ eggenote word selfs meer uitgesluit deur die skoonouers, aangesien die aandag nou selfs meer toegespits word op die eie kind en die kleinkind.

Soos vroeër vermeld (vergelyk 2.2.2.3) beskou Bowen (1976) 'n driehoek as 'n emosionele konfigurasie van drie persone en die basiese bousteen van enige emosionele sisteem. Wanneer daar fusie ontstaan tussen twee persone of groepe, word die spanning wat ontstaan dikwels verlig deur 'n derde persoon tydelik te betrek by die oorspronklike simbiotiese verhouding. Die doel van hierdie persoon is om kant te kies vir, of teen een van die persone in die oorspronklike verhouding. Horsley (1996) het in haar terapie met huwelikspare bevind dat hierdie derde persoon tydens emosionele driehoekvorming ook dikwels 'n skoonouer is. Vir haar is driehoeke 'n natuurlike verskynsel wat dikwels voorkom om persone te help om stres te hanteer. Wanneer emosionele spanning in 'n diade verder gevorder het as die punt van toleransie, word 'n derde persoon betrek en 'n driehoek gevorm om die spanning te verlig. Tydens terapie met betrekking tot skoonfamilieprobleme word kliënte geleer wat die driehoekkonsep beteken. Die hoofdoel hiervan is om persone te help om hierdie konsep te verstaan, dit te herken wanneer dit voorkom en om te probeer om uit 'n sogenaamde driehoeksituasie te bly.

2.4.6 Die moeder se rol in die huweliksverhouding van haar kind

Teoretici is van mening dat die skoonma die mees problematiese lid van die skoonfamilie is (Jerrome, 1994, Silverstein, 1990, Wright, 1994). Volgens Wright (1994) simboliseer moeders oor die algemeen vir die meeste mense die konsepte van omgee, liefde en onvoorwaardelike opoffering. Omdat moeders so 'n belangrike rol uitoefen in die gesinsopset, is dit onvermydelik dat sy 'n integrale posisie sal beklee ten opsigte van skoonfamilieverhoudings.

Daar is dikwels groter konflik en kompetisie met die skoonouer van dieselfde geslag, byvoorbeeld 'n dogter het dikwels meer probleme met haar skoonma as met haar skoonpa as gevolg van die kompetisie vir haar man se aandag wat voortspruit vanuit die Oedipus-kompleks (vergelyk 2.2.1.1). Soortgelyk kan 'n man meer kompetierend voel teenoor sy skoonpa, alhoewel mans dikwels nie so emosioneel betrokke raak by mekaar soos vroue nie. Eerder as om kompetierend te wees met sy skoonpa, soek 'n skoonseun eerder sy goedkeuring. Volgens Troll (soos aangehaal deur Jerrome, 1994) skep moeders ook die kultuur in die huis. Die meeste skoonmagrappies word moontlik deur mans geskryf. Beide geslagte het dus meer moeilikheid met die skoonma, omdat sy meer betrokke is. Tradisioneel handhaaf pa's rolle waar hulle deelname aan hulle kinders se lewens minder is as die van die ma's. Dit geld ook vir die skoondogters of -

seuns. Wanneer 'n seun nie 'n nabye verhouding met sy eie pa gehad het nie, kan hy moontlik na groter nabyheid smag ten opsigte van sy skoonpa (Silverstein, 1990).

Jerrrome (1994) beskou dit as 'n algemene reël dat die meeste spanning voorkom tussen die skoondogter en haar skoonma, as gevolg van die oorhelling na die vrou se kant ten opsigte van die gesinslewe. Eersgenoemde wil beheer uitoefen oor die organisasie van die huwelik en die nakomelinge, asook die kultuur van die huis. Die skoonma wil egter voortgaan met aktiewe ouerskap en die opvoeding van haar kleinkinders.

Vanweë bogenoemde uitspraak van Jerrrome sal daar vervolgens eers breedvoerig verwys word na die ma-seunverhouding en die invloed daarvan op die seun en skoondogter se huwelik. Daar sal dan ook kortliks verwys word na die rol wat die moeder kan uitoefen in haar dogter se lewe en die moontlike gevolg daarvan vir haar huwelikslewe. Die rol van die vader in sy kinders se lewe word in die volgende afdeling bespreek (vergelyk 2.4.7).

Diep binne hulle kan mans se gevoelens en verwagtinge oor hulleself en die vroue in hulle lewens terugwys na hulle ervarings van hulle kinderjare, met betrekking tot hulle moeders (Wright, 1994). 'n Seun leer gevoelens amper uitsluitlik by sy moeder en verkry van haar 'n gevoel van vertroeteling en beskerming (Wright, 1994).

Wright (1994) onderskei tussen 'n aantal verskillende soorte moeders, elk met 'n eiesoortige invloed op haar seun, naamlik die goeie moeder, die oorbeskermdende moeder, die moeder wat die rol vertolk van 'n deurmatjie, die afhanklike moeder, die versmorende moeder, die verwerpende en mishandelende moeder, die moeder wat die martelaarsrol inneem, die kritiese moeder wat optree soos 'n diktator en die perfeksionistiese moeder. Laastens verwys hy ook na 'n tipe moeder wat moeilik is om te benoem. Elk van hierdie soorte moeders sal vervolgens kortliks bespreek word na aanleiding van Wright (1994) se ontleding daarvan.

2.4.6.1 Die goeie moeder

Sekere mans kom uit gesinne waar die moeder tradisionele gesinswaardes gereflekteer het. Sy het die huishouding hanteer en het die rolle vervul as kok, chauffeur, afrigter, klerewasser en direkteur van die kinders se lewens. Sy was lief daarvoor om 'n moeder te wees en was dankbaar om by die huis te wees. Sy sou agteroor buig om hulle tuiste

'n hawe te maak vir haar man en haar kinders. Sy sou duidelik laat blyk het wanneer iets nie haar goedkeuring wegdra nie en sy sou ook nie meningsverskille vermy nie. Sy sou haar kinders nie belas het met haar eie probleme of huwelikskonflikte nie. Sy sou soms haar eie behoeftes opsy skuif vir ander gesinslede, maar sy sou nie daarvoor kla of dit teen hulle gebruik nie. Sy het bevrediging verkry uit die kinders se prestasies en hulle kon sekuriteit vind in haar liefde (Wright, 1994).

As 'n seun so 'n tipe moeder het, kan hy dikwels van haar skei, maar hy kan hom steeds vereenselwig met haar op 'n positiewe wyse. Hy voel goed oor vroue in die algemeen en hou van hulle en vertrou hulle (Wright, 1994). 'n Man wat so 'n positiewe ervaring met betrekking tot sy moeder as basis het, het 'n groter kans op 'n positiewe verhouding met sy eggenote as mans wat disfunksionele verhoudings met hulle moeders gehad het of steeds het. So 'n man verkry outonomie op 'n psigologies gesonde wyse wat daartoe aanleiding gee dat hy suksesvol daarin kan slaag om funksionele grense daar te stel, asook om sy lojaliteite by sy nuwe gesin te skaar sonder om sy gesin van oorsprong te verwerp. Hy is ook nie vir die res van sy lewe belas met skuldgevoelens afkomstig van sy moeder nie en hy kan dus sy energie positief aanwend in sy huweliksverhouding.

2.4.6.2 Die oorbeskermende moeder

Sommige moeders neem hulle rol as sorggewer en beskermmer tot die uiterste (Wright, 1994). So 'n moeder sal om haar seun "fladder" omdat sy seker is dat iets slegs met hom sal gebeur as sy hom nie beskerm nie. Hy mag nie sport beoefen nie omdat hy dalk sal seerkry. As hy volwasse is, wil sy hom nog steeds beskerm. Sy hou hom verbind aan haar en gee subtiel aan hom die boodskap dat hy nooit sal grootword nie.

Dit het beslis 'n invloed op die seun as hy 'n man is. Hy bly glo dat hy niks op sy eie kan regkry nie. Hy het 'n tekort aan selfvertroue, wantrou sy eie instinkte en voel bewustelik of onbewustelik dat sy ma teenwoordig moet wees alvorens hy kan funksioneer. Hierdie mans het dikwels afhanklike verhoudings met vroue en voel hulpeloos in hierdie verhoudings (Wright, 1994).

Mans met hierdie disfunksionele herinneringe van hulle moeders is dikwels heimlik in 'n "oorlog" betrokke met hulle moeders en ervaar liefde aan die een kant, maar haat aan die ander kant. Hy smag na die moeder en fantaseer oor die ideale ma-

seunverhouding, maar is terselfdertyd in opstand met haar en soek wraak teen die vrou wat verantwoordelik is vir alles wat verkeerd is in sy lewe. Mans wat fantaseer daaroor om wraak te neem teen hulle moeders is in 'n denkbeeldige "oorlog" met hulle moeders en is onwillig om die bietjie sekuriteit wat hulle ervaar op die spel te plaas. Geheime oorloë is hulle gekose verdediging teen die vroue wat hulle bedreig (Wright, 1994).

Die vroue in hierdie mans se lewens ly gewoonlik onder hierdie "oorlogsverklaring" (Wright, 1994: 28). Wanneer 'n seun se verhouding met sy moeder ongesond was, of waar daar 'n tekort was in 'n sekere area, moet die vrou in sy lewe op haar hoede wees. 'n Seun wat te naby aan sy ma was, of wat geen pa gehad het nie kan terugkeer na haar in sy vroeë volwassenheid, omdat hy nie 'n binding het met 'n pa nie. As hy sy manlikheid by sy moeder soek, sal daar net verwardheid by hom ontstaan. As hy verward is, kan hy dalk ondersteuning en krag by sy vrou soek wat kan lei tot verdere gevoelens van ontoereikendheid. Wanneer 'n man van sy vrou verwag om sy moeder se rol oor te neem, word sy dikwels gestraf vir sy moeder se tekortkominge of oortredinge. 'n Probleemsituasie ontstaan wanneer die vrou op 'n wyse reageer wat die man aan sy moeder herrinner. Sekere mans behandel hulle vrouens op die wyse waarop hulle graag hulle moeders sou wou behandel, maar nooit kon nie. Hulle word woedend, kry uitbarstings, raak verdedigend, verbaal aggressief en indringerig. Dit is sogenaamde "spook-gevoelens" (Wright, 1994: 28) wat voortsleep as gevolg van die ma-seunverhouding. Mans met kontrolerende moeders belowe hulleself dikwels dat hulle nooit weer dieselfde tipe mag vir 'n vrou sal gee nie. Een van die mees frustrerende response vir 'n vrou is wanneer haar man hulpeloos en afhanklik is. Hy wil hê dat sy vrou hom moet versorg soos wat sy ma dit gedoen het. Hy het nooit geleer om te gee nie en kan hom nie tot 'n vrou verbind op 'n gesonde wyse nie (Wright, 1994).

2.4.6.3 Die moeder wat die rol vertolk van 'n deurmatjie

Sommige mans beskryf hulle moeders as swakkele (Wright, 1994). Almal loop oor haar soos oor 'n deurmatjie en vee hulle vuil voete aan haar af. Haar seun voel sleg daaroor, maar is terselfdertyd kwaad daaroor, want sy is so pateties en afhanklik. Hierdie tipe vroue voel dikwels onseker en onveilig. Dit kom voor asof sy geen weerstand het nie, asook geen krag om druk en die teenspoed van die lewe te hanteer nie. Sy is soos 'n spons wat almal rondom haar se gemoedstemminge opsuig (Wright, 1994).

So 'n moeder word dikwels beskryf as 'n vrou sonder 'n "self" (Wright, 1994: 40). Sulke vroue straf hulleself eerder as om op te let na hulle eie behoeftes. Hulle voel dat alles wat verkeerd loop in hulle lewens hulle eie skuld is. Hulle word beskou as patetiese figure, terwyl hulle eerder kwaad is vir hulle omstandighede. Persone wat so selfopofferend is, keer dikwels hulle woede na binne en ontwikkel depressie, of ander emosionele probleme (Wright, 1994).

Hierdie tipe moeder mag dalk swak en magteloos voorkom, maar sy oefen 'n geweldige invloed op die ander gesinslede uit (Wright, 1994). Wanneer 'n moeder haar volwasse rol opgee, ontnem sy haar seun van 'n sterk moederlike voorbeeld. As 'n vader hierby mishandelend is, is daar niemand wat oorbly om die seun te beskerm nie. 'n Swak en passiewe moeder nooi haar seun uit om 'n sorggewende ouer vir haar te word, omdat sy funksioneer soos 'n hulpbehoewende kind. Kinders kan egter nie volwassenes se probleme hanteer nie. 'n Seun sal graag wil wees soos wat sy moeder hom wil hê, maar hy kan nie. Hierdie ongesonde omruiling van rolle kan lewenslange woede en skuldgevoelens ontwikkel by die seun. Hierdie tipe moeder maak staat op haar kinders om te vergoed vir haar gevoel van minderwaardigheid. Hierdie gedragswyse van die moeder is 'n vorm van emosionele mishandeling, alhoewel dit geskied op 'n wyse wat nie maklik identifiseerbaar is nie (Wright, 1994).

'n Seun wat 'n "deurmatjiemoeder" het, het verskeie opsies om uit te oefen wanneer hy volwassenheid bereik. Hy kan voortgaan om sy ma te red, selfs as hy reeds getroud is, of hy kan so ver as moontlik van haar af wegtrek om homself te bevry van hierdie verbinding. Hy kan geneig wees om 'n vrou te soek wat soos sy ma is in die hoop om haar te verander, of hy kan soek na 'n sterk vrou (Wright, 1994).

2.4.6.4 Die afhanklike moeder

'n Afhanklike moeder is 'n vrou wat so baie van haar energie gebruik in haar eie lyding en swaarkry, dat sy nie genoeg energie tot haar beskikking het om haar kinders se behoeftes raak te sien en om te probeer om daarin te voorsien nie. Haar seun ontvang nie die moederlike ondersteuning, sorg, beskerming en leiding wat hy nodig het nie (Forward, 1986). Alle kinders het 'n behoefte aan 'n gevoel van veiligheid, beskerming en liefde van hulle ouers. Hulle het ook onbewustelik toestemming nodig om groot te word en onafhanklik te wees. Dit is 'n paradoks dat mense slegs onafhanklike volwassenes kan word as daar aan hulle eie afhanklikheidsbehoefte voldoen is toe

hulle kinders was. Wanneer daar nie aan hulle afhanklikheidsbehoefte voldoen is nie, word 'n gevoel van leegheid geskep wat hulle met hulle saamdra in hulle volwasse lewens. 'n Seun van 'n moeder wat nie aan hierdie behoeftes voldoen het nie, verwag dikwels van die vrou in sy lewe om 'n moederlike rol in te neem en om hom te versorg soos wat sy moeder veronderstel was om te doen (Forward, 1986). Wright (1990) beskou so 'n man as emosioneel gestremd, omdat hy nie kan verstaan waarom vroue nie in sy behoeftes kan voorsien nie. Volgens Forward (1986) kan geen vrou in werklikheid aan sy vereistes voldoen nie en as gevolg hiervan raak so 'n man dikwels gefrustreerd, aggressief en mishandelend teenoor sy vrou.

'n Ander wyse waar 'n afhanklike moeder haar seun se psigologiese ontwikkeling kan belemmer is wanneer sy hom grootmaak met die idee dat hy 'n plaasvervanger is vir sy pa (Wright, 1994). Die moeder se behoeftes word vervul deur middel van haar seun en hierdie seun is gemaklik daarmee. Alhoewel die behoeftes nie seksueel is nie, is dit steeds te intiem. Wanneer so 'n volwasse seun se vrou nabyheid en intimiteit soek, onttrek hy, want hy reageer emosioneel asof dit sy moeder is (Wright, 1994).

2.4.6.5 Die versmorende moeder

Sekere ma's versmoor hulle kinders en hulle doen dit deur vir hulle kinders te veel te doen en te gee (Wright, 1994). Hulle doen dikwels hulle seuns se huiswerk vir hulle en sal selfs ure oortyd werk sodat hulle seuns 'n nuwe motorfiets of motor kan kry. Alhoewel 'n versmorende moeder dikwels voorkom as sorggewend en liefdevol, word dit heeltmaal oordoen. Sy doen dit ook nie uitsluitlik vir haar seun nie, aangesien daar ook belonings is vir haar. Sy het unieke maniere om aan ander te laat weet wat haar aandeel is in haar seun se sukses. Sy meng in almal se sake in en probeer hulle oortuig dat sy die enigste een is wat weet hoe om die kwessies te hanteer, of hoe om die probleme op te los. Op hierdie manier hou sy haar seun verbind aan haar deur vir hom die boodskap te leer dat Ma die groot voorsiener is (Wright, 1994). Seuns van sulke moeders sukkel selfs om die kleinste terugslae in hulle lewens te hanteer (Forward, 1986).

Versmorende moeders weet nie wanneer om op te hou doen en te gee nie (Wright, 1994). Hulle ontnem hulle seuns van die geleentheid om te leer om sterk en onafhanklik te wees. In plaas daarvan om vir hulle seuns te wys hoe om iets te doen sodat hulle dit vir hulleself kan doen, doen sy dit oor en oor vir hom. Sy hou daarvan

dat hy graag wil hê dat sy, sy verantwoordelikhede vir hom moet oorneem, want sodoende bevorder sy, sy afhanklikheid. As hy in die huwelik tree, kan hy ook nie sy verantwoordelikhede hanteer nie (Wright, 1994). Hierdie moeder kan haar kinders nooit laat gaan nie, selfs nie as hulle volwasse is nie. Sy bly oorbetrokke in hulle volwasse lewe (Forward, 1986). Sy is dus ook oorbetrokke in haar kinders se huwelike wat baie konflik kan veroorsaak. Deur gesonde grense te oortree en hulle seuns se onafhanklikheid te misken, skep sulke ma's 30-, 40-, en 50- jarige mans wat steeds verbind is aan hulle. As die seun nie sy waardering wys nie, of haar vra om nie in sy lewe in te meng nie, het hy 'n martelaar op hande (Wright, 1994).

Anders as by 'n dogter, wie 'n nabye verhouding met haar moeder kan hê en steeds haar eie identiteit vorm, moet 'n jong seun loskom van sy moeder om sodoende in 'n psigologies gesonde volwasse man te ontwikkel. Ouerlike liefde is die enigste vorm van liefde waarvan die hoogste doel is om skeiding mee te bring (Forward, 1986). 'n Moeder wat skeiding aanmoedig, verskaf aan haar seun die toerusting om lewensituasies te hanteer. Wanneer sy hom aanmoedig om sy eie identiteit te vorm en hom toelaat om risiko's te neem en foute te maak, maar tog ook beskikbaar te wees wanneer hy haar nodig het, help sy om 'n man te vorm met vertroue in homself en sy vermoëns (Forward, 1986). As die moeder se invloed egter baie sterk is, kan die seun ontwikkel in 'n bedorwe, narsistiese persoon, of in iemand wat baie bang en onseker is. Sy kan ook daartoe bydra dat haar seun ontwikkel in 'n persoon wat nie die normale frustrasies van die lewe kan hanteer nie. Hy kan selfs ontwikkel in 'n vrouehater as gevolg van haar oorbekkering en oormatige beheer. Hy haal hierdie frustrasies uit op sy vrou en gebruik dikwels mishandeling en in sy optrede teenoor haar wil hy haar in alle opsigte oorheers. Hy skreeu, dreig, gebruik verbale aanvalle, bespot en kritiseer. In Christelike huise word God of die Bybel gebruik om hulle verbale aanvalle te regverdig (Wright, 1994).

Volgens Wright (1994) is die versmorende moeder ook verantwoordelik vir die mees frustrerende volwasse mans - die passief aggressiewe man. Dit is 'n persoon wat sy aggressie uitdruk op 'n passiewe manier. Hy beskou homself as swak en glo dat passiwiteit die enigste manier is waarop hy met mense kan omgaan wat hy as sterk beskou. Hy misinterpreteer 'n persoonlike verhouding as 'n magstryd en beskou homself as magteloos. Die passief aggressiewe man is bang vir afhanklikheid en probeer om ander te beheer; is bang vir intimiteit en skep konflik met die doel om afstand te skep; sê dat hy iets vir jou sal doen, maar hy sê nie wanneer nie en is

doelbewus stadig as hy dit enigins voltooi; skep chaotiese situasies en sy lewe word gekenmerk deur onafgehandelde sake; beskou homself altyd as die onskuldige slagoffer; maak gereeld verskonings en vertel leuens, wat die terughouding van belangrike inligting insluit; stel uit en sloer; is chronies laat, vergeet selektief, gebruik stiltes, hoor nie en is nors. Sulke mans is 'n frustrasie in interpersoonlike verhoudings (Wright, 1994).

Die passiewe of afwesige vader is dikwels net soveel verantwoordelik vir hierdie probleem, aangesien hy 'n "skim-pa" is. In sulke gevalle is daar nie 'n manlike model met wie die seun kan identifiseer nie (Wright, 1994: 45).

2.4.6.6 Die verwerpende moeder en die mishandelende moeder

Die verwerpende moeder is koud en terughoudend en is die teenoorgestelde van die versmorende moeder, alhoewel die gevolg van beide moedersorgtipes dikwels dieselfde is (Forward, 1986). Die versmorende moeder laat haar seun nie toe om frustrasie te ervaar nie; gevolglik kan hy nie teleurstellings in sy latere lewe hanteer nie. Die verwerpende moeder frustreer haar seun in 'n ondraagbare mate, sodat hy ook nie frustrasie kan hanteer wanneer hy volwassenheid bereik nie. As 'n volwassene beskou hy vroue as koud en terughoudend, maar idealiseer vroue terselfdertyd as goed, reddend en beskermend. Die sogenaamde goeie vroue is diegene wat al hulle aandag op hom fokus. Enigiets minder as totale betrokkenheid en aandag, heraktiveer sy gevoelens van behoefte en deprivasie. In 'n huwelik voel so 'n man geweldig bedreig wanneer sy vrou ook poog om te voorsien in haar eie behoeftes en wense. As gevolg van sy behoefte tydens sy kinderjare, kan hy nie die geringste frustrasie hanteer nie. So 'n man raak mishandelend en kan dikwels ook ontwikkel in 'n vrouehater (Forward, 1986).

'n Mishandelende moeder terroriseer haar seun met mishandeling, koudheid en oormatige straf. Hierdie seun voel hulpeloos, ontoereikend en vreesbevange. Hy sal waarskynlik ook ontwikkel in 'n vrouehater.

By die verwerpende moeder, sowel as by die mishandelende moeder, is daar owerste wreedheid en pyn betrokke en die seun se kinderdae is gevul met behoefte, gebrek, woede en vernedering. Hierdie tipes moeders kan beskou word as direkte vormers van vrouehaters. Indien sterk, dominante vaders teenwoordig was om na die kind se

belange om te sien, sou dit die situasie kon verbeter. Dit is dikwels die geval dat hierdie vroue getroud is met passiewe of onttrekkende mans (Forward, 1986).

2.4.6.7 Die moeder wat die martelaarsrol inneem

'n Moeder wat 'n martelaar of 'n diktator is, handhaaf beheer oor haar seun en laat hom verantwoordelik voel vir al haar probleme en ellende (Wright, 1994). Die volgende aanhaling is 'n kort, dog treffende samevatting van 'n vrou, of moeder wat die martelaarsrol inneem se taktiek: "Of all the paths that lead to a woman's love, Pity's the straightest." (Beaumont en Fletcher, soos aangehaal deur Rue en Shanahan, 1978: 50.) So 'n vrou se seun hoor haar gehuil, gekerm en klagtes oor haar gesondheid wat op 'n sekere wyse verbind word met sy versorging. Sy laat ander skuldig voel as hulle haar probeer teengaan. Alledaagse stellings wat jy kan verwag om van haar te hoor is : "Kyk wat doen ek alles vir jou !" "Ek offer soveel op vir jou en is dit die dank wat ek kry?" "Ek wou net al die dinge vir jou gee wat ek nooit gehad het nie, maar dit lyk nie asof jy omgee vir wat ek vir jou gedoen het nie." "Die enigste rede waarom ek met jou pa uitgehou het is as gevolg van jou, en nou wonder ek of dit die moeite werd was." (Wright, 1994: 46.)

Die gevoel van 'n volwasse kind van ouers wat hom/haar laat voel dat hy/sy hulle nooit sal kan terugbetaal, hetsy met dankbaarheid of materiële goedere vir al die opofferings deur die jare nie, ondervind lewenslank skuldgevoelens en dit is dikwels 'n psigologiese struikelblok in 'n huwelik (Rue & Shanahan, 1978). Sommige moeders herinner hulle kinders gedurig aan wat sy alles vir hulle opoffer en soek hiermee simpatie. Sy skep skuldgevoelens en die gevoel dat haar kind haar altyd iets verskuldig sal wees. Dit is haar manier om ander te beheer en om haar eie behoeftes te bevredig. Sy laat die ander gesinslede voel dat hulle verantwoordelik is vir haar ongelukkigheid. In so 'n situasie kan 'n seun vir die res van sy lewe met 'n vrag skuldgevoelens belas wees. Hy weet ook terselfdertyd dat hy sy ma nooit tevrede sal stel nie. Hierdie situasie sal sy verhoudings met vroue beïnvloed. Dit kan daartoe lei dat hy woede en wrokgedagtes teenoor vroue ervaar en versigtig is vir hulle. So 'n seun kan homself nie ten volle verbind in sy huwelik nie, aangesien so 'n verbinding meer skuldgevoelens tot gevolg sal hê en dat hy sy identiteit sal moet opgee, net soos dit die geval was met sy moeder (Wright, 1994).

Volgens Wright (1994) kommunikeer 'n "martelaarmoeder" altyd die vernederende boodskap dat wie 'n persoon ook al is dit haar seermaak. Martelaars is ook bedrewe in die vaardigheid om dubbelboodskappe te gee, byvoorbeeld dat dit die seun se besluit is wat hy wil doen, maar dat dit beter sal wees as hy haar raad aanvaar (Wright, 1994)

2.4.6.8 Die kritiese moeder wat optree soos 'n diktator

Anders as die meeste "martelaarmoeders", is die moeder wat optree soos 'n diktator direk en oop oor haar kontrole (Wright, 1994). Sy gebruik vrees en intimidasie deur haar woede-uitbarstings. Deur dreigemente van emosionele of fisieke trauma, kan hierdie moeder innerlike angs by haar seun kweek. Spotlag, kyke van stille veragting, aanstarings en handgebare is dikwels die gekose wapens. Wright (1994: 47) gee die volgende voorbeelde van hoe so 'n moeder sou optree. In plaas van om te sê: "Kyk wat jy aan my doen," soos die martelaar sou sê, sê die diktator eerder: "Kyk wat gaan ek aan jou doen." Hulle stellings is direk. "Moenie so sensitief wees nie, tree soos 'n man op!" "Ek gee nie om of jy getroud is nie. Jy is nog steeds my seun en jy sal na my luister." (Wright, 1994: 48.) Die stellings van diktatormoeders is giftig en word beskou as emosionele mishandeling.

Die kritiese moeder ontdek gewoonlik die ooglopende en versteekte foute van haar seun (Wright, 1994). Wright gebruik die beeld van 'n verbale handgranaat: sommige van hulle het die vermoë om 'n verbale handgranaat na haar seun toe te gooi en dan weg te stap voordat dit ontplof en hom vernietig. Haar seun se vriende kan selfs teenwoordig wees, maar dit maak geen verskil aan haar nie. Sy gebruik sarkasme en skerp humor om van hom 'n bespotting te maak. Die kritiese moeder is 'n vrou wat deurgaans in 'n toestand van vrees is. Sy is vreesbevange dat iemand sal ontdek dat sy in werklikheid so onwaardig is soos wat sy sê ander is. Die rede waarom sy haar kinders so verneder, is 'n desperate poging om haar eie swak selfbeeld in stand te hou. Sy verberg haar huiwerigheid agter 'n muur van kritiek. Hierdie gedrag is nie slegs simptome van 'n mishandelende moeder nie, maar ook van 'n moeder wat psilogies mishandel is as kind (Wright, 1994).

Volgens Adamson (soos aangehaal deur Wright, 1994) versteek sy haar afhanklikheid en haar diepe behoefte aan kontak met mense agter 'n onafhanklike, kritiese fasade. Sy keur ander af en vermy sodoende om aan ander te openbaar hoe nodig sy hulle het. So 'n erkenning sal haar weer eens blootstel aan die gevaar van uitbuiting en/of

verwerping. In die oë van die kritiese persoon lê die probleem altyd by ander mense. Sy is of nie in staat nie, of onwillig om los te breek van haar beherende en kritiese gedrag. As sy sou verander, sou sy kwesbaar wees vir dieselfde soort aanvalle wat sy loods op andere. Sommige kritiese moeders is emosioneel gehard en het intense persoonlikhede. Hulle gil, skreeu en baklei met almal in die huis. Hulle bombastiese gedrag help om hulle onsekerheid en seerkry weg te steek sodat niemand die onderliggende redes kan sien wat hulle dryf om ander aan te val en op 'n afstand te hou nie.

Die seuns van hierdie moeders bly ook verbind aan hulle as hulle nie doelbewus besluit om hulleself los te maak van haar en gesonde grense daar te stel nie (Wright, 1994). Onderskeie probleme word dikwels ondervind in so 'n volwasse seun se huwelik. Hy ondervind dikwels probleme met die daarstelling van duidelike grense tussen sy moeder en sy nuwe gesin. Die moeder probeer dikwels steeds om vir haar seun besluite te neem en voorskryf wat om te doen. Sy is ook oorkrities teenoor haar skoondogter en hierdie tipe indringerigheid en kritiek is die skending van haar skoondogter se integriteit. Baie konflik word sodoende tussen die huweliksmaats veroorsaak (Wright, 1994)

2.4.6.9 Die perfeksionistiese moeder

'n Ander tipe moeder wat deur Wright (1994) beskryf word is die perfeksionistiese moeder. Sy het die onrealistiese verwagting dat haar kinders perfek behoort te wees.

Hierdie moeder vind fout met alles. Sy het 'n behoefte daaraan om haar seun se foute uit te wys. Selfs die mees onbelangrikste foute word ontbloot en reggestel. Sy regverdig hierdie gedrag deur te sê dat sy net probeer om hom te spaar van sekere pynlike foute later in sy lewe. Enige mislukking lok verbale aanvalle en druk van sy moeder uit. Ongelukkig word die seun dikwels as die sondebok beskou vir sy moeder se eie mislukking om perfek te wees. Die seun se vrees dat hy dinge nie perfek sal doen vir haar nie sal veroorsaak dat hy die aksies sal uitstel waarvoor hy in elk geval gekritiseer gaan word. Hoe meer hy uitstel hoe meer word hy oorweldig deur die druk om te presteer. Die uiteinde is dat hy geïmmobiliseer word deur sy sogenaamde tekort aan perfeksie, en dat hy dan opgee. Sy moeder gebruik nie altyd woorde wanneer sy fout vind nie, maar haar nieverbale reaksie verrai haar ontevredenheid. Nieverbale kritiek is dikwels moeiliker vir 'n seun om te interpreteer (Wright, 1994).

Perfeksionisme is destruktief vir die seun, die moeder en vir die ma-seunverhouding. Die aanhoudende kritiek laat letsels op die seun, sowel as op die moeder. Die seun word bang of woedend en neem dikwels wraak deur overte of koverte onttrekking, haat of aggressie. Die seun leer om krities te wees en om homself en andere nie te aanvaar nie (Wright, 1994). Hierdie onttrekking, haat of aggressie sal waarskynlik ook tot uiting kom in sy huwelik, aangesien dit deel is van sy reeds gevormde persoonlikheid. Hy kan moontlik ook fout vind met alles wat sy huweliksmaat, of sy kinders doen en dit kan aanleiding gee tot vele huwelikskonflik.

2.4.6.10 'n Tipe moedersorg wat moeilik is om te benoem

Ten slotte verwys Wright (1994) ook na 'n tipe moeder wat 'n seun se ontwikkeling kan strem, maar wat moeilik omskryf kan word met een woord.

Wright (1994) meld die volgende kenmerke van so 'n tipe moeder:

- Sy laat haar seun voel dat sy in 'n ongelukkige huwelik gebly het ter wille van hom.
- Sy versmoor haar seun met lof en affeksie.
- Sy leer haar seun dat hy wonderlike dinge vir haar sal doen wanneer hy volwasse is.
- Sy beskerm hom in so 'n mate dat hy nooit frustrasie ervaar nie.
- Sy leer hom dat almal hom sal toelaat om te doen wat hy wil aangesien hy iets belangrik gaan doen in sy lewe.
- Sy ontmoedig hom om sy eie besluite te neem en moedig hom eerder aan om haar toestemming en goedkeuring te vra, al is dit 'n baie belangrike besluit.
- Sy straf hom nooit fisiek nie, maar gebruik 'n verskeidenheid subtiele tegnieke.
- Sy laat hom glo dat hy onmoontlik nie in meisies geïnteresseerd kan wees nie, as gevolg van die groot dinge wat hy in sy lewe gaan bereik.
- Sy laat hom glo dat sy altyd sal doen wat nodig is vir hom en dat ma en seun altyd sal saam wees in die lewe.
- Sy wil soms fisieke affeksie hê, maar stoot hom ander kere van haar af weg.
- Sy laat hom glo dat sy al die mag oor sy lewe het en dat hy alles aan haar verskuldig is, aangesien sy die groot voorsiener is.
- Sy laat hom op verskeie maniere weet dat dit 'n groot las was vir haar om in al sy behoeftes te voorsien.
- Sy speel die martelaar en verwag simpatie van haar seun.

- Sy wys vrees en woede wanneer dit voorkom dat haar seun nabye verhoudings met ander het.

Volgens die navorser blyk dit uit bogenoemde kenmerke dat hierdie moeder eienskappe het van talle van die onderskeie voorafbespreekte moedertipes, naamlik die oorbeskermende moeder, die moeder wat die rol vertolk van 'n deurmaatjie, die afhanklike moeder, die versmorende moeder, die moeder wat optree soos 'n martelaar, die diktator-kritiese moeder en die perfekisionistiese moeder. Al hierdie reaksies kom van 'n ma wat probeer om haar seun te laat voel dat hy die enigste een is wat haar gelukkig kan maak. Selfs vir 'n volwassene is die verantwoordelikheid van so 'n verhouding te groot om te hanteer. 'n Seun wat groot word in hierdie omstandighede word totaal afhanklik, wantrou sy eie besluite, verwag dat alles vir hom gedoen moet word en verwag van vroue om aan hom te gee wat hy wil hê. So 'n man het dikwels ambivalente gevoelens oor vroue, hy soek 'n vrou soos sy moeder, vrees vroue, maar probeer ook om hulle te domineer, voel onwaardig en twyfel aan sy vermoë om vroue en verhoudings met hulle te beoordeel. Volgens Wright (1994: 53) is bogenoemde die bloudruk vir die ontwikkeling van die sogenaamde "Mamma se seuntjie".

2.4.6.11 Die moeder se rol in haar dogter se huwelikslewe

Dit wil voorkom uit die literatuur dat skrywers weinig aandag skenk aan die moeder-dogterverhouding wanneer daar gekyk word na ouers se rol in hulle kinders se huwelikslewe. Daar word eerder klem gelê op die moeder-seunverhouding en die vader-dogterverhouding. Volgens Rue en Shanahan (1978) trou 'n man normaalweg met 'n vrou met 'n bepaalde agtergrond en opvoeding. In plaas van om die vrou se verhouding met haar moeder te ontleed, beklemtoon hulle die dogter se verhouding met haar pa. Dit word soos volg gestel: "That past – her particular collection of childhood responses to Daddy - will form the basis of her marital relationship with her husband. Her very choice of a husband, whether she is aware of it or not, is a reflection of this early relationship. In selecting a mate she will unconsciously seek to re-create the pattern of love security she knew as a child, be it wholesome or warped." (Rue & Shanahan, 1978: 62.)

Dit is so dat 'n volwasse man of vrou beskik oor 'n patroon van houdings waarvolgens hulle verhoudings met ander mense hanteer, hetsy effektief of oneffektief, wat bewustelik of onbewustelik aangeleer is (Rue & Shanahan, 1978). Die moeder dien ook

as 'n rolmodel vir haar dogter. Volgens Apter (1986) kan 'n dogter moontlik negatiewe gevoelens hê teenoor haar skoonma na aanleiding van ooreenstemmende gevoelens van haar eie moeder. Sy stel dit soos volg: "My mother-in-law, then, is the innocent scapegoat for my own feelings towards my mother. She becomes the object of my anger ... I am able, because so much resentment is directed towards my mother-in-law, to accommodate my love for my mother, to see her love for me in her often grotesque behaviour, and even to judge her to be right and good." (Apter, 1986: 6.)

'n Dogter wat as kind 'n nabye verhouding met haar moeder gehad het, kan steeds haar eie identiteit vorm en in 'n psigologies gesonde vrou ontwikkel, anders as 'n seun wat as kind te betrokke was by sy moeder (Forward, 1986).

2.4.6.12 Enkele slotopmerkings oor die rol van die moeder

Dit blyk dus dat daar talle moeders is wat hulle seuns negatief beïnvloed, alhoewel daar ook moeders is wat 'n positiewe invloed op hulle seuns het. Ten spyte van moeders se groot invloed op hulle seuns, verander 'n seun se affiliasies na die huwelik dikwels in die rigting van sy vrou en haar familie, terwyl 'n dogter verbonde bly aan haar ouers (Jerrome, 1994). Timmer et al. (1996) het ook na aanleiding van navorsing met betrekking tot gesinsbande by jonggetroude pare, bevind dat paartjies meer tyd bestee by die vrou se gesin van oorsprong as by die man s'n, ten spyte van die voorkeur om na 'n persoon se eie gesin van oorsprong om hulp te gaan. 'n Bekende gesegde is hier van toepassing, naamlik: "A son's a son 'til he gets him a wife, a daughter's a daughter all her life (Horsley, 1996)." Absorpsie in die familie van die vrou word veroorsaak deur verskeie faktore. Sommige ouers van seuns beweer dat daar 'n swakheid is in hulle seuns om nie die skoonfamilie se eise te kan weerstaan nie, of dat die skoonma's hulle domineer. Ander redes is dat gesinsbande sterker beleef word deur vroue en omdat vroue die kultuur skep in die huis. Alle bande met seuns word egter nie altyd verswak nie, terwyl alle bande met dogters nie altyd onwrikbaar bly nie (Horsley, 1996).

Een van 'n moeder se take is om haar seun toe te rus om uiteindelik op sy eie voete te staan. Die beste stap wat sy kan neem, is om haar seun se soektog na onafhanklikheid te bekragtig en om die skeidingsproses aan te moedig. Hierdie stap sal hom dwarsdeur sy volwasse lewe help. Hierdie seun sal vertrouwe hê in homself en sy vermoëns as sy moeder hom toegelaat het om sy eie identiteit te ontwikkel, risiko's te neem, foute te maak en te ontdek wat hy uit sy ervaring kan leer (Wright, 1994).

'n Moeder is 'n belangrike rolmodel vir haar dogter. Haar verhouding met haar man is vir haar dogter 'n voorbeeld van hoe 'n vrou veronderstel is om in 'n huweliksverhouding op te tree en situasies te hanteer. Die hantering van hierdie interpersoonlike verhouding het 'n belangrike invloed op die dogter se latere huwelik.

2.4.7 Die vader se rol in die huweliksverhouding van sy kind

Tot onlangs is daar nie veel navorsing gedoen oor die rol van die pa in die gesinslewe nie (McKee & O'Brien, 1982). Daar is hoofsaaklik gefokus op die rol van die moeder. Daar is begin om hierdie moedergerigte paradigma te vervang met 'n meer ouergeoriënteerde benadering. Soos wat die vrou se publieke rol ontken is vir 'n lang tydperk, is daar ook nie aandag geskenk aan die man se persoonlike en huishoudelike rol nie. Tog word mans ook geraak deur swangerskap, geboorte en daaglikse kontak met hulle kinders. Mans as enkelouers is ook nie meer so 'n vreemde verskynsel soos 'n paar jaar gelede nie (McKee & O'Brien, 1982).

Alhoewel die moeder 'n belangrike rol speel, word 'n potensiële eggenoot/ eggenote gedeeltelik gevorm op wyses wat dikwels verband hou met die vader in die huis (Wright, 1994). Die moeder se ouerskapstyl word beïnvloed deur haar verhouding met haar man en deur sy verhouding met hulle kinders. Hierdie web van interpersoonlike verhoudings het op sy beurt 'n belangrike invloed op die latere huwelik van die kind (Wright, 1994).

Pa's laat 'n blywende indruk op hulle kinders se lewens. Net soos by moeders is daar pa's wat indrukke van liefde, ondersteuning, standvastige dissipline en aanvaarding agterlaat. Daar is ook pa's wie se woorde en dade emosionele letsels op hulle kinders se lewens laat. 'n Pa is een van die eerste en belangrikste opvoeders in 'n kind se lewe (Wright, 1994).

Een van die belangrikste, maar van die mees verwaarloosde take van 'n pa is om sy seun te help om gevoelens te identifiseer en op 'n psigologies gesonde manier uit te druk (Wright, 1994). Dit is vir sommige pa's 'n moeilike taak, aangesien hulle self nog nie hulle eie emosies leer hanteer het nie. Die seun moet ook geleer word dat alle persone nie dieselfde voel oor 'n spesifieke situasie nie. 'n Pa behoort 'n jong seun se gevoelens te respekteer, eerder as om te bly kleef aan die ou gesegde van "Big boys don't cry" (Wright, 1994:72). Hierdie gesegde beteken indirek dat 'n seun nie gevoelens mag hê nie. Alhoewel 'n moeder dikwels 'n seun se gevoelens erken en hom probeer

help om dit te hanteer, het hy 'n manlike rolmodel nodig om leiding te verskaf. 'n Seun het sy pa se 'toestemming' nodig om hartseer te voel. Omdat woede en frustrasie die maklikste gevoelens vir 'n man is om te erken, is dit dit nodig vir 'n seun om by sy pa te leer dat daar ook ander gevoelens is (Wright, 1994). 'n Seun wat nie geleer het om sy emosies te erken en korrek te hanteer nie, kan hierdie persoonlikheidseienskap oordra na sy huwelik en dit kan verskeie huweliksprobleme veroorsaak.

Sekere huisgesinne het nie 'n pa nie, as gevolg van dood, egskeiding, skeiding, verlies aan belangstelling of onttrekking. Navorsing dui daarop dat selfs tydelike skeidings met die vader 'n nadelige invloed op die kind kan hê (Louw, 1992). Volgens Biller, Pedersen, Rubenstein en Yarrow (soos aangehaal deur Louw, 1992) wil dit voorkom asof seuns meer as dogters geraak word deur die afwesigheid van die vader, veral wat kognitiewe ontwikkeling betref. Dit kan ook tot uiting kom in seuns se emosionele en sosiale ontwikkeling.

Seuns raak oordrewe afhanklik van die moeder, daar is 'n toename in aggressiewe gedrag, skuldgevoelens, 'n vrees vir verwerping en 'n groter soeke na sekuriteit tydens die vader se afwesigheid. Verskeie fisieke simptome kan ook voorkom, byvoorbeeld spanningshoofpyne en maagpyn, terwyl regressie in gedrag ook nie vreemd is nie. Aangesien die seun met sy vader identifiseer, ontstaan die vraag wat die invloed van die vader op die ontwikkelende geslagsrolidentiteit van die seun is.

Navorsing dui daarop dat die kleuterjare 'n kritiese periode vir die ontwikkeling van die seun se geslagsrolidentiteit is, maar nie vir dogters nie. Seuns wat voor vyfjarige ouderdom van hul vaders geskei word, as gevolg van egskeiding, verlatting of dood, is dikwels minder manlik as seuns wie se vaders teenwoordig was en aandag aan hulle gegee het. Seuns wat voor vyfjarige ouderdom van hulle vaders geskei is, is gewoonlik ook minder aggressief, meer afhanklik en meer geneig tot verbale eerder as fisieke aggressie. Hierdie invloed van vaderafwesigheid kan moontlik daaraan toegeskryf word dat mans meestal sterker as vroue daarop aandring dat kinders, veral seuns, volgens die voorgeskrewe geslagsrolle handel (Vander Zanden, soos aangehaal deur Louw, 1992). Wat dogters betref, is die invloed van vaderafwesigheid tydens die adolessente jare meer opmerklik. Hetherington (soos aangehaal deur Louw, 1992) het bevind dat hoewel adolessente dogters uit vaderafwesige gesinne vroulike belangstellings, voorkeure en gedrag openbaar, hulle ongemaklik voel in heteroseksuele verhoudings en

geneig is om met seksuele angstigheid en skuheid, of met oordrewe aggressiewe seksualiteit te reageer.

Daar is ook huisgesinne wat 'n kombinasie het van 'n pa se fisieke afwesigheid in die dag en sy emosionele afwesigheid in die aand. Wright (1994: 45) verwys na die sogenaamde "skim-pa" wat sy seun ontnem van 'n manlike model met wie hy kan identifiseer. In so 'n huis kan 'n seun nie so 'n nabye verhouding vorm met sy pa as wat hy met sy ma het nie. As gevolg hiervan voel so 'n seun dikwels ongemaklik met die uitlewing van sy manlike rol. Sy idee van wat 'n man is, is gebaseer op wat hy doen eerder as op sy gevoelens en hy probeer dan om oormatig 'manlik' op te tree (Wright, 1994). 'n Ander wyse waarop 'n pa passief is ten opsigte van sy vaderskapsrol is wanneer 'n pa dit ten alle koste probeer vermy om in 'n konfliktsituasie met sy vrou betrokke te raak. So 'n vader gee aan sy seun die boodskap dat mans nie standpunt kan inneem teen dominerende vroue nie. Hierdie passiwiteit kan vir die vader 'n manier wees om sy woede teenoor sy vrou te hanteer. In plaas daarvan om uiting te gee daaraan op 'n gesonde wyse, straf hy haar en sodoende ook die res van die gesin (Forward, 1986). Die probleem vererger wanneer die passiewe vader getroud is met 'n verwerpende en mishandelende moeder. Hierdie vader sien dikwels nie om na die belange van sy kinders nie en hulle is dan die slagoffers van die situasie (Forward, 1986).

Alhoewel al twee ouers saamwerk in die opvoeding van hulle kind, het elkeen 'n afsonderlike taak. Die moeder is die sorggewer en die belangrikste vertrooster, terwyl die vader die seun help om los te kom van die moeder sodat hy nie oorafhanklik van haar raak nie (Forward, 1986). Die gevolg van 'n afwesige pa is dus dat 'n seun moontlik oorbetrokke is by sy moeder en sukkel om 'n eie identiteit te vorm. Hy kleef aan sy moeder en ontwikkel 'n vrees vir intimiteit met ander vroue. Hy leer moontlik ook nie die toepaslike maniere om woede uit te druk nie en word 'n passief aggressiewe persoon (Wright, 1994).

'n Afwesige pa het ook 'n belangrike invloed op 'n dogter se latere lewe. Die dogter word emosioneel verwaarloos en word ontnem van die vaderlike liefde en sekuriteit. Sy moet tevrede wees met sy afskepliefde wanneer dit hom pas en sy geskenke, byvoorbeeld in die vorm van duur klere dien die doel om sy gewete te sus. Hy leer haar dat sy mans moet aanvaar soos hulle is, in plaas van om iets van hulle te verwag. Sy smag gewoonlik na manlike liefde en sekuriteit en kan moontlik wissel van die een

seksuele eskapade na die volgende. Verskeie psigoseksuele probleme word oorgedra na haar huwelik (Rue & Shanahan, 1978).

Vir sommige dogters is hulle pa's magtig en is hulle afhanklik van hom. Wanneer sulke dogters vroue word, is hulle gekondisioneer om hulle mans tevrede te stel en om hoofsaaklik op hulle staat te maak. Hulle ontdek nooit hulle eie kapasiteite nie. Sommige pa's wend hulle na hulle dogters vir waardering en liefde wanneer hulle eggenote nie in hierdie behoeftes voorsien nie. Die dogter bly op hierdie manier aan haar pa verbind. 'n Ander manier waarop 'n pa sy dogter aan hom verbind hou, selfs wanneer sy getroud is, is wanneer 'n pa onvoldoende voorbereid was op vaderskap, oorweldig is deur sy dogter en haar dan onbewustelik indoktrineer met die idee dat die finansiële kostes verbonde aan haar opvoeding 'n geweldige las vir hom is en dat sy sal moet kompenseer daarvoor wanneer sy volwasse is. Dit is dikwels 'n kragtige psigologiese struikelblok in 'n huwelik (Rue & Shanahan, 1978).

Dit blyk uit bogenoemde dat die vader ongetwyfeld 'n belangrike invloed het op sy kind se latere lewe en dus ook indirek of direk op sy kind se huwelik.

2.4.8 Oordrag

Mense wil dikwels hê dat hulle skoonfamilie die ervaring van gesinslewe wat hulle nie in hulle eie gesin van oorsprong beleef het nie moet vervang. Dit lei dikwels tot teleurstelling, want alle gesinne het probleme en geen ouers is perfek nie (Silverstein, 1990).

As 'n individu onopgeloste gevoelens het teenoor sy/haar eie ouers of outoriteitsfigure in die algemeen, kan hierdie gevoelens oorgedra of verplaas word na die skoonouers (Carter & McGoldrick, soos aangehaal deur Silverstein, 1990). Positiewe, sowel as negatiewe oordraging kan plaasvind. In die geval van negatiewe oordraging kan onopgeloste gevoelens van teleurstelling of woede teenoor 'n persoon se eie ouers verplaas word na die skoonouers. Met positiewe oordrag kan die aanvanklike reaksie teenoor die skoonouers oorgeïdealiseer wees en lei dit dikwels tot latere teleurstelling. Gevoelens kan verplaas word vanaf 'n persoon se eie ouers na die skoonouers, aangesien hulle makliker teikens is, want as dit te bedreigend is om kwaad te wees vir 'n persoon se eie ouers, kan dit minder bedreigend wees om hierdie gevoelens teenoor die skoonouers te koester (Silverstein, 1990).

Volgens Apter (1986) gebruik persone skoonfamilieprobleme dikwels as 'n middel om afstand ten opsigte van hulle eie ouers te reguleer. As eie ouers nie genoeg ondersteuning bied nie, word die skoonouers ook verwerp. Ideale skoonfamilieverhoudinge kan volgens haar ook 'n teken wees van 'n swakheid in die huwelik.

Soms word gevoelens teenoor die eggenoot verplaas op die skoonfamilie. Eerder as om die teleurstelling teenoor die eggenoot te hanteer, is dit makliker om kwaad te wees vir die skoonouer (Silverstein,1990). Apter (1986: 6) stel dit soos volg: "In addition, my mother-in-law becomes a scapegoat for any failing I find in my husband. If he is too demanding of me in a domestic role, then it is his mother who is responsible for his presumption and dependence; but his good qualities are all his own."

2.4.9 Projeksie

Die meganisme van projeksie ontwikkel reeds in die babastadium wanneer die kind sy eie woede en frustrasie ontken deur dit te sien as 'n deel van iemand anders, gewoonlik die moeder, eerder as wat dit in homself bestaan (Apter, 1986).

Projeksie is deel van alle normale verhoudings, gesond of ongesond (Apter, 1986). Mense waardeer die kwaliteite van hulle vriende wat hulle sou bewonder in hulleself en alhoewel hulle dit sal ontken, het hulle vyandelike eienskappe wat hulle raaksien in hulleself, maar nie graag wil erken nie. Projeksie is egter nie net 'n poging om ontslae te raak van ongewenste gevoelens op 'n gekompliseerde manier nie, maar persone het dalk die behoefte om te voel dat sekere eienskappe en emosies in hulleself steeds deel is van hulle, alhoewel hulle dit nie altyd wil erken nie. As dit geprojekteer word op 'n familielid dan is dit nie langer meer hulle s'n nie, maar dit is ook nie heeltemal verlore nie. Dit bly 'in die familie', self al herken hulle dat dit nie aan hulle behoort nie (Apter, 1986: 54). Op hierdie manier word die ongewenste gevoelens en kenmerke meer aanvaarbaar, want dit behoort aan 'n geliefde. Persone voel moontlik nie meer skuldig daarvoor nie en hulle kan sien dat 'n geliefde dit deel, en sodoende kan hulle dit toereer in hulleself (Apter, 1986). 'n

Projeksie is veral kragtig in verhoudings met sterk emosionele verbindings, dit wil sê in verhoudings met ouers, kinders en huweliksmaats. As daar verstaan word hoe projeksie werk in 'n huwelik, kan skoonfamilieprobleme in 'n heeltemal ander lig beskou word.

Huweliksmaats kan so naby aan mekaar voel, kan so maklik mekaar se probleme, behoeftes en gevoelens aanneem as elkeen se eie, dat die een huweliksmaat namens die ander een die stryd wil voer met laasgenoemde se eie ouers. Die skoonkind is dalk die een wat in konflik is met die skoonouers, aangesien hy/sy sy/haar lewensmaat se stryd met sy/haar ouers sy/haar eie maak - 'n stryd wat die eggenoot om 'n sekere rede nie self kan voer nie omdat hy/sy dalk nie sy/haar eie vyandigheid teenoor sy/haar ouers kan erken nie, of omdat die vrees vir ouerlike verwerpings te groot is (Apter, 1986).

2.4.10 Persoonlikheidsverskille

Elke persoon het 'n eie unieke persoonlikheid en identiteit. Dit gebeur dikwels dat hierdie persoonlikheid in botsing kan kom met nuwe, vreemde persoonlikhede (Horsley, 1996). Die verskillende hantering van emosies deur die skoonkind en die skoonouers, die verskillende sienings oor politiek of godsdiens, die verskillende standaarde oor goeie en slegte gevoelens, toelaatbare en verbode gedagtes, is nie slegs verskille in mening of verskillende gebruike nie. Dit behels verskillende sienings van wie 'n persoon is en wie die persoon veronderstel is om te wees. 'n Voorbeeld is die botsings tussen die verskillende generasies se verwagtinge van 'n vrou se prioriteite en 'n vrou se identiteit. Hierdie kwessie is dikwels die oorsaak vir 'n skoonma-skoondogterkonflik. Die wete dat die mense wat naby aan 'n persoon is, nie hierdie persoon se gevoelens of idees sal aanvaar nie, lei tot 'n gevoel van verwerping. Die frustrasie wat dit kan veroorsaak, kan nie oorskat word nie (Apter, 1986).

Volgens Horsley (1996) speel persone se unieke persoonlikhede 'n besliste rol, ten opsigte van die ontstaan van 'n skoonfamiliekonflik. Sy identifiseer die volgende persoonlikheidskenmerke:

- *Behoeftes om te beheer*

Sekere persone het 'n groot behoefte om beheer uit te oefen oor besluite en aktiwiteite in hulle lewens, want dit komplementeer 'n persoon teen die vrees om buite beheer te wees. Alhoewel 'n paartjie die behoefte het aan outonomie en om beheer uit te oefen oor hulle eie lewens, het hulle ouers ook dikwels steeds die behoefte om hulle kinders se sake te beheer.

- *Die behoefte om ingesluit te word*

Ouers verskil in hulle behoefte om ingesluit te word by gedeelde tye en belangrike gebeurtenisse saam met hulle kinders. Diegene met 'n groot behoefte om betrokke te wees vind dit moeilik om diegene te verstaan wat nie so 'n groot behoefte aan insluiting by alle geleenthede het nie.

- *Intimiteitsbehoefes*

Lede van die skoonfamilie verkil ten opsigte van die behoefte aan fisieke kontak soos aanraking, drukkie, soene en intense verhoudings.

- *Verskillende metodes van probleemoplossing*

Skoonfamilie het hulle eie styl van insiklikheid/inagneming, assertiwiteit, aggressie of onttrekking met betrekking tot die hantering van probleme.

- *Metodes van hulpverlening*

Skoonfamiië het hulle eie idees oor verwagting van toepaslike hulpgewende optrede.

Dit is dikwels 'n onmoontlike taak om aan almal se behoeftes te voldoen en wanneer persone nie mekaar se eienskappe verstaan en respekteer nie, kan dit lei tot talle konfliktsituasies.

Dit is 'n moeilike taak vir 'n persoon om sy/haar eie identiteit te behou, maar om terselfertyd ook te voldoen aan ander mense se verwagtinge (Apter, 1986). Mense moedig dikwels kenmerke aan wat hulle wil hê hierdie naasbestaendes moet bly vertoon, terwyl kwaliteite wat belangrik is, maar nie vir hulle van nut is nie, geïgnoreer word. Fantasieë word gekonstrueer oor wie die persone is, omdat hulle nodig het om hulle as goed of sleg te sien, en daardie persone word dan daarvolgens behandel. Vir skoonouers is hulle skoonkinders se behoeftes nie hulle primêre belang nie. Hulle eie kinders se belange word eerste gestel, terwyl die skoonogter of -seun se belange nie soveel waarde het nie. As die skoonkind hom-/haarself beskou as 'n natuurlike kind, of net soos die skoonouers se eie kind, moet hy/sy mededinging met die broers en susters te wagte wees (Apter, 1986)

Die individualiteit wat so hoog op prys gestel word in ons kultuur, word dikwels geminag en die skoonouers - alhoewel hulle goedgunstig is in hulle gedagtes en ywerig is om die beste in hulle kind se eggenoot/eggenote te sien, neem hulle dikwels nie die skoonkind se unieke persoonlikheid waar nie. Die skoonkind word nie slegs getakseer deur 'n ander persoon se siening van hom/haar in die teenwoordigheid van die skoonfamilie nie, maar ook deur 'n ander persoon se fantasieë oor wie die skoonkind veronderstel is om te wees (Apter, 1986).

Kommunikasie en assertiwiteit is verdere faktore wat kan inmeng met skoonfamilieverhoudings. 'n Individue wat nog nie die volwassenheid bereik het om gelyk te voel met outoriteitsfigure nie, sal maklik geïntimideer word deur sy/haar skoonouers. Persone wat eie begeertes assertief kan oordra aan ander mense, kan moontlik minder konflik ervaar. Mense wat nie outoriteitsfigure kan konfronteer nie, sal meer probleme hê met hulle skoonouers as met hulle eie ouers. Hulle sal meer geneig wees om geïntimideer te word deur hulle skoonouers, aangesien hulle nie genoeg selfvertroue het om konflik konstruktief te hanteer nie (Silverstein, 1990).

'n Man wat geklassifiseer kan word as 'n misogynis of vrouehater, kan op sigself talle probleme met betrekking tot sy skoonfamilie veroorsaak. Wanneer sy huweliksmaat se vriende en buitemuurse aktiwiteite vir hom 'n probleem is, sal haar familie as 'n groter bedreiging gesien word (Forward, 1986). Hy beskou moontlik haar sterk emosionele bande met haar gesin van oorsprong as 'n bedreiging vir die mate van beheer wat hy oor haar het. 'n Vrouehater poog deurgaans om sy vrou se familie af te kraak en te verlaag en hy beledig die vrou dus op 'n indirekte wyse. Hy kan verwys na hulle inferieure eienskappe of beroep in vergelyking met sy superioriteit. Hy impliseer deurgaans dat sy vrou 'n verlenging is van haar gesin van oorsprong en verneder haar op hierdie wyse. Aangesien die meeste mense sensitief en verdedigend is oor hulle gesinsagtergrond, of hulle positiewe verhoudings gehad het of nie, veroorsaak hierdie verskynsel talle huwelikskonflik (Forward, 1986).

Sekere vroue verklaar dikwels dat die sleutel tot goeie skoonfamilieverhoudings is om die hoop vir selferkenning te laat vaar, selfekspresie af te skaal en om die sogenaamde "Goeie gedragsindroom" te handhaaf (Horsley, 1996).

Nie slegs skoonouers nie, maar ook skoonseuns en -dogters raak verstrengel in die “Goeie gedragsindroom” (Horsley, 1996). Hulle wil hulle skoonouers ten alle koste tevrede stel, aangesien hulle bewus is van moontlike konflik wat kan ontstaan met betrekking tot hierdie verhoudings en dit graag wil vermy. Die simptome van hierdie verskynsel is maklik herkenbaar. ‘n Kunsmatige positiewe atmosfeer word geskep waaruit niemand kan ontsnap nie, want die gesprek laat geen verskil in mening of enige ware individualiteit toe nie - individualiteit is gevaarlik en kan vyandigheid laat ontstaan. Die gesprek hou alles onder beheer, want daar is ‘n wedersydse verstandhouding om nie in kontak met jou ware gevoelens te bly nie. Die persone wil nie mekaar se ware gevoelens in die gesig staar nie, aangesien dit dalk beledigend, skokkend of vernederend kan wees. Om so uit voeling met jou eie gevoelens te wees is dikwels baie vermoeiend (Apter, 1986).

Apter (1986) bied ‘n verklaring vir die sogenaamde “Goeie gedragsindroom”. Persone verkies dikwels om sekere onderwerpe te vermy aangesien dit homself/haarself dalk te veel kan blootstel en kwesbaar kan maak. Wanneer skoonseuns en -dogters altyd kritiek moet trotseer, moet hulle dus die taksering trotseer dat hulle nie goed genoeg is nie. Skoonouers is dikwels ook bekommerd hieroor en wil ‘n goeie indruk maak om sodoende nie hulle seun/dogter teleur te stel nie (Apter, 1986).

2.4.11 Die geboorte van kleinkinders

Die geboorte van ‘n kind verander die balans van ‘n huwelik (Apter, 1986). Voorheen was die verhouding hoofsaaklik tussen man en vrou. Die nuweling kan ‘n bedreiging wees vir hierdie spesiale intimiteit en dit vereis ‘n groot aanpassing. Die nuwe eise en verandering in rolle kan lei tot wrywing in die huwelik en die fokus word dikwels ook verplaas vanaf die huwelikspaar se belange na die skoonfamilie. ‘n Nuwe verhouding met die ouers word gevorm waarin die ouers en die huwelikspaar moet leer om met mekaar ten opsigte van die nuwe toevoeging tot die familie te deel. Die onderskeie ouers van die huwelikspaar wil dikwels steeds beheer uitoefen oor hulle kinders, en soveel te meer wanneer daar kleinkinders betrokke is (Apter, 1986).

Die insluiting van ‘n nuwe lid in die gesin met die geboorte van ‘n kind, vergroot die hoeveelheid interaksies en verander die dinamiek van skoonfamilieverhoudings. Selfs voor die geboorte van die kleinkind verskuif die skoonouerverhoudings na ‘n “storm fase” (Horsley, 1996: 79). Dit begin met kwessies soos siekte, oggendnaarheid,

miskraam en die moontlikheid van die toenemende behoefte aan bronne soos geld en hulp met die oppas van die baba (Horsley, 1996).

'n Kleinkind verskaf baie geleenthede vir vereniging en versoening in 'n familie (Apter, 1986). Skoonouers word dikwels vergewe vir misdrywe in die verlede. 'n Jong moeder kan dalk beseft dat sy ook graag deel wil wees van haar nuwe baba se lewe wanneer hy eendag getroud is. 'n Moeder beseft dikwels eers wanneer sy haar eie kinders het hoe moeilik dit werklik is om uit te tree as die belangrikste vrou in hulle lewens. Sommige skoonkinders voel nou minder bedreig deur hulle skoonouers en word meer verdraagsaam. Die skoonouers kan aan die ander kant nie meer voel soos buitelanders nie en ervaar nuwe respek en waardering vir hulle kleinkind se ouers. Die grootouers kry 'n tweede kans met betrekking tot kindersorg en betrokkenheid; hierdie tweede kans is dikwels makliker as die eerste een. Rigiede en streng ouers verander dikwels in toegewyde en liefdevolle grootouers (Apter, 1986).

Normale veranderings in familierolle vind egter nie altyd plaas sonder 'n stryd nie, aangesien sekere lede weier om afstand te doen van 'n vorige status (Apter, 1986). Kruisgeneratiewe rolle is veronderstel om te verander met die geboorte van 'n kleinkind, aangesien die ouers nou meer outoriteit verkry en die grootouers 'n minder belangrike posisie inneem, selfs wanneer die grootouers nie hierdie inferieure rol wil inneem nie. Hierdie proses is nie altyd maklik nie. Dit gebeur soms dat die grootouers nie hulle kind en skoonkind vertrou met hulle kleinkind nie. Daar is ook gevalle waar die moeder van die kind en haar moeder 'n alliansie vorm teenoor die kind se pa, ten opsigte van die baba se versorging (Apter, 1986). Grootouers kan ingetrek word by huwelikskonflikte met betrekking tot ouerskap. Driehoek kan uitbrei oor drie generasies en die een eggenoot (die skoonkind) word dikwels uitgesluit. Jaloesie oor tyd, aandag en energie kan ook verplaas word van die kind na die grootouer (Silverstein, 1990).

Mag en beheer is nie die enigste kwessies wat opduik met betrekking tot kleinkinders nie. Grootouers verskil dikwels met die ouers oor wat die beste is vir hulle kleinkinders, aangesien hulle in 'n ander tydvlak grootgeword het met 'n ander kultuur (Apter, 1986). Sodoende kan hulle baie inmeng in die opvoeding van hulle kleinkinders. Moeders wat twyfel aan hulle eie vermoëns as 'n goeie moeder, raak dikwels meer in vertwyfeling en voel bedreig wanneer die skoonmoeder op 'n dikwels onskuldige wyse hulp aanbied en raad gee. Hierdie moeder kan dikwels hewige teenkanting bied en vyandige gevoelens

ontwikkel teenoor haar skoonmoeder. Sy probeer op enige wyse om weerstand te bied teen hierdie "inmenging" (Apter, 1986).

Die meeste grootouers probeer om aan te pas by die nuwe gesin. Hulle is baie lief vir hulle kleinkinders en dit maak hulle baie kwesbaar (Apter, 1986). Aangesien die ouers meer mag het oor hulle kinders as wat die grootouers het, buit sommige ouers hierdie magposisie uit deur hulle ouers as minderwaardig te behandel en as onbevoeg te beskou ten opsigte van die hantering van die kleinkinders. Tog voel die grootouers steeds dat hulle 'n reg het om behandel te word soos kompetente sorggewers en dit lei tot gevoelens van vernedering, gekrenktheid en haatdraendheid (Apter, 1986).

2.5 DIE POSITIEWE INVLOED VAN SKOONOUERS OP DIE HUWELIKSDINAMIKA VAN JONGGETROUDE PARE

Soos reeds genoem, kan skoonfamilieverhoudings 'n belangrike impak hê op die sukses of mislukking van 'n huwelik (vergelyk 1.1). Dit is dus die moeite werd om 'n suksesvolle skoonseun of -dogter te wees (Horsley, 1996).

Skoonouers veroorsaak nie altyd slegs moeilikheid nie, maar hulle voorsien dikwels baie positiewe verhoudings (Silverstein, 1990). Daar is slegs enkele opmerkings in die literatuur te vinde met betrekking tot die positiewe invloed van die skoonfamilie op die huweliksdinamiek van getroude pare. Daar word eerder gefokus op die moontlike probleme wat kan voorkom, ten opsigte van hierdie verhoudings.

Volgens Horsley (1996) kan die skoonfamilie dien as 'n belangrike bron van finansiële, fisieke, en emosionele ondersteuning.

Skoonouers kan binding in 'n nuwe verhouding bevorder (Silverstein, 1990). As 'n paartjie redelik volwasse is en hulle eie gesinne van oorsprong vergewe het vir teleurstellings en tekortkominge, kan hulle nabye verhoudings vorm met hulle skoonouers met inagneming van positiewe regulering van grense. Dit is waarskynlik dat persone wat genoegsame emosionele ondersteuning vanaf hulle eie ouers gekry het, en wie die ruimte gekry het om hulle eie outonomie te ontwikkel, positiewe verhoudings met hulle skoonouers sal hê. Gesonde volwassenes kan neem en gee in verhoudings, kan interafhanklik wees, kan skommeling tussen intimiteit en afstand hanteer, en kan konflik konfronteer en assertief wees ten opsigte van eie gevoelens en

begeertes. Gesonde individue ontwikkel goed funksionerende, gemeenskaplike, bevredigende verhoudings. Volwasse pare stel nie oormatige eise of verwagtinge aan mekaar en aan hulle onderskeie ouerpare nie. Hulle maak ook nie gebruik van blaam nie en eksternalisering kom minder voor. Dit het dikwels positiewe skoonfamilieverhoudings tot gevolg (Silverstein, 1990).

Wanneer verhoudings met die skoonouers goed is, bied dit nog 'n addisionele vervangende gesin met sekere aanvullende positiewe bydraes wat 'n persoon moontlik nie in sy/haar gesin van oorsprong ontvang het nie. Dit gebeur ook soms dat 'n skoonouer eerder die skoonkind se kant kies as wat hy/sy die eie kind se kant kies (Silverstein, 1990).

Mense kan ook baie leer van ander gesinne (Silverstein, 1990). Dit is belangrik om die verbinding met 'n nuwe familie te erken, aangesien persone deurgaans direk of indirek beïnvloed word deur die skoonfamilie. Dit kan tot 'n persoon se voordeel strek om sy/haar skoonouers as 'n verwysingsraamwerk te gebruik om sy/haar huweliksmaat beter te verstaan (Horsley, 1996).

HOOFSTUK 3

EMPIRIESE ONDERSOEK

3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die empiriese ondersoek bespreek. Daar word aandag geskenk aan die navorsingsontwerp wat gebruik is, die prosedure wat gevolg is tydens die seleksie van die deelnemers, die meetinstrument wat toegepas is, die navorsingsprosedure en die wyse waarop die data ontleed is.

3.2 NAVORSINGSONTWERP

'n Behoeftebepaling is gedoen deur middel van 'n *ex post facto-opnameontwerp* by persone wat vyf jaar of minder getroud is en wie se eerste huwelik dit is. Hierdie ondersoekmetode behels die gebruik van vraelyste by 'n steekproefrespondente wat uit die populasie jonggetroude persone geselekteer is (Babbie, 1989).

Die data wat met behulp van hierdie ondersoekmetode verkry word, is geskik vir beskrywende, ondersoekende en verklarende studies (Babbie, 1989). Hierdie is 'n beskrywende studie om jonggetroudes se beleving van die rol van hulle skoonouers in hulle huweliksdinamiek te takseer en bogenoemde ondersoekmetode is dus geskik vir hierdie studie.

Daar is drie verskillende wyses waarop die vraelyste geadministreer kan word. Die eerste metode behels selfgeadministreerde vraelyste wat deur die respondente self voltooi word. Tweedens kan die vraelyste met behulp van onderhoudvoerders in direkte kontak met die repondente geadministreer word. Die onderhoudvoerder lees die items op die vraelys aan die respondente waarna hulle die vrae beantwoord, terwyl dit op band opgeneem word. Laastens, kan telefoonopnames ook geloods word (Babbie, 1989). Die mees geskikte metode vir die doel van hierdie studie is die gebruik van selfgeadministreerde vraelyste. Volgens Babbie (1989) het hierdie metode van ondersoek verskeie voordele bo die ander twee metodes wat genoem is. Dit is meer ekonomies en minder tydrowend; dit laat ruimte vir anonimiteit en privaatheid wat bevorderlik is vir die eerlike beantwoording van vrae, en die kans dat die onderhoudvoerder bevooroordeel kan wees word verminder.

3.3 PROSEDURE TYDENS DIE SELEKSIE VAN DIE DEELNEMERS

Daar is gepoog om deelnemers te werf deur aankondigings wat gemaak is en pamflette (vergelyk bylaag 1) wat geplaas is by die deure in die Afrikaanse en Engelse kerke in Potchefstroom nadat die onderskeie leraars persoonlik gekontak of besoek is. Die enigste kriteria wat gestel is, is dat die deelnemers minder as vyf jaar getroud is en dat dit hulle eerste huwelik is.

Al die leraars wat genader is, was bereidwillig om hulle lidmate te betrek. Daar is egter geen reaksie vanaf potensiële deelnemers ontvang nie. Sommige van die leraars was bereid om die gemeentelede te identifiseer wat aan die kriteria van die verlangde deelnemers voldoen, waarna die navorser die spesifieke lidmate gekontak het en die meetinstrument persoonlik by die persone wat bereidwillig was om deel te neem besorg het.

Aangesien daar te min deelnemers op hierdie wyse gewerf is, is daar by die handelsbanke in Potchefstroom omgegaan om deelnemers te identifiseer. Daar is ook pamflette uitgedeel by verskeie kleuterskole en dagmoeders in Potchefstroom aangesien die meeste ouers wie se kinders bedags in hierdie inrigtings en by genoemde persone deurbring in die spesifieke kategorie vir die behoeftebepaling val. Slegs een ouer het die navorser gekontak. 'n Spesifieke dagmoeder het persone geïdentifiseer en die vraelyste aan hulle uitgedeel. Daar is ook uitgereik na 'n platte-landse gemeenskap in die Noordwesprovinsie, waar die navorser se moeder woonagtig is, en enkele paartjies geïdentifiseer is en vir wie vraelyste gegee is om in te vul. 'n Mede-eienaar van 'n prokureursfirma het aangebied om vraelyste vir sommige van haar werknemers uit te deel. Op hierdie wyse is 'n hele aantal deelnemers gewerf.

Daar is ook gebruik gemaak van kettingverwysing ("snowball sampling") om respondente te werf (Babbie, 1989: 268). Hiervolgens word een persoon wat aan die bepaalde kriteria voldoen, geïdentifiseer en word daarna as 'n informant gebruik om ander persone wat aan dieselfde kriteria voldoen te identifiseer. Vervolgens word elke nuwe respondent wat geïdentifiseer word dan as informant gebruik om verdere respondente te identifiseer (Du Plessis, 1993: 89).

Hierdie metodes van steekproeftrekking staan bekend as gerieflikheidssteekproeftrekking ("convenience sampling") (Leedy, 1993: 200). Bogenoemde metode van

steekproeftrekking gee nie voor om verteenwoordigend te wees nie, en geen poging word aangewend om vooroordele te beheer nie (Leedy, 1993: 200). Die prosedure word soos volg deur Leedy (1993: 200) verduidelik: "It takes the units as they arrive on the scene, or as they are represented to the researcher by mere happenstance."

Die vraelyste is aanvanklik vir paartjies uitgedeel, maar daarna vir individuele persone aangesien daar by sommige paartjies een persoon was wat die vraelys nie wou invul nie.

Altesaam 124 vraelyste is uitgestuur en 85 voltooide vraelyste is terugontvang (42 mans en 43 vrouens). Dit verteenwoordig 'n reaksietempo van 69%. Sekere persone het die vraelyste oningevul teruggegee en gesê dat dit te persoonlik is, ten spyte daarvan dat die navorser die deelnemers daarvan verseker het dat die vraelyste anoniem ingevul word, en alle inligting vertroulik hanteer en slegs vir navorsingsdoeleindes gebruik word. Ander het die vraelyste laat wegraak. Sommige persone het gesê dat hulle mans dit nie wil invul nie.

Slegs 72 van die 85 voltooide vraelyste wat terugontvang is kon vir die navorsing gebruik word (35 mans en 37 vrouens). Dit verteenwoordig 'n reaksietempo van 58%. Agt vraelyste is voltooi deur persone wat langer as vyf jaar getroud is. Twee vraelyste is voltooi deur persone wie reeds vir die tweede keer getroud is. Een vraelys is tot by 'n sekere vraag voltooi deur 'n persoon wie se skoonouers voor haar huwelik oorlede is voordat sy hulle kon ontmoet het. Twee persone het die vraelys ingevul, maar omdat hulle te veel vrae onbeantwoord gelaat het, het die navorser besluit om nie van hierdie vraelyste gebruik te maak nie.

Verdere inligting rakende die aard van die steekproef, byvoorbeeld die ouderdom van die proefpersone en die tydperk wat hulle getroud was, sal by die resultate (vergeelyk 4.2) bespreek word.

3.4 MEETINSTRUMENT

Die meetinstrument wat gebruik is, is 'n vraelys wat opgestel is deur die navorser (vergeelyk bylaag 2). Hierdie vraelys is opgestel op grond van die indringende literatuurstudie wat gehandel het oor die rol van die gesin van oorsprong op 'n individuele vorming en die invloed op sy/haar huwelikslewe; sy/haar keuse van 'n huweliksmaat

en die aard van hulle liefdesverhouding; die faktore wat 'n rol kan speel in die ontstaan van konflik met betrekking tot skoonfamilieverhouding en die positiewe invloed van skoonouers op jonggetroude pare is ook kortliks bespreek.

Die navorser het op grond van die literatuurstudie 'n groot aantal vrae gegeneer. Die eerste afdeling van die vraelys (afdeling A: vrae 1 – 9) bestaan uit items vir die insameling van demografiese data, soos geslag, ouderdom, tydperk getroud en afstand vanaf skoonouers. Afdeling B (vrae 10 – 23) bestaan uit vrae wat handel oor die invloed van 'n persoon se gesin van oorsprong op sy/haar huwelik. Afdeling C (vrae 24 – 69) bestaan uit vrae wat handel oor die rol van 'n persoon se skoonouers in sy/haar huwelikslewe en dit akkommodeer inligting wat handel oor die keuse van 'n huweliksmaat en die aard van die liefdesverhouding, die faktore wat 'n rol kan speel in die ontstaan van konflik met betrekking tot skoonfamilieverhoudinge en die positiewe invloed van skoonouers op jonggetroude pare.

Hierdie vraelys is voorgelê aan die studieleier wat allerlei regstellings aanbeveel het en daarna is die vraelys voorgelê aan 'n dosent in die Departement Psigologie van die PU vir CHO wat 'n navorsingsielkundige is, sodat sy die voorkomsgeldigheid daarvan en die duidelikheid van die vrae kon beoordeel. Die tegniese regstellings wat sy aanbeveel het, is toe aangebring.

Die vraelys is ook in Engels vertaal deur 'n geakkrediteerde vertaler van die Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut (vergelyk bylaag 3). Geeneen van die deelnemers het van die Engelse vraelyste gebruik gemaak nie.

3.5 PROSEDURE

Soos dit aangetoon is, is die meetinstrument ontwikkel op grond van die literatuurstudie. Soos vroeër aangedui, is die deelnemers bekom deur van 'n verskeidenheid werwingstrategieë gebruik te maak. Die vraelyste is weer persoonlik gaan haal by die betrokke persone.

3.6 DATA-ANALISE

Soos dit reeds gemeld is, is altesaam 124 vraelyste uitgestuur, 85 is terugontvang en 72 van hierdie vraelyste kon gebruik word. Aangesien die steekproef betreklik klein is, sal

die bevindinge slegs van toepassing gemaak word op die betrokke steekproef en sal nie veralgemeen word na die algemene populasie nie.

Die steekproef is in twee groepe verdeel, naamlik mans en vrouens om sodoende 'n vergelyking te kan tref tussen die twee groepe se belewing van hulle skoonfamilieverhoudinge.

Om vas te stel of die bevindinge wat deur middel van die literatuurstudie gemaak is in die praktyk geverifieer word, is die vraelyste ontleed. Al die vraelyste is gekodeer volgens 'n kodelys wat vooraf opgestel is, ten einde die statistiese verwerking van die gegewens te vergemaklik. Die data wat verkry is, is verwerk met SAS (Statistical analysis system).

HOOFSTUK 4

RESULTATE EN BESPREKING

4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word gefokus op die resultate wat uit die ondersoek verkry is en die interpretasie en bespreking van die resultate. Vervolgens word die bevindinge kortliks bespreek.

Daar sal eerstens gelet word op die aard van die steekproef, tweedens op die invloed van 'n persoon se gesin van oorsprong op sy/haar huwelik en dan na die rol van 'n persoon se skoonouers op sy/haar huwelikslewe. Tydens die bespreking van die vrae waar daar gebruik gemaak is van die Liekert-skaal (sewepuntskaal) sal 'n telling van een dui op geensins belangrik en 'n telling van sewe aanduidend wees van baie belangrik, tellings van vyf en ses sal beskou word as belangrik, terwyl tellings van twee en drie 'n aanduiding van onbelangrikheid sal wees. 'n Telling van vier sal as neutraal of gemiddeld beskou word. In die geval van oop vrae wat voorsiening maak daarvoor dat die respondente meer as een respons kon gee, sal die frekwensies en hulle relatiewe belangrikheid ten opsigte van mekaar bespreek word.

Die resultate wat verkry is na aanleiding van die vrae wat in die vraelys voorkom, sal in dieselfde volgorde bespreek word as die volgorde van die vrae in die vraelys. Die grootste gedeelte van die vrae in die vraelys sal een vir een hanteer word, terwyl sommige vrae wat verband hou met mekaar onder een opskrif saamgegroepeer en bespreek sal word.

4.2 AARD VAN DIE STEEKPROEF (ALGEMENE INLIGTING)

4.2.1 Geslag (vraag 1)

Soos dit vroeër aangedui is (vergeelyk 3.3), het die aanvanklike steekproef bestaan uit 42 mans (49%) (waarvan 35 gebruik kon word) en 43 vroue (51%) (waarvan 37 gebruik kon word) (vergeelyk tabel 1). Daar is dus gebruik gemaak van 35 mans (49%) en 37 vrouens (51%).

TABEL 1: GESLAG

<u>Geslag</u>	<u>Frekwensie</u>	<u>Persentasie</u>
Manlik	35	49
Vroulik	37	51

4.2.2 Ouderdom (vraag 2)

Die ouderdomme van die manlike respondente het gewissel van 23 tot 37 jaar met 'n gemiddelde ouderdom van 28 jaar (vergelyk tabel 2.1). Die ouderdomme van die vroulike respondente het gewissel van 21 tot 32 jaar met 'n gemiddelde ouderdom van 25 jaar (vergelyk tabel 2.2). Die mans se gemiddelde ouderdom is die hoogste, terwyl die vrouens se gemiddelde ouderdom drie jaar jonger is. Die grootste aantal deelnemers van beide mans (76%) en vrouens (92%) is onder 30 jaar.

TABEL 2.1: OUDERDOM: MANS

<u>Ouderdom</u>	<u>Frekwensie</u>	<u>Persentasie</u>	<u>Kum. frek.</u>	<u>Kum. Per.</u>
23	2	6	2	6
24	1	3	3	9
25	4	11	7	20
26	6	17	13	37
27	4	11	17	48
28	5	14	22	62
29	5	14	27	76
30	2	6	29	82
31	1	3	30	85
32	2	6	32	91
33	2	6	34	97
37	1	3	35	100

GEMIDDELDE OUDERDOM = 28 jaar

TABEL 2.2: OUDERDOM: VROUENS

<u>Ouderdom</u>	<u>Frekwensie</u>	<u>Persentasie</u>	<u>Kum. frek.</u>	<u>Kum. Per.</u>
21	1	3	1	3
22	8	22	9	25
23	5	14	14	39
24	6	16	20	55
25	2	5	22	60
26	4	11	26	71
27	3	8	29	79
28	2	5	31	84
29	3	8	34	92
30	1	3	35	95
32	2	5	37	100

GEMIDDELDE OUDERDOM = 25 jaar

4.2.3 Tydperk getroud (vraag 3)

TABEL 3: TYDPERK GETROUD

Mans

<u>Tydperk</u>	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>	<u>Kum. frek.</u>	<u>Kum. per.</u>
Minder as ses maande	6	17	6	17
Ses maande tot een jaar	3	9	9	26
Een tot twee jaar	10	29	19	55
Drie tot vier jaar	7	20	26	75
Vier tot vyf jaar	9	26	35	100

Vrouens

<u>Tydperk</u>	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>	<u>Kum. frek.</u>	<u>Kum. per.</u>
Minder as ses maande	4	11	4	11
Ses maande tot een jaar	4	11	8	22
Een tot twee jaar	11	30	19	52
Drie tot vier jaar	6	16	25	68
Vier tot vyf jaar	12	32	37	100

Dit blyk uit die resultate (vergelyk tabel 3) dat daar 'n groot ooreenkoms bestaan tussen die aantal mans en vrouens ten opsigte van die onderskeie tydperke wat getroud is, naamlik: ses (17%) van die manlike en vier (11%) van die vroulike respondente is minder as ses maande getroud; drie (9%) van die manlike respondente en vier (11%) van die vroulike respondente is tussen ses maande en 'n jaar getroud; tien (29%) van die manlike respondente en 11 (30%) van die vroulike respondente is tussen een en twee jaar getroud; sewe (20%) van die manlike respondente en ses (16%) van die vroulike respondente is tussen drie en vier jaar getroud en nege (26%) van die manlike respondente en twaalf (32%) van die vroulike respondente is tussen vier en vyf jaar getroud (vergelyk tabel 3). Dit blyk verder dat 'n relatiewe klein groepie van beide die mans en vrouens minder as een jaar getroud was, naamlik nege mans (28%) en agt vrouens (22%). Daarteenoor was 'n relatiewe groot hoeveelheid reeds langer as drie jaar getroud – 16 mans (46%) en 18 vrouens (48%).

4.2.4 Afstand vanaf eie ouers (vraag 6)

TABEL 4: AFSTAND VANAF EIE OUERS

Afstand	Mans		Vrouens	
	Frek.	Per.	Frek.	Per.
Dieselfde huis/erf/plaas	4	11	5	14
Dieselfde dorp/stad	11	31	16	43
Dieselfde provinsie	6	17	9	24
Ander provinsie	13	37	7	19

Dit blyk uit die resultate (vergelyk tabel 4) dat ongeveer die helfte van die deelnemers naby hulle eie ouers woon (d.w.s. in dieselfde huis/erf/plaas en dieselfde dorp/stad), naamlik 15 mans (42%) en 21 vrouens (57%). Dertien mans (37%) woon in 'n ander provinsie as hulle eie ouers en slegs sewe vrouens (19%) woon in 'n ander provinsie as hulle eie ouers.

4.2.5 Afstand vanaf skoonouers (vraag 7)

TABEL 5: AFSTAND VANAF SKOONOUERS

<u>Afstand</u>	<i>Mans</i>		<i>Vrouens</i>	
	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>
Dieselfde huis/plaas/erf	2	6	5	14
Dieselfde dorp/stad	18	51	11	30
Dieselfde provinsie	9	26	8	22
Ander provinsie	6	17	13	35

Dit blyk uit die resultate dat 'n groot hoeveelheid mans, naamlik 20 (57%) naby hulle skoonouers woon (d.w.s. dieselfde huis/erf/plaas of dieselfde dorp/stad). Hierteenoor woon minder vrouens, 16 (44%), naby hulle skoonouers (vergeelyk tabel 5). Die grootste aantal mans (51%) woon in dieselfde dorp/stad as hulle skoonouers en die grootste aantal vrouens (35%) woon in 'n ander provinsie as hulle skoonouers. Hierdie bevindinge stem ooreen met die literatuurstudie, naamlik dat 'n man se affiliasies dikwels na die huwelik verander in die rigting van sy vrou en haar familie, terwyl 'n dogter verbonde bly aan haar ouers (Jerrone, 1994).

4.2.6 Aantal kinders (vraag 9.1)

Sestien (46%) van die manlike en 17 (46%) van die vroulike deelnemers het geen kinders wat uit die huidige huwelik gebore is nie (vergeelyk tabel 6). Elf (31%) van die manlike en tien (27%) van die vroulike deelnemers het een kind (vergeelyk tabel 6). Agt (23%) van die manlike en tien (27%) van die vroulike deelnemers het twee kinders (vergeelyk tabel 6). Dit blyk dat die grootste aantal mans (46%) en vrouens (46%) geen kinders het nie.

TABEL 6: AANTAL KINDERS

<u>Getal</u>	<i>Mans</i>		<i>Vrouens</i>	
	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>
Geen kinders	16	46	17	46
Een kind	11	31	10	27
Twee kinders	8	23	10	27

4.3 DIE INVLOED VAN 'N PERSOON SE GESIN VAN OORSPRONG OP SY/HAAR HUWELIKSLEWE

4.3.1 Kenmerke/eienskappe van die huweliksmaat se gesin van oorsprong wat ooreenstem met die respondent se gesin van oorsprong (vraag 10)

TABEL 7: OOREENSTEMMENDE EIENSKAPPE IN GESINNE VAN OORSPRONG

Veranderlike	Mans		Vrouens	
	Frek.	Per.	Frek.	Per.
Geen of min ooreenstemming	7	20	5	14
Ken skoonouers nog nie so goed nie	1	3	0	0
Ouderdomme van ouers en skoonouers	1	3	1	3
Opvoeding	6	17	8	22
Sosio-ekonomiese status	2	6	3	8
Ouers en skoonouers het soortgelyke beroepe	2	6	2	5
Godsdienst	11	31	12	32
Taal en kultuur	3	9	2	5
Politiek	0	0	1	3
Dieselfde belange, gewoontes en leefwyse	7	20	8	22
Persoonlikhede van ouers en skoonouers	18	51	3	8
Beide pa's is alkoholiste	1	3	1	3
Beide ouers is geskei	1	3	1	3
Het swaargekry met tye	2	6	2	5
Liefdevolle ouerhuise	0	0	5	14
Leef vir televisiekyk	0	0	1	3
Liefde vir die kleinkinders	0	0	1	3
Voorsiening is gemaak vir naskoolse opleiding	0	0	1	3
Ouers meng nie in nie	0	0	1	3
Gesinsgehegtheid	0	0	3	8
Idee oor kinderopvoeding	0	0	1	3
Plattelandse mense	0	0	2	5

Die tellings wat behaal is op elk van die kenmerke waarna gevra is in die vraelys, word weergegee in tabel 7. Die grootste aantal mans, 18 (51%), het aangedui dat die persoonlikhede van hulle ouers en skoonouers grootliks ooreenstem. Hierdie bevindinge stem grootliks ooreen met die bevindinge in die literatuurstudie (vergelyk 2.3). Dit vind aansluiting by Boszormenyi-Nagi en Spark (1973) se observasie dat maatseleksie nie slegs op 'n bewuste of owerde vlak plaasvind nie, maar dat 'n persoon moontlik kan probeer om die gesin van oorsprong te dupliseer. Napier (1971) postuleer in sy bespreking van die komplementariteit vir die keuse van 'n huweliksmaat dat elke persoon 'n lewensmaat kies wie se gesin van oorsprong ondersteunend is tot sy eie gesin. Volgens Apter (1986) is die nuutste teorie wat aangehang word deur huweliksterapeute dat mense trou met persone met dieselfde gesinsagtergrond as hulleself. Dit is verrassend dat slegs drie vrouens (8%) hierdie veranderlike geïdentifiseer het.

Die eienskap met die tweede hoogste telling by die mans was godsdiens, naamlik 11 mans (31%). Horsley (1996) het 'n aantal faktore geïdentifiseer wat sy na aanleiding van haar kliniese ervaring beskou as die belangrikste kwessies wat verband hou met die keuse van 'n huweliksmaat. Alhoewel sy moontlik nie noodwendig die faktore in 'n bepaalde volgorde van belangrikheid geplaas het nie, is godsdiens die faktor wat tweede laaste bespreek word. Volgens Horsley (1996) word die kwessie van religie dikwels misgekyk in die hitte van die romanse deur 'n verliefde paartjie. Kinders ontken dikwels dat godsdiens vir hulle belangrik is en kan beweer dat hulle geloof vir baie jare niks vir hulle beteken het nie. Hulle kan self verras voel deur die belangrikheid wat hulle toeken aan hulle nuwe huweliksmaat se godsdienstige opvatting. Daar moet in gedagte gehou word dat Horsley (1996) se kliniese ervaring grootliks betrekking het met persone wat afkomstig is uit die Amerikaanse kultuur en dat godsdiens moontlik 'n belangriker rol speel vir persone in ander kultuurgroepe, naamlik die persone wat aan hierdie navorsing deelgeneem het. Apter (1986) ken 'n belangriker posisie aan godsdiens toe. Sy verwys na drie vlakke waarvolgens huweliksmaatseleksie plaasvind. Sy verwys eerstens na die sosiale vlak as riglyn vir die keuse van 'n huweliksmaat. Dit sluit sosiale klas, opvoeding, godsdiens, inkomste en ras in. Sewe mans (20%) het aangedui dat daar geen of min ooreenstemming is tussen die onderskeie gesinne van oorsprong. Volgens Napier (1971) kan persone ook onbewustelik bang wees dat hulle dieselfde gesinspatrone sal dupliseer wat in hulle gesin van oorsprong was. Daarom kies hulle 'n lewensmaat wie se gesin komplementêr is tot die van hulle eie, veral in die areas waarmee hulle ontevrede was in hulle eie gesin.

Volgens Gurman (1978) is dit egter ironies dat hierdie keuse van 'n komplementêre lewensmaat uiteindelik kan lei tot groot konflik in die huwelik. Na die wittebroodsdae sien die paartjie mekaar nie meer deur die distorte persepsie van hulle eie behoeftes nie, maar beseft hulle die volle realiteit van wie sy/haar lewensmaat werklik is. 'n Verdere sewe mans (20%) het aangedui dat die onderskeie gesinne van oorsprong dieselfde belange, gewoontes en leefwyses het. 'n Ooreenstemmende opvoeding het die vyfde hoogste telling behaal, naamlik ses (17%). Daarna volg taal en kultuur, sosio-ekonomiese status, dieselfde tipe beroepe wat deur beide die ouers en skoonouers beoefen word, en dat beide die ouers en skoonouers met tye swaargekry het. Verdere kenmerke wat deur die manlike respondente aangedui is, is dat die ouderdomme van die ouers en skoonouers min of meer dieselfde is, beide die pa en die skoonpa is alkoholiste, die ouers sowel as die skoonouers is geskei en een man het aangedui dat hy sy skoonouers nog nie so goed ken nie.

Godsdien is deur die vroulike deelnemers as die belangrikste faktor aangewys. Die grootste aantal vrouens, naamlik 12 (32%) het aangedui dat hulle en hulle huweliksmaats uit godsdienstige huisgesinne kom. Dieselfde opvoeding en belange, gewoontes en leefwyse het gesamentlik die tweede hoogste telling behaal, naamlik telkens agt vrouens (22%). Vyf vrouens (14%) het aangedui dat die onderskeie gesinne geen of min ooreenstemming toon, terwyl 'n verdere vyf vrouens (14%) aangedui het dat hulle en hulle mans uit liefdevolle ouerhuise kom. Daarna volg dieselfde sosio-ekonomiese status, beide die ouers en skoonouers het min of meer dieselfde tipe persoonlikhede, gesinsgehegtheid, die ouers en die skoonouers beoefen dieselfde tipe beroepe, die onderskeie gesinne het dieselfde taal en kultuur, die ouers en die skoonouers het met tye swaargekry, beide ouerspare is plattelandse mense, die ouers en die skoonouers is ongeveer dieselfde ouderdom, die onderskeie gesinne se politieke sieninge stem ooreen, beide pa's is alkoholiste, beide ouerspare is geskei, beide gesinne van oorsprong hou baie daarvan om televisie te kyk, beide ouerspare is lief vir hulle kleinkinders, voorsiening is vir die kinders gemaak vir naskoolse opleiding, die ouers en die skoonouers meng nie in hulle kinders se huwelike in nie en beide gesinne van oorsprong het dieselfde idees oor kinderopvoeding.

Dit blyk uit tabel 7 dat die belangrikste eienskappe wat volgens beide die manlike en vroulike deelnemers voorkom in hulle gesinne van oorsprong die volgende is: godsdien (31% mans en 32% vrouens); dieselfde belange, gewoontes en leefwyses

(20% mans en 22% vrouens) en opvoeding (17% mans en 22% vrouens). 'n Vierde faktor wat aangedui is, is dat daar geen of min ooreenstemming is tussen die persone se gesinne nie – 20% mans en 14% vrouens. Soos dit aangetoon is, is die grootste verskil tussen die manlike en vroulike respondente dat daar ooreenstemming is tussen die onderskeie skoonouers se persoonlikhede.

4.3.2 Kenmerke van die huweliksmaat se gesin van oorsprong wat verskil met die respondent se gesin van oorsprong (vraag 11)

Die tellings wat behaal is op elk van die kenmerke wat verskil wat in die vraelys gevra is, word vervolgens weergegee in tabel 8.

Die grootste aantal mans, 12 (34%), het aangedui dat daar minimum of geen verskille is, ten opsigte van eienskappe wat verskil met betrekking tot die onderskeie gesinne van oorsprong nie. Volgens Napier (1971) kies elke persoon 'n lewensmaat wie se gesin van oorsprong ondersteunend is tot sy eie gesin van oorsprong. Apter (1986) sluit hierby aan deur aan te dui dat mense met persone trou wat dieselfde gesinsagtergrond as hulleself het.

Die tweede grootste aantal mans, ses (17%), het aangedui dat hulle ouers en hulle skoonouers verskillende tipes verhoudings met hulle kinders het. Die derde grootste aantal mans, vyf (14%), het aangedui dat hulle ouers en skoonouers nie ewe veel daarvan hou om uit te gaan of te gaan kuier nie, en vyf (14%) het ook aangedui dat hulle en hulle huweliksmaats se onderskeie gesinne van oorsprong nie dieselfde graad van gehegtheid in die gesin het nie. Daarna volg verskillende leefwyses en omstandighede, naamlik vier (11%).

Die faktore wat hierna volg, is dat een van die huweliksmaats se ouers geskei is; daar is nie ewe veel fisieke kontak met mekaar in die onderskeie gesinne van oorsprong nie; die ouers en skoonouers se persoonlikhede verskil baie; een huweliksmaat se ouer/s gebruik oormatig drank; taalverskille; godsdienstige verskille; een huweliksmaat se ouers het meer vryheid en onafhanklikheid gebied aan hulle kinders; die getal kinders in die onderskeie gesinne van oorsprong verskil (enkelkind teenoor meer as een kind); een huweliksmaat se ouers is meer liefdevol en belangstellend en een man het aangedui dat alles verskil met betrekking tot eienskappe van die gesinne van oorsprong.

TABEL 8: EIENSKAPPE WAT VERSKIL IN GESINNE VAN OORSPRONG

Veranderlike	Mans		Vrouens	
	Frek.	Per.	Frek.	Per.
Minimum of geen verskille	12	34	5	14
Alles verskil	1	3	1	3
Ken hulle nie goed genoeg nie	0	0	1	3
Kuier teenoor tuisbly	5	14	2	5
Oormatige drankgebruik teenoor matige drankgebruik	1	3	1	3
Gehegtheid teenoor niegehegtheid	5	14	6	16
Taalverskille	1	3	0	0
Verskillende leefwyses en omstandighede	4	11	2	5
Godsdienstige verskille	1	3	4	11
Geskeide ouers teenoor getroude ouers	2	6	0	0
Verskillende verhoudings met hulle kinders	6	17	12	32
Meer vryheid en onafhanklikheid aan kinders	1	3	6	16
Fisieke kontak	2	6	3	8
Kommunikasie	0	0	1	3
Onstabiele gesinsagtergrond teenoor stabiliteit	0	0	1	3
Persoonlikhede	2	6	3	8
Getal kinders verskil (enkelkind teenoor meer kinders)	1	3	2	5
Konserwatief teenoor liberaal	0	0	2	5
Liefdevolheid en belangstelling	1	3	4	11
Skoonmoeder: besigheidsvrou teenoor moeder: huisvrou	0	0	1	3
Ingesteldheid op reputasie	0	0	1	3
"Doen-dit-self-mense" teenoor "laat-dit-doen-mense"	0	0	2	5
Gebuike m.b.t. tradisies	0	0	4	11
Plattelandse mense teenoor dorpsmense	0	0	3	8

Die grootste aantal vrouens, 12 (32%), het aangedui dat die onderskeie ouerpare verskillende tipes verhoudings met hulle kinders het. Die tweede grootste aantal vroulike respondente, ses (16%), het aangedui dat een ouerpaar meer vryheid en onafhanklikheid aan hulle kinders bied, tesame met dieselfde hoeveelheid repondente wat aangedui het dat die een gesin van oorsprong 'n meer gehegte gesin is as die van die ander huweliksmaat. Vyf vrouens (14%) het aangedui dat daar minimum of geen verskille is ten opsigte van die onderskeie gesinne van oorsprong. Daarna volg godsdienstige verskille, vier (11%); die mate van liefdevolheid en belangstelling in die onderskeie gesinne van oorsprong, vier (11%); verskille ten opsigte van gebruike met betrekking tot tradisies, vier (11%); die een gesin van oorsprong het meer fisieke kontak as die ander gesin van oorsprong; verskillende persoonlikhede in die onderskeie gesinne van oorsprong en die een gesin van oorsprong is plattelandse mense terwyl die ander gesin van oorsprong dorpsmense is. Die volgende faktore het twee tellings per faktor behaal, naamlik: die een ouerpaar hou meer daarvan om te gaan kuier, terwyl die ander ouerpaar daarvan hou om by die huis te bly; verskillende leefwyses en omstandighede; die getal kinders in die gesinne verskil; die een gesin van oorsprong is konserwatief, terwyl die ander een liberaal is; die een gesin van oorsprong is "doen-dit-self-mense", terwyl die ander gesin "laat-dit-doen-mense" is. Die volgende faktore het slegs een telling per faktor behaal, naamlik: alles verskil ten opsigte van haar en haar man se onderskeie gesinne van oorsprong; een vrou het aangedui dat sy haar man se gesin van oorsprong nie goed genoeg ken nie; oormatige teenoor matige drankgebruik; kwaliteit en kwantiteit van kommunikasie verskil; onstabiele gesinsagtergrond teenoor 'n stabiele gesinsagtergrond; die een moeder is 'n besigheidsvrou, terwyl die ander moeder 'n huisvrou is en die gesteldheid op reputasie verskil.

Dit blyk dat die vroulike respondente aansienlik meer verskillende eienskappe as die manlike respondente aangetoon het. Dit blyk uit die tabel dat die belangrikste kenmerke van verskille soos aangedui deur beide die manlike en vroulike respondente die volgende is: minimum of geen verskille (mans, 34% en vrouens, 14%); verskillende tipes verhoudings met hulle kinders (mans, 17% en vrouens, 32%) en gehegtheid teenoor niegehegtheid (mans, 14% en vrouens, 16%).

4.3.3 Faktore wat 'n rol gespeel het in die keuse van 'n huweliksmaat (vraag 12)

Die faktor wat volgens 21 (60%) van die manlike respondente die belangrikste rol gespeel het in die keuse van 'n huweliksmaat, was die persoonlikheidseienskappe van hulle toekomstige eggenote (vergelyk tabel 9)

Volgens Apter (1986) is die tweede vlak wat 'n belangrike rol speel, ten opsigte van maatseleksie bepaalde persoonlikheidseienskappe, fisieke aantreklikheid, gedeelde belangstellings en ideale en ambisies (vergelyk 2.3.4). Die manlike respondente het geensins verwys na enige van die faktore in Apter se eerste vlak waarvolgens maatseleksie plaasvind nie. Dit behels sosiale klas, opvoeding, godsdiens, inkomste en ras. Vriendskap en liefde is aangedui as die tweede belangrikste faktore, beide faktore het elk vier tellings (11%) behaal. Daarna volg faktore soos fisieke voorkoms, dieselfde belange en lewenswaardes, seks, vertroue, die tydperk wat die voornemende huweliksmaats mekaar ken, voorhuwelikse swangerskap, kwalifikasies, bystand in tye van nood, en die moeder het haar kind aangemoedig om met die spesifieke vrou te trou. Die manlike respondente het baie minder response gegee as die vroulike respondente.

Twee en twintig (59%) van die vroulike respondente het ook aangedui dat persoonlikheidseienskappe die grootste rol gespeel het tydens maatseleksie. Die tweede belangrikste faktor wat aangedui is, is liefde, 17 (46%). Godsdiens en kultuur het die derde hoogste telling, nege (24%) behaal, alhoewel geen een van die manlike respondente dit as belangrik beskou het nie. Hierdie faktore is deel van Apter (1986) se eerste vlak van maatseleksie. Daarna volg dieselfde belange en lewenswaardes, sewe (19%). Die manlike respondente het laasgenoemde faktor laer op die ranglys geplaas. Dit vorm deel van Apter (1986) se tweede vlak van maatseleksie. Dit was verder vir die vroulike respondente belangrik dat hulle toekomstige huweliksmaats 'n goeie opvoeding gehad het, vyf (14%), alhoewel dit blyk uit tabel 9 dat dit nie vir die manlike respondente 'n rol gespeel het nie.

TABEL 9: FAKTORE BETROKKE IN DIE KEUSE VAN 'N HUWELIKSMAAT

Veranderlike	Mans		Vrouens	
	Frek.	Per.	Frek.	Per.
Vriendskap	4	11	4	11
Liefde	4	11	17	46
Seks	2	6	2	5
Persoonlikheidseienskappe	21	60	22	59
Kommunikasie	0	0	2	5
Fisieke voorkoms	3	9	3	8
Fisieke aantrekkingskrag	0	0	3	8
Intelligensie	0	0	1	3
Vertroue	1	3	4	11
Ken mekaar lank	1	3	2	5
Voorhuwelikse swangerskap	1	3	1	3
Kwalifikasie	1	3	0	0
Dieselfde belange en lewenswaardes	3	9	7	19
Bystand in tye van nood	1	3	2	5
Moeder het kind aangemoedig	1	3	1	3
Ouers het van toekomstige huweliksmaat gehou	0	0	1	3
Respek en goeie behandeling	0	0	2	5
Stel die huweliksmaat altyd eerste	0	0	1	3
Goeie opvoeding	0	0	5	14
Godsdiens en kultuur	0	0	9	24
Sekuriteit	0	0	2	5
Werk as 'n span saam	0	0	1	3
Sosiaal (dieselfde vriende, ens.)	0	0	1	3
Huweliksmaat rook en drink nie	0	0	1	3
Dieselfde agtergrond	0	0	4	8

Verdere faktore wat aangedui is, is vriendskap, vier (11%), en vertroue, vier (11%). Apter (1986) is van mening dat ons tog nie 'n lewensmaat kies soos wat ons 'n vriend kies nie, en 'n huweliksmaat is nie bloot 'n vriend wat ons aantreklik vind nie. Vier (11%)

van die vroulike respondente het aangedui dat dit belangrik is dat twee huweliksmaats dieselfde agtergrond het. Daarna volg fisieke voorkoms en fisieke aantrekkingskrag.

Wanneer hierdie twee faktore saamgevoeg word, was dit inderwaarheid 'n belangrike faktor wat die vroulike respondente in ag geneem het tydens die keuse van hulle huweliksmaat (vlak 2 van Apter [1986] se drie vlakke waarvolgens die keuse van 'n huweliksmaat plaasvind). Daarna volg seks, kommunikasie, die tydperk wat die persone mekaar geken het, bystand in tye van nood, sekuriteit en respek en goeie behandeling. Dit is verrassend dat laasgenoemde faktor so laag in die ranglys is. Verdere faktore wat 'n rol gespeel het, is intelligensie, voorhuwelikse swangerskap, die moeder het haar dogter aangemoedig om met die spesifieke man te trou, die ouers het van haar keuse gehou, die eggenoot het haar altyd eerste gestel, die maats werk saam as 'n span, hulle het dieselfde vriende (dieselfde sosiale vlak – Apter [1986] se eerste vlak waarvolgens die keuse van 'n huweliksmaat plaasvind) en die huweliksmaat rook en drink nie.

Dit blyk dat die manlike deelnemers aansienlik minder response gelewer het op hierdie oopvraag tipe as die vroulike deelnemers. Die faktore wat aangedui is, is grootliks op ower vlak.

4.3.4 Aspekte van 'n persoon se huweliksmaat se gesin van oorsprong wat 'n rol gespeel het in 'n persoon se keuse van 'n huweliksmaat (vraag 13)

Die aspekte wat deur die proefpersone aangedui is op hierdie vraag in die vraelys word in tabel 10 weergegee.

'n Groot aantal manlike respondente, 16 (46%), en vroulike respondente, 14 (38%), het geen respons gegee nie en die tweede grootste aantal manlike respondente, agt (23%), en vroulike respondente, ses (16%), het aangedui dat daar geen of nie veel aspekte is wat 'n rol gespeel het nie. Die rede hiervoor is dat die vraag moontlik meer op die onbewuste vlak ingestel is. Persone kan dikwels doelbewus probeer om die gesin van oorsprong te kontrasteer (Boszormenyi-Nagi & Spark, 1973), omdat hulle onbewustelik bang is dat hulle dieselfde gesinspatrone sal dupliseer wat in hulle eie gesin van oorsprong was (Napier, 1971). Daarom is dit vir sekere persone onmoontlik om op bewuste vlak te dink dat hulle keuse van 'n huweliksmaat moontlik beïnvloed is deur daardie persoon se gesin van oorsprong.

TABEL 10: ASPEKTE VAN 'N PERSOON SE HUWELIKSMAAT SE GESIN VAN OORSPRONG WAT 'N ROL GESPEEL HET IN 'N PERSOON SE KEUSE VAN 'N HUWELIKSMAAT

Veranderlike	Mans		Vrouens	
	Frek.	Per.	Frek.	Per.
Nie veel nie of geen	8	23	6	16
Aanvaarding en aanmoediging vanaf skoonouers	4	11	0	0
Godsdienstigheid	1	3	0	0
Persoonlikhede	6	17	4	11
Een of albei skoonouers is harde werkers	0	0	2	5
Lojaliteit	0	0	1	3
Gesinsagtergrond moet ooreenstem	0	0	2	5
Respek	0	0	1	3
Neem deel in skoonkind se belangstellings	0	0	1	3
Skoonmoeder se teenkating het aangetrokkenheid laat groei	0	0	1	3
Geen respons	16	46	14	38

Die veranderlike wat die derde hoogste telling behaal het by die manlike respondente, ses (17%), is die persoonlikhede van lede van die huweliksmaat se gesin van oorsprong wat vir die respondente positief was. Aanvaarding en aanmoediging vanaf die toekomstige skoonouers (4 – 11%) is ook aangedui as 'n aspek wat 'n rol gespeel het en daarna volg godsdienstigheid.

Vier dames (11%) het die persoonlikhede van lede van die huweliksmaat se gesin van oorsprong as 'n belangrike aspek aangewys en daarna dat een of albei skoonouers hardwerkende persone is. Daarna volg die huweliksmaats se gesinsagtergronde wat ooreenstem, byvoorbeeld lojaliteit, respek, die skoonouers stel belang in die skoonkind se belangstellings en die toekomstige skoonma se teenkating wat die vrou se aangetrokkenheid tot haar toekomstige eggenoot laat groei het.

4.3.5 Toestemming om te trou (vraag 14 – 16)

Die tellings wat behaal is op die vrae wat in die vraelys gevra is, word vervolgens in tabel 11,12,13 en 14 weergegee.

TABEL11: WORD DIE GEBRUIK OM OUERS TE VRA AS OUDMODIES BESKOU?

	<i>Mans se mening</i>		<i>Vrouens se mening</i>	
	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>
Ja	6	17	4	11
Nee	28	80	32	86
Geen respons	1	3	1	3

Die grootste aantal mans, 28 (80%), en dames, 32 (86%), het aangedui dat dit nie oudmodies is om ouers te vra nie (vergeelyk tabel 11). Hierdie bevindinge stem grootliks ooreen met die bevindinge in die literatuurstudie (vergeelyk 2.4.1).

TABEL12: HET DIE HUWELIKSPAAR TOESTEMMING GEKRY OM TE TROU?

	<i>Mans</i>		<i>Vrouens</i>	
	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>
Nee	4	11	1	3
Ja, van beide stelle ouers	25	71	31	84
Ja, slegs van sy ouers af	2	6	4	11
Ja, slegs van haar ouers af	3	9	0	0
Geen respons	1	3	1	3

Die grootste aantal manlike, 25 (71%), en vroulike respondente, 31 (84%), het aangedui dat hulle toestemming ontvang het om te trou van albei stelle ouers (vergeelyk tabel 12). Dit is baie positief, aangesien die literatuur aandui dat daar 'n hoë korrelasie is tussen huweliksprobleme en die toestemming om te trou (Horsley, 1996). Na aanleiding van Duvall (soos aangehaal deur Horsley, 1996) se studie was daar algemene eenstemmigheid oor die verskynsel dat 'n jong man of vrou meer moeilikhede te wagte kan wees as een of meer van die ouers die huwelik afkeur, as wat albei pare ouers hulle seënwense vir die huwelik gee. Op grond van Duvall se navorsing kan dus voorgestel word dat aanvanklike toestemming om te trou moontlik 'n voorspeller is van goeie skoonfamilieverhoudings tydens die huwelik en dat voorlopige teenkantiing deur ouers

moontlik probleme met die skoonfamilie kan voorspel. Vier (11%) van die manlike respondente het glad nie toestemming ontvang om te trou nie, terwyl drie (9%) slegs van die vrou se ouers toestemming ontvang het en ses persent het slegs van die man se ouers toestemming ontvang. Vier (11%) van die vroulike respondente het slegs van hulle eie ouers toestemming ontvang om te trou, terwyl een (3%) persent glad nie toestemming ontvang het om te trou nie (vergelyk tabel 12).

TABEL 13: HET DIE TOESTEMMING OM TE TROU 'N INVLOED OP 'N PERSOON SE HUWELIKSGELUK?

	<i>Mans se mening</i>		<i>Vrouens se mening</i>	
	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>
Ja	11	31	16	43
Nee	23	66	19	51
Geen respons	1	5	2	5

Die grootste aantal manlike, 23 (66%), en vroulike respondente, 19 (51%), was van mening dat die toestemming om te trou geen invloed op persone se huweliksgeluk het nie (vergelyk tabel 13). Hierdie bevindinge is in direkte kontras met die bogenoemde bevindinge van Duvall. Volgens Stanton (soos aangehaal deur Horsley, 1996) is daar ook 'n hoë korrelasie tussen huweliksprobleme en die toestemming om te trou.

Die 11 manlike respondente (31%) en 16 vroulike respondente (43%) wat positief geantwoord het op die vraag of die toestemming om te trou 'n invloed op 'n persoon se huweliksgeluk het, het sekere veranderlikes genoem wat as motivering dien vir hulle antwoord (vergelyk tabel 14).

Drie van die mans (27%) het aangedui dat dit omstandighede vergemaklik, terwyl nog drie mans (27%) die seën van hulle ouers op hulle huwelik as belangrik beskou het, omdat dit onmin kan voorkom. Twee mans (18%) het aangedui dat dit belangrik is dat albei partye mekaar se griewe verstaan voor die huwelik, 'n verdere twee mans (18%) het aangedui dat dit belangrik is om aanvaar te word, een man het aangedui dat hy sy ouers en skoonouers tevrede wil stel en 'n goeie atmosfeer behou, nog een man het aangedui dat dit belangrik is om met mekaar se ouers oor die weg te kom, en nog 'n man het aangedui dat wedersydse goedkeuring seën en harmonie bring tussen families. Laastens het nog 'n man aangedui dat toestemming om te trou 'n invloed het op persone se huweliksgeluk wanneer hulle 'n sekere ouderdom is.

TABEL 14: WAAROM HET DIE TOESTEMMING OM TE TROU 'N INVLOED OP 'N PERSOON SE HUWELIKSGELUK?

Veranderlike	Mans		Vrouens	
	Frek.	Per.	Frek.	Per.
Vergemaklik omstandighede	3	27	3	19
Seën van ouers is baie belangrik – voorkom onmin	3	27	3	19
Alle partye verstaan mekaar se griewe voor die huwelik	2	18	0	0
Wil ouers tevrede stel en 'n goeie verhouding behou	1	9	8	50
Persoon weet ouers stem saam met sy/haar keuse	1	9	2	13
Halfte van huweliksgeluk hang af van ouers se tevredenheid	0	0	1	6
Noodsaaklik vir toekomstige geluk en vertroue	0	0	1	6
Dis belangrik om aanvaar te word	2	18	2	13
Probleme voor huwelik duur voort tydens huwelik	0	0	1	6
'n Persoon trou ook met die skoonfamilie	0	0	1	6
Belangrik om met mekaar se ouers oor die weg te kom	1	9	1	6
Wedersydse goedkeuring bring seën en harmonie Tussen families	1	9	0	0
Toestemming om te trou het 'n invloed op persone se huweliksgeluk wanneer hulle 'n sekere ouderdom bereik	1	9	0	0

Dit was vir die grootste aantal vroulike respondente, naamlik agt (50%), belangrik om hulle ouers en skoonouers tevrede te stel om 'n goeie verhouding/gesindheid te behou. Hierdie bevindinge stem ooreen met die literatuurstudie. Volgens Horsley (1996) verklaar sekere vroue dikwels dat die sleutel tot goeie skoonfamilieverhoudings is om die hoop vir selferkenning te laat vaar, selfekspressie af te skaal en om die sogenaamde "goeie gedragsindroom" te handhaaf (vergelyk 2.4.10). Skoonseuns en -dogters raak

dikwels verstrengel in hierdie sindroom. Hulle wil hulle skoonouers ten alle koste tevrede stel, aangesien hulle bewus is van moontlike konflik wat kan ontstaan met betrekking tot hierdie verhoudings en wil dit graag vermy (Horsley, 1996). Daar was egter slegs een manlike respondent wat hierdie veranderlike as belangrik beskou het. Verdere veranderlikes is in die volgende volgorde deur die vroulike respondente as belangrik aangedui: drie respondente (19%) meen dit vergemaklik omstandighede; drie (19%) sê die seën van die ouers is belangrik – dit voorkom onmin; twee (13%) persone weet die ouers stem saam met haar keuse; twee (13%) antwoord dat dit belangrik is om aanvaar te word; die helfte van die huweliksgeluk hang af van die ouers se tevredeheid; dis noodsaaklik vir toekomstige geluk en vertroue; probleme wat reeds voor die huwelik bestaan duur voort tydens die huwelik; dis belangrik om met mekaar se ouers oor die weg te kom, en 'n persoon trou ook met die skoonfamilie.

4.3.6 Faktore wat 'n rol speel ten opsigte van 'n persoon se skoonouers se goedkeuring of teenkanting van die persoon as skoonseun/skoondogter (vraag 17 - 20)

Volgens Horsley (1996) is die belangrikste kwessies wat verband hou met die keuse van 'n huweliksmaat en die goedkeuring of teenkanting teenoor die nuwe lid van die familie verwant aan ouderdom, opvoeding, sosio-ekonomiese status, religie en kulturele faktore (vergelyk 2.4.1). Die tellings wat behaal is op elk van die faktore, word vervolgens in tabel 15.1 en tabel 15.2 weergegee.

Agt-en-twintig mans (80%) het aangedui dat godsdiens 'n belangrike rol gespeel het (telling van 5 – 7 op die skaal), ten opsigte van hulle skoonouers se goedkeuring of teenkanting van hulle as skoonseuns (vergelyk tabel 15.1). Vyf-en-twintig mans (71%) het aangedui dat opvoeding 'n belangrike rol gespeel het, terwyl dieselfde aantal mans aangedui het dat kultuur 'n belangrike rol gespeel het. Tien respondente (29%) meen ouderdom speel 'n rol. Sosio-ekonomiese status is as die onbelangrikste faktor aangedui is, naamlik agt (23%), alhoewel Horsley (1996) van mening is dat sosio-ekonomiese faktore dikwels verband hou met opvoeding.

TABEL 15.1: FAKTORE WAT 'N ROL SPEEL TEN OPSIGTE VAN 'N PERSOON SE SKOONOUERS SE GOEDKEURING OF TEENKANTING VAN 'N PERSOON AS SKOONSEUN

<i>Mans se mening</i>						
<u>Veranderlike</u>	Onbelangrik(1-3)		Neutraal(4)		Belangrik(5-7)	
	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>
Ouderdom	18	51	7	20	10	29
Opvoeding	8	23	2	6	25	71
Sosio-ekonomiese status	18	51	9	26	8	23
Godsdiens	5	14	2	6	28	80
Kultuur	7	20	3	9	25	71

Een-en-dertig (84%) vroulike respondente het net soos die mans aangedui dat godsdiens 'n belangrike rol speel ten opsigte van 'n persoon se skoonouers se goedkeuring of teenkanting van die persoon as skoonseun/skoondogter (vergelyk tabel 15.2). Hierdie bevindinge is in kontras met die literatuurstudie (vergelyk 2.4.1), aangesien die kwessie van religie dikwels misgekyk word deur die verliefde paartjie in die hitte van die romanse (Horsley, 1996). Hulle besef nie dat hulle gesin van oorsprong se familie-erfenis gebaseer is op godsdienstige vieringe en rituele nie. Kinders ontken dikwels dat godsdiens vir hulle belangrik is en kan beweer dat geloof vir baie jare niks vir hulle beteken het nie. Hulle kan selfs verras voel deur die belangrikheid wat hulle toeken aan hulle nuwe huweliksmaat se godsdienstige oortuigings (Horsley, 1996).

Opvoeding is deur 26 (70%) vroulike respondente aangedui as die tweede belangrikste faktor, waarna kultuur deur 24 (65%) vroulike respondente aangewys is as die volgende belangrike faktor. Daarna volg sosio-ekonomiese status, naamlik 17 (46%). As die sosio-ekonomiese verskille te groot is, is daar dikwels nie 'n basiese grondslag te vind tussen die twee families nie en ongelukkig loop sulke huwelike dikwels uit op 'n egskeiding (Horsley, 1996). Sewe (19%) vroue meen ouderdom is 'n belangrike faktor. Volgens Horsley (1996) voel baie ouers dat hulle kind nog nie oud genoeg is om te trou nie.

TABEL 15.2: FAKTORE WAT 'N ROL SPEEL TEN OPSIGTE VAN 'N PERSOON SE SKOONOUERS SE GOEDKEURING OF TEENKANTING VAN 'N PERSOON AS SKOONDOGTER

<i>Vrouens se mening</i>						
<u>Veranderlike</u>	Onbelangrik (1-3)		Neutraal (4)		Belangrik (5-7)	
	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>
Ouderdom	24	65	6	16	7	19
Opvoeding	6	16	2	5	26	70
Sosio-ekonomiese status	15	41	10	27	17	46
Godsdiens	3	8	3	8	31	84
Kultuur	8	22	3	8	24	65

Die algemene klage van toekomstige skoonouers – uitgesproke of geïmpliseer – is dat die persoon nie goed genoeg is vir hulle kind nie. Dit is 'n taksering van hulle kind se waarde, sowel as die waarde van die model wat hulle vir hulle kind voorgehou het (Apter, 1986). In teenstelling met die literatuur het 33 (94%) van die manlike respondente en 28 (76%) van die vroulike respondente aangedui dat hulle skoonouers nie voor die huwelik te kenne gegee het (uitgesproke of geïmpliseer) dat die persoon nie goed genoeg was vir hulle kind nie (vergelyk tabel 16).

TABEL 16: HET DIE SKOONOUERS VOOR DIE HUWELIK TE KENNE GEGEE (UITGESPROKE OF GEÏMPLISEER) DAT DIE PERSOON NIE GOED GENOEG IS VIR HULLE KIND NIE?

	Mans		Vrouens	
	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>
Ja	2	6	9	24
Nee	33	94	28	76

Net soos sommige mense gemaklik voel met sekere mense en ongemaklik met ander, is dit ook so die geval met skoonouers (Apter, 1986). Twee-en-dertig (91%) manlike respondente en 27 (73%) vroulike respondente het aangedui dat hulle gemaklik voel in die teenwoordigheid van hulle skoonouers (vergelyk tabel 17). Daar is aansienlik meer vroulike respondente as manlike respondente, ses (16%) teenoor een (3%), wat

ongemaklik voel in die teenwoordigheid van hulle skoonouers. Die rede hiervoor is moontlik dat moeders, oftewel vrouens, 'n belangrike rol uitoefen in die gesinsopset en dit onvermydelik is dat sy 'n integrale posisie sal beklee ten opsigte van skoonfamilieverhoudings (Wright, 1994).

TABEL 17: HOE VOEL DIE PROEFPERSONE TANS IN HULLE SKOONOUERS SE TEENWOORDIGHEID?

	<i>Mans</i>		<i>Vrouens</i>	
	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>
Gemaklik	32	91	27	73
Ongemaklik	1	3	6	16
Ander	1	3	4	11
Geen respons	1	3	0	0

Die ideale skoonouer-skoonkind-verhouding is om die voorvoegsel "skoon" weg te neem en om die skoonkind as hulle eie te beskou. Tog plaas skoonkinders skoonouers op die verdediging. Hulle bedreig nie slegs lojaliteit, affeksie en die kulturele waardes waaraan hulle so hard gewerk het om vir hulle kinders aan te leer nie, maar word skielik die belangrikste persoon in hulle kind se lewe (Apter, 1986). Nieteenstaande bogenoemde uitsprake het 25 (71%) van die manlike respondente en 24 (65%) van die vroulike respondente aangedui dat hulle tans soos hulle skoonouers se eie kinders voel (vergelyk tabel 18).

TABEL 18: VOEL DIE PERSOON TANS SOOS SY/HAAR SKOONOUERS SE EIE SEUN/DOGTER?

	<i>Mans</i>		<i>Vrouens</i>	
	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>
Ja	25	71	24	65
Nee	10	29	13	35
Ander	0	0	4	11

Van die vier vroulike respondente wat, behalwe 'n "ja" of "nee" respons, ook 'n ander respons gegee het, het drie 'n negatiewe gevoel aangedui, terwyl een soms positief en soms negatiewe gevoelens ervaar.

4.3.7 Is daar aanvanklik van die skoonfamilie verwag om die ervaring van 'n gelukkige gesinslewe wat die persoon nie in sy/haar gesin van oorsprong beleef het nie te voorsien (vraag 21)?

Mense wil dikwels hê dat hulle skoonfamilie die ervaring van gesinslewe wat hulle nie in hulle gesin van oorsprong beleef het nie moet vervang. Dit lei dikwels tot teleurstelling, want alle gesinne het probleme en geen ouers is perfek nie (Silverstein, 1990). Twee-en-dertig (91%) mans en 34 (92%) vrouens het aangedui dat hulle nie aanvanklik van die skoonfamilie verwag het om die ervaring van 'n gelukkige gesinslewe te voorsien wat die persoon nie in sy/haar gesin van oorsprong beleef het nie (vergelyk tabel 19). Oordrag (vergelyk 2.4.8) vind dikwels nie op owerste vlak plaas nie en persone is dikwels nie bewus van onopgeloste gevoelens wat hy/sy teenoor sy/haar ouers of outoriteitsfigure in die algemeen het nie.

TABEL 19: IS DAAR AANVANKLIK VAN DIE SKOONFAMILIE VERWAG OM DIE ERVARING VAN 'N GELUKKIGE GESINSLEWE TE VOORSIEN WAT DIE PERSOON NIE IN SY/HAAR GESIN VAN OORSPRONG BELEEF HET NIE?

	<i>Mans</i>		<i>Vrouens</i>	
	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>
Ja	3	9	3	8
Nee	32	91	34	92

4.3.8 Het die proefpersone hulle skoonouers aanvanklik oorgeïdealiseer (vraag 22)?

Met positiewe oordrag (vergelyk 2.4.8) kan die aanvanklike reaksie teenoor die skoonouers oorgeïdealiseer wees (Silverstein, 1990).

TABEL 20: HET DIE PROEFPERSONE HULLE SKOONFAMILIE AANVANKLIK OORGEÏDEALISEER?

	<i>Mans</i>		<i>Vrouens</i>	
	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>
Ja	1	3	3	8
Nee	34	97	34	92

Die grootste aantal, naamlik 34 (97%) manlike respondente en 34 (92%) vroulike respondente het egter aangedui dat hulle nie aanvanklik hulle skoonouers oorgeïdealiseer het nie (vergelyk tabel 20).

4.3.9 Slotopmerkings

Die belangrikste bevindinge rakende 'n persoon se gesin van oorsprong op sy/haar huwelikslewe (vergelyk 4.3.1 – 4.3.8) is die volgende:

- Die eienskappe wat die mans aangetoon het wat veral ooreenstem met hulle en hulle huweliksmaats se gesinne van oorsprong was die volgende: die ouers se persoonlikhede (57%), godsdiens (31%), dieselfde belange, gewoontes en leefwyse (20%) en opvoeding (17%). Die vrouens het die volgende aangetoon: godsdiens (32%), dieselfde belange, gewoontes en leefwyse (22%), opvoeding (22%) en liefdevolle ouerhuise (14%).
- Eienskappe wat veral verskil tussen die gesinne van oorsprong is soos volg deur die mans aangedui: verskillende tipe verhoudings met die kinders (17%), kuier teenoor tuisbly (14%) en gehegtheid teenoor niegehegtheid (14%). Die vrouens het die volgende genoem: verskillende tipe verhoudings met die kinders (32%), gehegtheid teenoor niegehegtheid (16%) en meer vryheid en onafhanklikheid aan die kinders (16%).
- Beide die mans en die vrouens het aangetoon dat persoonlikheidseienskappe van die maat 'n belangrike rol gespeel het by die keuse van 'n huweliksmaat (60% mans en 59% vrouens). Mans het ook vriendskap (11%) en liefde (11%) aangetoon as die belangrikste faktore, terwyl vrouens die volgende aangedui het: liefde (46%), godsdiens en kultuur (24%), dieselfde belange en lewenswaardes (19%), goeie opvoeding (14%), dieselfde agtergrond (11%) vriendskap (11%) en vertrou (11%).
- Beide die manlike en vroulike deelnemers het min belangrike gegewens verstrek oor watter aspekte van die huweliksmaat se gesin van oorsprong 'n belangrike rol gespeel het by die keuse van sy/haar huweliksmaat. Nege en sestig persent mans en 54% vrouens het geen respons, en nie veel nie, of geen aangedui. Persoonlikheidseienskappe is deur 17% van die mans en 11% van die vrouens, is aangedui as moontlike faktor.

- Die meeste mans (71%) en vrouens (84%) het toestemming om te trou van beide stalle ouers gekry. Hulle was ook van mening dat dit nie oudmodies is om ouers te vra nie en die resultaat was 80% mans en 86% vrouens. Die meeste mans (66%) en vrouens (57%) het egter aangedui dat hierdie toestemming om te trou nie 'n invloed op hulle huweliksgeluk gehad het nie teenoor 31% en 43% wat wel so gedink het.
- Die redes wat aangedui is waarom die vra van toestemming om te trou belangrik is, is die volgende data by die mans verkry: dit vergemaklik omstandighede (27%), dit voorkom onmin (27%), partye verstaan mekaar se griewe voor die huwelik (18%) en dit is belangrik om aanvaar te word (18%). By die vrouens lyk dit soos volg: dit stel die ouers tevrede en behou goeie gesindheid (50%), dit vergemaklik omstandighede (19%), dit voorkom onmin (19%), dit is belangrik om aanvaar te word (13%) en die persoon weet haar ouers stem saam met haar keuse (13%).
- Ten opsigte van die faktore wat persone se skoonouers se goedkeuring of teenkanting teen hulle as skoonseun/-dogter beïnvloed het, het mans die volgende volgorde van belangrikheid aangetoon: godsdien (80%), opvoeding en kultuur, albei 71%, ouderdom (29%) en sosio-ekonomiese status (23%). Die vrouens het bykans dieselfde volgorde van belangrikheid aangetoon, naamlik godsdien (84%), opvoeding (70%), kultuur (65%), sosio-ekonomiese status (46%) en ouderdom (19%).
- Die meeste mans (94%) en vrouens (76%) het aangedui dat die skoonouers voor die huwelik nie aangedui het dat hulle nie goed genoeg is as skoonkinders nie. Een-en-negentig persent mans en 73% vrouens het dan ook aangetoon dat hulle tans gemaklik voel in hulle skoonouers se teenwoordigheid. Een-en-sewentig persent mans en 65% vrouens het aangedui dat hulle tans soos hulle skoonouers se eie seun/dogter voel.
- Sewe-en-negentig persent mans en 92% vrouens het aangedui dat hulle nie hulle skoonfamilie aanvanklik oorgeïdealiseer het nie. Hulle het daarom ook nie verwag dat hulle skoonfamilie in 'n gelukkige gesinslewe moet voorsien wat hulle nie in hulle kinderdaegesin gehad het nie. Die resultaat is 91% mans en 92% vrouens.

4.4 DIE ROL VAN 'N PERSOON SE SKOONOUERS IN SY/HAAR HUWELIKSLEWE

4.4.1 Besoeke van persone se skoonouers (vraag 24)

Die tellings wat behaal is op elk van die veranderlikes in die vraelys word vervolgens in tabel 21.1 en 21.2 weergegee.

TABEL 21.1: HOE GEREELD WORD DIE MAN EN SY GESIN DEUR SY SKOONOUERS BESOEK?

<u>Veranderlike</u>	<u>Frekwensie</u>	<u>Persentasie</u>
Baie gereeld	5	14
Gereeld	8	23
Af en toe	14	40
Selde	5	14
Amper nooit of nooit	1	3
Ander	1	3
Geen respons	1	3

TABEL 21.2: HOE GEREELD WORD DIE VROU EN HAAR GESIN DEUR HAAR SKOONOUERS BESOEK?

<u>Veranderlike</u>	<u>Frekwensie</u>	<u>Persentasie</u>
Baie gereeld	4	11
Gereeld	6	16
Af en toe	7	19
Selde	15	41
Amper nooit of nooit	4	11
Ander	1	3

Dertien (37%) manlike respondente en tien (27%) vroulike respondente word baie gereeld of gereeld deur hulle onderskeie skoonouers besoek. Veertien (40%) manlike respondente en sewe (19%) vroulike respondente word af en toe deur hulle onderskeie skoonouers besoek. Ses (17%) manlike respondente en 17 (52%) vroulike respondente word selde, amper nooit of nooit deur hulle onderskeie skoonouers besoek nie. Uit bostaande inligting blyk dit dus dat mans se skoonouers meer gereeld kuier as die vrou

se skoonouers. Die literatuurgegewens wat net hierna (by tabel 22) aangedui word, bied moontlik 'n verklaring vir hierdie bevinding.

4.4.2 Besoeke aan en kontak met persone se skoonouers (vraag 25 – 27)

Die tellings wat behaal is met vrae wat betrekking het op besoeke en kontak met persone se skoonouers word vervolgens in tabel 22, 23, 24.1 en 24.2 weergegee.

TABEL 22: HOE GEREELD BESOEK 'N PERSOON EN SY/HAAR GESIN SY/HAAR SKOONOUERS?

<u>Veranderlike</u>	<i>Mans</i>		<i>Vrouens</i>	
	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>
Baie gereeld	7	20	8	22
Gereeld	13	37	7	19
Af en toe	9	26	11	30
Selde	4	11	7	19
Amper nooit of nooit	0	0	3	8
Ander	1	3	0	0

Twintig (57%) manlike respondente en 15 (41%) vroulike respondente en hulle gesinne besoek hulle skoonouers baie gereeld of gereeld (vergeelyk tabel 22). Nege (26%) manlike respondente en elf (30%) vroulike respondente en hulle gesinne besoek hulle skoonouers af en toe. Vier (11%) manlike respondente en tien (27%) vroulike respondente en hulle gesinne besoek hulle skoonouers selde, amper nooit of nooit. Geen manlike respondente en drie (8%) vroulike respondente en hulle gesinne besoek hulle skoonouers amper nooit of nooit. Dit blyk dat die mans hulle skoonouers meer besoek as wat die vrouens hulle skoonouers besoek. Hierdie bevindinge stem ooreen met die literatuurstudie. Volgens Jerrome (1994) verander 'n man se affiliasies na die huwelik dikwels in die rigting van sy vrou en haar familie, terwyl 'n dogter verbonde bly aan haar ouers. Timmer et al. (1996) het ook na aanleiding van navorsing met betrekking tot gesinsbande by jonggetroude pare bevind dat paartjies meer tyd bestee by die vrou se gesin van oorsprong as by die man s'n, ten spyte van die voorkeur om na 'n persoon se eie gesin van oorsprong om hulp te gaan.

TABEL 23: HOE GEREELD KOMMUNIQUEER 'N PERSOON MET SY/HAAR SKOONOUERS, BYVOORBEELD DEUR MIDDEL VAN TELEFOONOPROEPE?

Veranderlike	Mans		Vrouens	
	Frek.	Per.	Frek.	Per.
Baie gereeld	5	14	12	32
Gereeld	12	34	10	27
Af en toe	13	37	9	24
Selde	3	9	2	5
Amper nooit of nooit	1	3	3	8
Geen respons	1	3	1	3

Sewentien (48%) manlike respondente en 22 (59%) vroulike respondente kommunikeer baie gereeld of gereeld met hulle skoonouers (vergelyk tabel 23). Dertien (37%) manlike respondente en nege (24%) vroulike respondente kommunikeer af en toe met hulle skoonouers. Vier (12%) manlike respondente en vyf (13%) vroulike respondente kommunikeer selde, amper nooit of nooit met hulle skoonouers. Dit blyk dat die vrouens meer as mans met hulle skoonouers kommunikeer. Moeders (oftewel die vrou in die gesin) beoefen 'n integrale rol in die gesinsopset en dit is moontlik die rede waarom die vrou in die gesin dikwels die een is wat kontak behou met haar eggenoot se gesin van oorsprong.

Agt-en-twintig (80%) manlike en 29 (79%) vroulike respondente se huweliksmaats kommunikeer baie gereeld of gereeld met hulle eie ouers (vergelyk tabel 24). Vier (11%) manlike respondente en sewe (19%) vroulike respondente se huweliksmaats kommunikeer af en toe met hulle ouers. Een (3%) van die manlike respondente se huweliksmaats en geen van die vroulike respondente se huweliksmaats kommunikeer selde, amper nooit of nooit met hulle ouers nie. Dit blyk dat daar bykans geen verskil is ten opsigte van die gereeldheid waarmee huweliksmaats met hulle eie ouers kommunikeer nie. Dit blyk dus uit die gegewens dat die manlike deelnemers hulle skoonouers meer besoek as hulle vrouens en ook meer besoeke van hulle skoonouers ontvang; hulle net so gereeld kommunikeer met hulle eie ouers as die vroulike deelnemers.

TABEL 24.1: HUWELIKSMAAT SE KOMMUNIKASIE MET SY OUERS DEUR MIDDEL VAN TELEFOONOPROEPE

Vrouens se mening

<u>Veranderlike</u>	<u>Frekwensie</u>	<u>Persentasie</u>
Baie gereeld	18	49
Gereeld	11	30
Af en toe	7	19
Selde	0	0
Amper nooit of nooit	0	0
Geen respons	1	3

TABEL 24.2: HUWELIKSMAAT SE KOMMUNIKASIE MET HAAR OUERS, BYVOORBEELD DEUR MIDDEL VAN TELEFOONOPROEPE

Mans se mening

<u>Veranderlike</u>	<u>Frekwensie</u>	<u>Persentasie</u>
Baie gereeld	13	37
Gereeld	15	43
Af en toe	4	11
Selde	0	0
Amper nooit of nooit	1	3
Geen respons	2	6

4.4.3 'n Jonggetroude persoon se belewing van sy/haar verhouding met die skoonouers (vraag 28)

Agt-en-twintig manlike respondente (80%) en dertig vroulike respondente (81%) het goeie kontak met hulle skoonouers (vergelyk tabel 25). Twee manlike respondente (6%) en drie vroulike respondente (8%) voel afsydig teenoor hulle skoonouers. 'n Enkele manlike respondent (3%) en twee (5%) vroulike respondente het aangedui dat hulle heeltemal onbetrokke voel teenoor hulle skoonouers. Die respondente wat 'n ander respons aangedui het, het ambivalente gevoelens teenoor hulle skoonouers (vergelyk tabel 25). Dit blyk dus dat die deelnemers van die navorsing meestal 'n positiewe belewenis van hulle skoonouers het, alhoewel die literatuur meer fokus op die negatiewe aspekte in skoonfamilieverhoudings.

TABEL 25: PERSONE SE BELEWING VAN DIE VERHOUDING MET HULLE SKOONOUERS

Veranderlike	Mans		Vrouens	
	Frek.	Per.	Frek.	Per.
Onbetrokke	1	3	2	5
Afsydig	2	6	3	8
Goeie kontak	28	80	30	81
Oorbetrokke	1	3	0	0
Ander	2	6	2	5
Geen respons	1	3	0	0

4.4.4 Huweliksmaat se lojaliteit teenoor sy/haar gesin van oorsprong en sy/haar huwelik/gesin (vraag 29 – 34)

Die tellings wat behaal is ten opsigte van die verskillende aspekte van lojaliteit met betrekking tot persone se gesin van oorsprong en die nuwe gesin, word vervolgens in tabel 26, 27, 28 en 29 weergegee.

Alle huwelike word in 'n sekere mate belas met elke huweliksmaat se onvereffende rekeninge van lojaliteit tot sy/haar gesin van oorsprong (Horsley, 1996). Lojaliteit teenoor 'n persoon se gesin van oorsprong is 'n natuurlike verskynsel; dit gee die persoon 'n gevoel van nabyheid en affiliasie teenoor diegene wat hom/haar grootgemaak het en saam met wie hy/sy grootgemaak is. Nege-en-twintig manlike respondente (83%) en 32 vroulike respondente (86%) het saamgestem dat hulle huweliksmaats baie lojaal is teenoor hulle gesinne van oorsprong (vergelyk tabel 26). Vier (11%) manlike respondente en een (3%) vroulike respondent het aangedui dat hulle huweliksmaats soms lojaal is teenoor hulle gesinne van oorsprong. Drie (8%) vroulike respondente het aangedui dat hulle mans glad nie lojaal is teenoor hulle gesinne van oorsprong nie. Geen van die manlike respondente het aangedui dat hulle vrouens glad nie lojaal is teenoor hulle gesinne van oorsprong nie.

TABEL 26: HUWELIKSMAAT SE LOJALITEIT TEN OPSIGTE VAN SY/HAAR GESIN VAN OORSPRONG

<u>Lojaal</u>	<i>Mans</i>		<i>Vrouens</i>	
	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>
Glad nie (1-3)	0	0	3	8
Soms (4)	4	11	1	3
Baie (5-7)	29	83	32	86
Geen respons	2	6	1	3

Lojaliteit teenoor 'n persoon se gesin van oorsprong is dikwels 'n onherkende krag wat 'n definitiewe impak het op skoonfamilieverhoudinge (Horsley, 1996). Volgens Boszormenyi-Nagi en Spark (1973) is daar dikwels konfrontasies tussen twee oorspronklike gesinsisteme in 'n huwelik. Dit kan 'n belangrike invloed hê op die nuwe huwelik. Die bevindinge wat verkry is uit die navorsing verskil van die bevindinge in die literatuur. Sewe-en-twintig manlike respondente (77%) en 28 vroulike respondente (76%) het aangedui dat hulle huweliksmaats se lojaliteit ten opsigte van die gesinne van oorsprong geen invloed op hulle huwelik het nie (vergeelyk tabel 27).

TABEL 27: INVLOED VAN HUWELIKSMAAT SE LOJALITEIT TEN OPSIGTE VAN SY/HAAR GESIN VAN OORSPRONG OP DIE HUWELIK

<u>Veranderlike</u>	<i>Mans</i>		<i>Vrouens</i>	
	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>
Invloed op huwelik	3	9	7	19
Geen invloed op huwelik	27	77	28	76
Geen respons	5	14	2	5

Dertig manlike respondente (86%) en 34 vroulike respondente (92%) het aangedui dat hulle huweliksmaats baie lojaal is teenoor hulle eie huwelike en gesinne (vergeelyk tabel 28). Een manlike respondent (3%) en drie vroulike respondente (8%) het aangedui dat hulle huweliksmaats net soms lojaal teenoor hulle eie huwelike en gesinne is. Een manlike respondent (3%) en geen vroulike respondent het aangedui dat die huweliksmaat glad nie lojaal teenoor sy/haar huwelik en gesin is nie.

TABEL 28: DIE MATE VAN DIE HUWELIKSMAAT SE LOJALITEIT TEN OPSIGTE VAN SY/HAAR HUWELIK/GESIN

Lojaal	Mans se mening		Vrouens se mening	
	Frek.	Per.	Frek.	Per.
Glad nie lojaal nie (1-3)	1	3	0	0
Soms lojaal (4)	1	3	3	8
Baie lojaal (5-7)	30	86	34	92
Geen respons	3	9	0	0

Nege-en-twintig manlike respondente (83%) en 33 vroulike respondente (89%) het aangedui dat hulle skoonouers baie respek het vir hulle kinders se nuwe lojaliteite (vergeelyk tabel 29).

TABEL 29: DIE MATE VAN RESPEK VANAF SKOONOUERS VIR HULLE KIND SE NUWE LOJALITEITE

Respek	Mans se mening		Vrouens se mening	
	Frek.	Per.	Frek.	Per.
Geen respek	3	9	2	5
Soms	1	3	1	3
Baie respek	29	83	33	89
Geen respons	2	6	1	3

Drie (9%) manlike respondente en twee (5%) vroulike respondente het aangedui dat hulle skoonouers geen respek het vir hulle kinders se nuwe lojaliteite nie, terwyl een manlike respondent (3%) en een vroulike respondent (3%) aangedui het dat hulle skoonouers soms respek het vir hulle kinders se nuwe lojaliteite.

4.4.5 Grense ten opsigte van die gesinne van oorsprong (vraag 35, 36, 38, 39, 41 en 44)

Die tellings wat behaal is op die vrae in die vraelys wat verband hou met grense ten opsigte van die gesinne van oorsprong, word vervolgens in tabel 30, 31, 32, 33, 34 en 35 weergegee.

Een-en-twintig manlike respondente (60%) en 19 vroulike respondente (51%) het aangedui dat min konflik in hulle huwelike voorkom ten opsigte van tradisies/gebruike/gewoontes wat bestaan het in die gesin van oorsprong (vergelyk tabel 30).

TABEL 30: DIE MATE VAN KONFLIK TUSSEN HUWELIKSMAATS TEN OPSIGTE VAN TRADISIES/GEBRUIKE/GEWOONTES WAT VOORGEKOM HET IN DIE GESIN VAN OORSPRONG

<u>Konflik</u>	<i>Mans se mening</i>		<i>Vrouens se mening</i>	
	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>
Min (1-3)	21	60	19	51
Soms (4)	4	11	6	16
Baie (5-7)	8	23	9	24
Geen respons	2	6	3	8

Agt (23%) manlike respondente en nege (24%) vroulike respondente het aangedui dat daar baie konflik voorkom in hulle huwelike ten opsigte van tradisies/gebruike/gewoontes, terwyl vier (11%) manlike respondente en ses (16%) vroulike respondente 'n neutrale respons, soms, gegee het (vergelyk tabel 30). Alhoewel die meeste deelnemers aangedui het dat daar min konflik in hulle huwelike voorkom ten opsigte van tradisies/gebruike/gewoontes, word daar in die literatuur groot klem geplaas op persone se lojaliteit met betrekking tot hierdie kwessie. Volgens Wright (1994) het persone meestal sterk lojaliteit met betrekking tot tradisies en kan persone bots oor eenvoudige tradisies.

Die grootste aantal manlike respondente, 15 (43%), en vroulike respondente, 14 (38%), het aangedui dat hulle huweliksmaats verkies om ewe veel kuiertyd by elkeen se ouers deur te bring (vergelyk tabel 31).

TABEL 31: BY WELKE OUERS VERKIES PERSONE OM HULLE KUIERTYD DEUR TE BRING?

<u>Veranderlike</u>	<u>Frekwensie</u>	<u>Persentasie</u>
<i>Mans se mening oor waar hulle vrouens hulle kuiertyd graag deurbring</i>		
Haar ouers	9	26
Sy ouers	5	14
Ewe veel by elkeen se ouers	15	43
Ander	3	9
Geen respons	3	9

<u>Veranderlike</u>	<u>Frekwensie</u>	<u>Persentasie</u>
<i>Vrouens se mening oor waar hulle mans hulle kuiertyd graag deurbring</i>		
Sy ouers	12	32
Haar ouers	6	16
Ewe veel by elkeen se ouers	14	38
Ander	3	8
Geen respons	2	5

Daarna het nege (26%) manlike respondente en twaalf (32%) vroulike respondente aangedui dat hulle huweliksmaats verkies om hulle kuiertyd by hulle eie ouers deur te bring. Vyf (14%) manlike respondente het aangedui dat hulle eggenote verkies om hulle kuiertyd by hulle skoonouers deur te bring, terwyl ses (16%) vroulike respondente aangedui het dat hulle eggenote verkies om hulle kuiertyd by hulle skoonouers deur te bring. Dit wil dus voorkom dat meer vroulike deelnemers as manlike deelnemers aangedui het dat hulle huweliksmaats verkies om hulle kuiertyd by hulle eie ouers deur te bring. Hierdie bevindinge is in teenstelling met die literatuur. Volgens Jerrrome (1994) verander 'n seun se affiliasies na die huwelik dikwels in die rigting van die vrou en haar familie.

TABEL 32: IN WATTER MATE RESPEKTEER SKOONUERS HULLE KIND SE HUWELIK SE GRENSE?

Respek	Mans se mening		Vrouens se mening	
	Frek.	Per.	Frek.	Per.
Min (1-3)	1	3	6	17
Soms (4)	2	6	2	6
Baie (5-7)	29	83	27	77
Geen respons	3	9	2	6

Nege-en-twintig manlike respondente (83%) en 27 vroulike respondente (77%) het aangedui dat hulle skoonouers hulle kinders se grense/privaatheid baie respekteer (vergelyk tabel 32). Twee mans (6%) het aangedui dat hulle skoonouers hulle huwelik se grense soms respekteer en een man (3%) het aangedui dat sy skoonouers sy huwelik se grense glad nie respekteer nie. Ses vrouens (17%) het aangedui dat hulle skoonouers hulle huwelik se grense glad nie respekteer nie, terwyl twee vrouens (6%) aangedui het dat hulle skoonouers hulle huwelik se grense net soms respekteer.

Twintig manlike respondente (57%) en 19 vroulike respondente (51%) het aangedui dat hulle skoonouers die minimum vir hulle voorskryf oor wat om te doen of watter besluite om te neem (vergelyk tabel 33).

TABEL 33: IN WATTER MATE PROBEER 'N PERSOON SE SKOONUERS AAN DIE HUWELIKSPAAR VOORSKRYF OOR HOE OM OP TE TREE OF WATTER BESLUITE OM TE NEEM?

	Mans se mening		Vrouens se mening	
	Frek.	Per.	Frek.	Per.
Min (1-3)	20	57	19	51
Soms (4)	6	17	4	11
Baie (5-7)	6	17	11	30
Geen respons	3	9	3	8

Ewe veel manlike respondente, naamlik ses elk (17% elk), het aangedui dat hulle skoonouers baie vir hulle voorskryf, of dat hulle skoonouers soms vir hulle voorskryf oor wat om te doen en watter besluite om te neem. Elf vroulike respondente (30%) het aangedui dat hulle skoonouers baie vir hulle voorskryf. Vier (11%) vroulike respondente

het aangedui dat hulle skoonouers soms vir hulle voorskryf. Dit blyk dat meer vrouens as mans van mening is dat hulle skoonouers aan hulle voorskryf oor hoe om op te tree of watter besluite om te neem. Jerrone (1994) beskou dit as 'n algemene reël dat die meeste spanning voorkom tussen die skoonogter en haar skoonma. Volgens Wright (1994) is 'n definitiewe teken van 'n probleem met betrekking tot grense, wanneer 'n skoonma krities is teenoor haar skoonogter se agtergrond, waar die egpaar verkies om te woon, haar keuse om te werk óf om nie te werk nie óf haar keuse van beroep.

Die resultate wat behaal is op vraag 39 in die vraelys sluit aan by die resultate op vraag 38 (vergelyk tabel 32). Aangesien die meeste respondente aangedui het dat hulle skoonouers hulle huwelike se grense en privaatheid respekteer, is dit verstaanbaar dat die skoonouers min aan hulle sal voorskryf oor hoe om op te tree of watter besluite om te neem.

Die grootste aantal manlike respondente, 22 (63%), en vroulike respondente, 25 (68%), het aangedui dat hulle skoonouers hulle kind min verantwoordelik laat voel vir hulle geluk (vergelyk tabel 34). Die tweede grootste aantal manlike respondente, ses (17%), en vroulike respondente, sewe (19%), het aangedui dat hulle skoonouers hulle kind baie verantwoordelik laat voel vir hulle geluk. Die derde grootste aantal manlike respondente, vyf (14%) en vroulike respondente, drie (8%) het aangedui dat hulle skoonouers hulle kind soms verantwoordelik laat voel vir hulle geluk. Volgens Wright (1994) kan dit gebeur dat ouers wat nie hulle kinders se grense respekteer nie hulle kinders verantwoordelik laat voel vir hulle geluk as ouers.

TABEL 34: IN WATTER MATE LAAT 'N PERSOON SE SKOONOUERS SY/HAAR HUWELIKSMAAT VERANTWOORDELIK VOEL VIR HULLE GELUK?

	<i>Mans se mening</i>		<i>Vrouens se mening</i>	
	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>
Min (1-3)	22	63	25	68
Soms (4)	5	14	3	8
Baie (5-7)	6	17	7	19
Geen respons	2	6	2	5

Nege-en-twintig manlike respondente (83%) en 30 vroulike respondente (81%), het aangedui dat hulle skoonouers min betrek word tydens 'n argument met hulle huweliksmaats (vergelyk tabel 35). Slegs twee mans (6%), het aangedui dat hulle

skoonouers soms, of baie betrek word tydens 'n argument. Die tweede grootste aantal vroulike respondente, naamlik vyf (14%) het aangetoon dat hulle skoonouers baie betrek word tydens 'n argument, terwyl slegs een (3%) vroulike respondent aangetoon het dat hulle skoonouers soms betrek word tydens 'n argument. Hierdie resultate is verstaanbaar in die lig van die feit dat beide die manlike en vroulike respondente aangedui het dat hulle skoonouers hulle huweliksgrense respekteer (vergelyk tabel 32).

TABEL 35: DIE MATE WAARTOE SKOONOUERS BETREK WORD TYDENS 'N ARGUMENT

	<i>Mans se mening</i>		<i>Vrouens se mening</i>	
	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>
Min (1-3)	29	83	30	81
Soms (4)	2	6	1	3
Baie (5-7)	2	6	5	14
Geen respons	2	6	1	3

4.4.6 Kompetisie en jaloesie (vraag 42 en 43)

Kompetisie en jaloesie oor tyd, aandag, geld en affeksie kan maklik ontstaan tussen 'n eggenoot en sy/haar skoonouers (Chasin et al., soos aangehaal deur Silverstein, 1990) (vergelyk 2.4.5). Agt-en-twintig manlike respondente (80%) en 26 vroulike respondente (70%) het aangedui dat hulle min voel dat hulle in kompetisie is met hulle skoonouers vir hulle huweliksmaats se aandag en toewyding (vergelyk tabel 36). Vier manlike respondente (11%) en agt vroulike respondente (22%) voel dat hulle baie in kompetisie is met hulle skoonouers, terwyl 'n baie klein aantal respondente aangedui het dat hulle soms voel dat hulle in kompetisie is met hulle skoonouers.

Volgens Boszormenyi-Nagi en Krasner, en Carter en McGoldrick (soos aangehaal deur Silverstein, 1990) is dit bloot natuurlik om nader te voel aan 'n persoon se eie gesin van oorsprong as aan die eggenoot se gesin van oorsprong. Bogenoemde sake kan daartoe lei dat daar 'n lojaliteitsdriehoek ontstaan. Die sogenaamde lojaliteitsdriehoek lei tot gevoelens van uitsluiting aan die kant van die ander eggenoot en jaloesie en kompetisie word genereer (vergelyk 2.4.5).

TABEL 36: IN WATTER MATE VOEL 'N PERSOON DAT HY/SY IN KOMPETISIE IS MET SY/HAAR SKOONOUERS VIR SY/HAAR HUWELIKSMAAT SE AANDAG EN TOEWYDING?

	<i>Mans se mening</i>		<i>Vrouens se mening</i>	
	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>
Min (1-3)	28	80	26	70
Soms (4)	1	3	2	5
Baie (5-7)	4	11	8	22
Geen respons	2	6	1	3

Die grootste aantal manlike respondente, 28 (80%), en vroulike respondente, 27 (73%), voel min uitgesluit by hulle huweliksmaats se verhoudings met hulle ouers (vergelyk tabel 37).

TABEL 37: IN WATTER MATE VOEL 'N PERSOON UITGESLUIT BY SY/HAAR HUWELIKSMAAT SE VERHOUDING MET SY/HAAR OUERS

	<i>Mans se mening</i>		<i>Vrouens se mening</i>	
	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>
Min (1-3)	28	80	27	73
Soms (4)	3	9	2	5
Baie (5-7)	2	6	8	22
Geen respons	2	6	0	0

Die tweede grootste aantal manlike respondente, drie (9%), voel soms uitgesluit by hulle huweliksmaats se verhoudings met hulle ouers, terwyl enkele manlike respondente, twee (6%), baie uitgesluit voel. Die tweede grootste aantal vroulike respondente, agt (22%), voel egter baie uitgesluit by hulle huweliksmaats se verhoudings met hulle ouers. Die rede hiervoor is moontlik dat die meeste spanning tussen die skoonogter en haar skoonma voorkom, as gevolg van die oorhelling na die vrou se kant van die gesinslewe (Jerrome, 1994). Die tipe ma-seunverhouding het dikwels 'n groot invloed op die seun en skoonogter se huwelik. Twee (5%) vroulike respondente het aangedui dat hulle soms voel asof hulle uitgesluit is by hulle huweliksmaats se verhoudings met hulle ouers.

4.4.7 Die moeder se rol in die huweliksverhouding van haar kind (vraag 45 en 46)

Soos vroeër aangetoon in die literatuurstudie kan mans se gevoelens en verwagtinge oor hulle en die vroue in hulle lewens terugwys na hulle ervarings van hulle kinderjare, met betrekking tot hulle moeders (Wright, 1994). 'n Seun leer gevoelens amper uitsluitlik by sy moeder en verkry van haar 'n gevoel van vertroeteling en beskerming (Wright, 1994). Wright (1994) onderskei tussen 'n aantal verskillende soorte moeders (vergelyk tabel 38), elk met 'n eiesoortige invloed op haar seun. Die tellings wat behaal is by elk van die tipes moeders in die vraelys, word vervolgens in tabel 38 weergegee. Die respondente kon meer as een tipe moeder identifiseer.

TABEL 38: DIE HUWELIKSMAAT SE TIPE MOEDER

Veranderlike	Mans se mening		Vrouens se mening	
	Frek.	Per.	Frek.	Per.
'n Goeie moeder	29	83	31	84
'n Moeder wat haar kind/ers oorbeskerm	5	14	10	27
'n Moeder wat haar laat vertrap soos 'n deurmatjie	0	0	2	5
'n Afhanklike moeder	1	3	5	14
'n Moeder wat haar kind/ers versmoor	1	3	1	3
'n Verwerpende moeder	1	3	0	0
'n Moeder wat haar kinders terroriseer met mishandeling, koudheid en oormatige straf	0	0	0	0
Moeder wat die martelaarsrol inneem	2	6	2	5
'n Kritiese moeder wat optree soos 'n diktator	2	6	4	11
'n Perfeksionistiese moeder	1	3	2	5
'n "Afwesige moeder"	2	6	3	8
Ander	2	6	10	27

Nege-en-twintig manlike respondente (83%) en 31 vroulike respondente (84%) het aangedui dat hulle huweliksmaats goeie moeders het. Vyf manlike respondente (14%) en tien vroulike respondente (27%) het aangedui dat hulle huweliksmaats se moeders

hulle kinders oorbekerm het. Hierdie tipe moeders neem hulle rol as sorggewer en beskermer tot die uiterste (Wright, 1994).

Twee manlike respondente het benewens die goeie moeders en oorbekermende moeders ook aangedui dat daar enkele ander soorte moeders is, naamlik moeders (6%) wat die martelaarsrol inneem; kritiese moeders wat optree soos diktators, naamlik twee (6%); twee het “afwesige” moeders aangedui (6%); ander tipe moeders, naamlik twee (6%); slegs een het ‘n afhanklike moeder (3%) aangedui; een het ‘n moeder wat haar kind/ers versmoor (3%) aangedui; een het ‘n verwerpende moeder (3%) en ‘n perfeksionistiese moeder (3%) aangedui. Geen van die manlike respondente het melding gemaak van moeders wat hulle soos ‘n deurmatjie laat vertrap nie en moeders wat hulle kinders terroriseer met mishandeling, koudheid en oormatige straf nie. Die een manlike respondent wat ‘n ander tipe moeder aangedui het, het genoem dat sy skoonma ‘n vrou is wat te veel of alles vir haar kinders wil doen en dat dit veroorsaak dat hy en sy vrou bots. Die ander respondent het nie aangedui hoe die ander tipe moeder is nie.

Tien vrouens (27%) het aangedui dat hulle huweliksmaats ander tipe moeders het as wat deur Wright (1994) geïdentifiseer is. Hierdie vroulike respondente het positiewe eienskappe aan hulle skoonmoeders toegeken. Die aard van die positiewe uitsprake sal later bespreek word waar aandag geskenk word aan die positiewe aspekte van skoonouers in die deelnemers se lewens (vergelyk tabel 57). Afhanklike moeders het ook ‘n relatiewe hoë telling behaal, naamlik vyf (14%). ‘n Afhanklike moeder is ‘n vrou wat so baie van haar energie gebruik in haar eie lyding en swaarkry, dat sy nie genoeg energie tot haar beskikking het om haar kinders se behoeftes raak te sien en om te probeer om daarin te voorsien nie. Haar seun ontvang nie die moederlike ondersteuning, sorg, beskerming en leiding wat hy nodig het nie (Forward, 1986). Daarna volg kritiese moeders wat optree soos diktators, naamlik vier (11%), “afwesige” moeders, moeders wat hulle soos ‘n deurmatjie laat vertrap, moeders wat die martelaarsrol inneem, perfeksionistiese moeders en moeders wat hulle kinders versmoor. Geen van die vroulike respondente het melding gemaak van verwerpende moeders en moeders wat hulle kinders terroriseer met mishandeling, koudheid en oormatige straf nie. Die vroulike respondente het aansienlik meer response as die manlike respondente gegee. Soos dit reeds genoem is, is die rede hiervoor moontlik weer eens dat die meeste spanning voorkom tussen skoonmoeder en skoondogter (Jerrome, 1994). Die vrouens is waarskynlik meer in kontak met hulle gevoelens rakende hulle skoonmoeders. Die vroulike respondente het ook aansienlik meer na negatiewe as die positiewe moeders verwys.

Soos dit reeds genoem is, het moeders 'n belangrike invloed op hulle kinders se latere lewens. Die tellings wat behaal is met betrekking tot hierdie vraag in die vraelys, word vervolgens in tabel 39 uiteengesit.

TABEL 39: DIE SKOONMOEDER SE INVLOED OP DIE HUWELIKSMAATS SE LEWE

	<i>Mans se mening</i>		<i>Vrouens se mening</i>	
	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>
Geen invloed	6	17	4	11
Positiewe invloed	12	34	7	19
Negatiewe invloed	4	11	9	24
Geen respons	13	37	17	46

Dertien manlike respondente (37%) en 17 vroulike respondente (46%) het geen respons gegee op die vraag met betrekking tot die skoonmoeder se invloed op die huwelik nie. Hulle kon moontlik gebruik gemaak het van 'n verdedigingsmeganisme, naamlik ontkenning deur te weier om te erken dat sekere omstandighede vir hulle onaangenaam of bedreigend is. Daarna volg 12 (34%) manlike respondente wat aangedui het dat hulle skoonmoeders 'n positiewe invloed op hulle huwelik het, ses (17%) het aangetoon dat geen invloed plaasvind nie, en laastens het vier (11%) 'n negatiewe invloed aangedui. Nege vroulike respondente (24%) het aangedui dat hulle skoonmoeders 'n negatiewe invloed op hulle huwelik het. Dit vind aansluiting by die negatiewe resultate met betrekking tot die huweliksmaat se tipe moeder (vergelyk tabel 38), asook die resultate wat voorkom in tabel 33, naamlik dat meer vrouens as mans van mening is dat hulle skoonouers geneig is om aan hulle voor te skryf oor wat om te doen en watter besluite om te neem. Soos dit vroeër aangetoon is, kom die meeste spanning dikwels voor tussen 'n skoonma en haar skoondogter (Jerome, 1994). Daarna volg 'n positiewe invloed, naamlik sewe (19%) en laastens is daar by vier geen invloed (11%) nie.

4.4.8 Die vader se rol in die huweliksverhouding van sy kind (vraag 47 en 48)

Alhoewel die moeder 'n belangrike rol speel in die lewe van haar seun en dogter word 'n potensiële eggenoot/eggenote gedeeltelik gevorm op wyses wat dikwels verband hou met die vader in die huis (Wright, 1994). Wright (1994) het sekere tipes vaders geïdentifiseer wat deur die navorser in die vraelys gebruik is. Die tellings wat behaal is

by elk van die tipes vaders, word vervolgens in tabel 40 weergegee. Die respondente kon meer as een tipe vader benoem.

TABEL 40: DIE HUWELIKSMAAT SE TIPE VADER

Veranderlike	Mans se mening		Vrouens se mening	
	Frek.	Per.	Frek.	Per.
'n Goeie vader	28	80	25	68
'n Vader wat sy kind geleer het hoe om emosies te hanteer	5	14	8	22
'n Emosioneel afsydige vader	1	3	1	3
'n Vader wat glo aan "Big boys don't cry"	0	0	9	24
'n Aggressiewe vader	2	6	2	5
'n Verwerpende vader	1	3	1	3
'n Vader wat sy kinders terroriseer met, mishandeling, koudheid en oormatige straf	1	3	1	3
'n Afwesige vader – fisiek	3	9	4	11
'n Afwesige vader – emosioneel	3	9	6	16
'n Passiewe vader	3	9	3	8
Ander	2	6	7	19

Agt-en-twintig manlike respondente (80%) en 25 vroulike respondente (68%) het aangedui dat hulle huweliksmaats goeie vaders het. Vyf manlike respondente (14%) het aangedui dat hulle huweliksmaats vaders het wat hulle kinders geleer het om emosies te hanteer. Daarna volg afwesige vaders (fisiek en emosioneel), passiewe vaders, aggressiewe vaders, ander tipe vaders, emosioneel afsydige vaders, verwerpende vaders en vaders wat hulle kinders terroriseer met mishandeling koudheid en oormatige straf.

Nege vroulike respondente (24%) het aangedui dat hulle huweliksmaats vaders het wat glo aan "Big boys don't cry." Daarna volg 'n vader wat sy kind geleer het om emosies te hanteer, naamlik agt (22%), op ander tipe vaders was die respons sewe (19%), afwesige vader – emosioneel, ses (16%), terwyl 'n afwesige vader – fisiek, vier (11%), passiewe vader, aggressiewe vader, 'n emosioneel afsydige vader, verwerpende vader, en 'n vader wat sy kinders terroriseer met mishandeling, koudheid en oormatige straf.

Pa's laat 'n blywende indruk op hulle kinders se lewens (Wright, 1994). Die tellings wat behaal is met betrekking tot hierdie vraag in die vraelys (vergeelyk vraag 48), word vervolgens uiteengesit in tabel 41.

TABEL 41: DIE SKOONVADER SE INVLOED OP DIE HUWELIKSMAAT SE LEWE

	<i>Mans se mening</i>		<i>Vrouens se mening</i>	
	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>
Geen invloed	6	17	6	16
Positiewe invloed	15	43	13	35
Negatiewe invloed	2	6	7	19
Geen respons	12	34	11	30

Anders as by dieselfde vraag met betrekking tot die skoonmoeders (tabel 39), waar beide die meeste manlike en vroulike respondente geen respons aangedui het nie, het vyftien manlike respondente (43%) en 13 vroulike respondente (35%) aangedui dat hulle skoonvaders 'n positiewe invloed het op hulle huweliksmaats se lewens. Twaalf manlike respondente (34%) en 11 vroulike respondente (30%) het geen respons gegee nie. Ses manlike respondente het aangedui dat hulle skoonvaders geen invloed het nie (17%) en laastens volg 'n negatiewe invloed. Sewe (19%) vroulike respondente het aangedui dat hulle skoonvaders 'n negatiewe invloed het en ses het geen invloed (16%) aangedui. Na aanleiding van tabel 39 en 41 blyk dit dat die skoonvaders in 'n meer positiewe lig gesien word as die skoonmoeders. Teoretici is van mening dat die skoonma die mees problematiese lid van die skoonfamilie is (Jerrome, 1994, Silverstein, 1990, Wright, 1994). Die vroulike respondente het ook meer negatiewe response gegee by die skoonma's en skoonpa's. Daar kan weer eens verwys word na die gevolgtrekkings wat gemaak is na aanleiding van die gegewens in tabel 33, naamlik dat die vroulike deelnemers meer negatiewe klagtes oor hulle skoonouers het as die manlike deelnemers.

4.4.9 Oordrag (vraag 49 en 50)

Die tellings wat behaal is met betrekking tot hierdie vrae in die vraelys word in tabel 42 en 43 uiteengesit.

Nege-en-twintig manlike respondente (83%) en 32 vroulike respondente (86%) het aangedui dat hulle min die woede wat hulle soms ervaar teenoor hulle ouers verplaas na hulle skoonouers (vergelyk tabel 42). Drie manlike respondente (9%) het aangedui het dat hulle soms hulle woede verplaas. Twee mans (6%) het geen respons gegee nie. Slegs een manlike respondent het aangedui dat hy sy woede teenoor sy eie ouers baie verplaas na sy skoonouers. Hierdie inligting is in teenstelling met die literatuur wat aandui dat as 'n persoon onopgeloste gevoelens het teenoor sy eie ouers, of outoriteitsfigure in die algemeen, hierdie gevoelens oorgedra of verplaas kan word na die skoonouers (Carter & McGoldrick, soos aangehaal deur Silverstein, 1990). Positiewe, sowel as negatiewe oordraging kan plaasvind. In die geval van negatiewe oordraging kan onopgeloste gevoelens van teleurstelling of woede teenoor 'n persoon se eie ouers verplaas word na die skoonouers. Mense is egter dikwels nie bewus van hierdie psigologiese prosesse nie.

TABEL 42: IN WATTER MATE WORD 'N PERSOON SE WOEDE WAT HY/SY SOMS ERVAAR TEENoor SY/HAAR EIE OUERS VERPLAAS NA SY/HAAR SKOONOUERS?

	<i>Mans se mening</i>		<i>Vrouens se mening</i>	
	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>
Min (1-3)	29	83	32	86
Soms (4)	3	9	1	3
Baie (5-7)	1	3	2	5
Geen respons	2	6	2	5

Slegs twee vroulike respondente (5%) het aangedui dat hulle baie kere hulle woede verplaas en dieselfde aantal vroulike respondente het geen respons gegee nie. Een vroulike respondent het aangedui dat sy soms haar woede teenoor haar eie ouers verplaas na haar skoonouers.

Die tellings wat behaal is met betrekking tot vraag 50 in die vraelys, word uiteengesit in tabel 43.

TABEL 43: IN WATTER MATE KRY SKOONOUERS DIE SKULD WANNEER 'N PERSOON KWAAD IS VIR SY/HAAR HUWELIKSMAAT?

	<i>Mans se mening</i>		<i>Vrouens se mening</i>	
	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>
Min (1-3)	26	74	25	68
Soms (4)	1	3	5	14
Baie (5-7)	6	17	6	16
Geen respons	2	6	1	3

Ses-en-twintig manlike repondente (74%) en 25 vroulike repondente (68%) het aangedui dat hulle skoonouers min die skuld kry wanneer hulle kwaad is vir hulle huweliksmaats. Ses manlike repondente (17%) en ses vroulike repondente ses (16%) het aangedui dat hulle skoonouers baie die skuld kry wanneer hulle kwaad is vir hul huweliksmaats. Die derde grootste aantal manlike repondente, naamlik twee (6%), het geen repons gegee nie en vyf vroulike repondente (14%) het aangedui dat hulle skoonouers soms die skuld kry wanneer hulle kwaad is vir hulle huweliksmaats. Een manlike respondent het aangedui dat sy skoonouers soms die skuld kry wanneer hý kwaad is vir sy eggenote. Hierdie bevindings is in kontras met die literatuur wat aandui dat gevoelens teenoor die eggenoot soms verplaas word na die skoonfamilie. Eerder as om die teleurstelling teenoor die eggenoot te hanteer, is dit makliker om vir die skoonouers kwaad te wees (Silverstein, 1990).

4.4.10 Projeksie (vraag 51)

Die tellings wat behaal is op vraag 51 in die vraelys word uiteengesit in tabel 44.

Vyf-en-twintig manlike repondente (71%) en 31 vroulike repondente (84%) het aangedui dat hulle min in konflik is met hulle skoonouers omdat hulle, hulle huweliksmaats se stryd met hulle eie ouers namens hulle wil voer. Vier manlike repondente (11%) en meer as die vrouens se drie (8%) het aangedui dat hulle baie in konflik is met hulle skoonouers as gevolg hiervan. Die derde grootste aantal manlike repondente en vroulike repondente het aangedui dat hulle soms met hulle skoonouers in konflik is hieroor. Vier mans (11%) en meer as die vrouens se drie (8%), het aangedui dat hulle, hulle huweliksmaat se stryd met haar ouers namens haar wil voer. Die rede hiervoor is moontlik omdat mans gewoonlik die rol van die beskermer inneem. Volgens Apter (1986) kan huweliksmaats so naby aan mekaar voel dat hulle maklik

mekaar se probleme, behoeftes en gevoelens aanneem as hul eie, sodat die een huweliksmaat namens die ander een die stryd wil voer met laasgenoemde se eie ouers.

TABEL 44: IN WATTER MATE IS 'N PERSOON IN KONFLIK MET SY/HAAR SKOONOUERS OMDAT HY/SY SY/HAAR HUWELIKSMAAT SE STRYD MET SY/HAAR OUERS NAMENS HOM/HAAR WIL VOER?

	<i>Mans se mening</i>		<i>Vrouens se mening</i>	
	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>
Min (1-3)	25	71	31	84
Soms (4)	3	9	2	5
Baie (5-7)	4	11	3	8
Geen respons	1	3	1	3

4.4.11 Persoonlikheidsverskille (vraag 52 en 55)

Ses-en-twintig manlike respondente (74%) en 29 vroulike respondente (78%) het aangetoon dat daar min konflik is met hulle skoonouers omdat persoonlikhede verskil (vergelyk tabel 45).

TABEL 45: IN WATTER MATE IS DAAR KONFLIK TUSSEN 'N PERSOON EN SY/HAAR SKOONOUERS OMDAT PERSOONLIKHEDE VERSKIL?

	<i>Mans se mening</i>		<i>Vrouens se mening</i>	
	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>
Min (1-3)	26	74	29	78
Soms (4)	2	6	4	11
Baie (5-7)	5	14	3	8
Geen respons	2	6	1	3

Die tweede grootste aantal manlike respondente, naamlik vyf (14%), het aangedui dat daar baie konflik is omdat persoonlikhede verskil, terwyl twee (6%) manlike respondente aangedui het dat daar soms konflik is. Vier vroulike respondente (11%) het aangdui dat daar soms konflik is omdat persoonlikhede verskil, terwyl drie (8%) vroulike deelnemers aangedui dat daar baie konflik is oor hierdie aspek. Volgens Horsley (1996) speel persone se unieke persoonlikhede 'n besliste rol, ten opsigte van 'n skoonfamiliekonflik.

TABEL 46: IN WATTER MATE WIL 'N PERSOON SY/HAAR SKOONOUERS TEN ALLE KOSTE TEVREDE STEL?

	<i>Mans se mening</i>		<i>Vrouens se mening</i>	
	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>
Min (1-3)	12	34	13	35
Soms (4)	11	31	5	14
Baie (5-7)	12	34	18	49
Geen respons	0	0	1	3

Dit blyk uit die tellings wat behaal is op vraag 55 in die vraelys (vergelyk tabel 46) dat die manlike en vroulike respondente verskillend voel oor bogenoemde kwessie. Twaalf manlike respondente onderskeidelik (34%) het aangedui dat hulle ten alle koste probeer om hulle skoonouers tevrede te stel, en dat hulle glad nie probeer om hulle skoonouers ten alle koste tevrede te stel nie. Die derde groep, naamlik 11 (31%), het aangedui dat hulle soms probeer om hulle skoonouers ten alle koste tevrede te stel. Agtien vroulike respondente (49%) het aangedui dat hulle baie probeer om hulle skoonouers ten alle koste tevrede te stel. Dertien vroulike respondente (35%) het aangedui dat hulle min probeer om hulle skoonouers ten alle koste tevrede te stel, terwyl die derde groep, naamlik vyf (14%), aangedui het dat hulle soms probeer om hulle skoonouers ten alle koste tevrede te stel. Hierdie bevindinge stem ooreen met die literatuurstudie (vergelyk 2.4.10). Sekere vroue verklaar dikwels dat die sleutel tot goeie skoonfamilieverhoudings is om die hoop vir selferkenning te laat vaar, selfekspresie af te skaal en om die sogenaamde "goeie gedragsindroom" te handhaaf (Horsley, 1996). Hulle wil hulle skoonouers ten alle koste tevrede stel, aangesien hulle bewus is van moontlike konflik wat kan ontstaan met betrekking tot hierdie verhoudings en dit graag wil vermy.

4.4.12 Die geboorte van kleinkinders (vraag 57 – 60)

Die tellings wat behaal is met betrekking tot hierdie vrae in die vraelys word vervolgens in tabel 47 tot 51 uiteengesit.

TABEL 47: IN WATTER MATE HET DIE GEBORTE VAN KLEINKINDERS 'N INVLOED OP 'N PERSOON SE VERHOUDING MET SY/HAAR SKOONOUERS?

	<i>Mans se mening</i>		<i>Vrouens se mening</i>	
	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>
Min (1-3)	7	41	6	30
Soms (4)	2	12	4	20
Baie (5-7)	8	47	9	45
Geen respons	0	0	1	5

Sewentien manlike respondente (49%) en twintig vroulike respondente (54%) het aangedui dat hulle kinders het (vergelyk tabel 6). Agt manlike respondente (47%) en nege vroulike respondente (45%) het aangedui dat die geboorte van hulle kinders 'n groot invloed gehad het op hulle verhoudings met hulle skoonouers (vergelyk tabel 47). Sewe manlike respondente (41%) en ses vroulike respondente (30%) het aangedui dat die geboorte van hulle kinders min invloed gehad het op hulle verhoudings met hulle skoonouers. Slegs twee manlike respondente (12%) en vier vroulike respondente (20%) het aangedui dat die geboorte van hulle kinders hulle verhouding met hulle skoonouers soms beïnvloed het.

Agt (47%) van die manlike respondente het aangeui dat die geboorte van hulle kinders hulle verhouding met hulle skoonouers positief beïnvloed het (vergelyk tabel 48).

TABEL 48: INDIEN DAAR 'N VERANDERING WAS, WAS DIT POSITIEF OF NEGATIEF?

	<i>Mans se mening</i>		<i>Vrouens se mening</i>	
	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>
Positief	8	47	8	40
Negatief	1	6	2	10
Geen respons	8	47	10	50

Dieselfde hoeveelheid manlike respondente het egter geen respons op die vraag gelewer nie. 'n Klein groepie manlike respondente het aangedui dat die verandering negatief was. Die grootste aantal vroulike respondente, naamlik tien (50%), het geen respons gegee op die vraag of die verandering positief of negatief was, indien daar 'n

verandering was nie. Agt (40%) vroulike respondente het aangedui dat die verandering positief was. 'n Klein persentasie (10%) vroulike respondente het aangedui dat die verandering negatief was. Volgens die literatuur kan die nuwe eise en verandering ten opsigte van huweliksrolle wat gepaard gaan met die geboorte van 'n kind lei tot wrywing in die huwelik en die fokus word dikwels verplaas vanaf die huwelikspaar se belange na die skoonfamilie. 'n Nuwe verhouding met die ouers word gevorm waarin die ouers en die huwelikspaar moet leer om met mekaar ten opsigte van die nuwe toevoeging tot die familie te deel. Die onderskeie ouers van die huwelikspaar wil dikwels steeds beheer uitoefen oor hulle kinders, en soveel te meer wanneer daar kleinkinders betrokke is (Apter, 1986). Die insluiting van 'n nuwe lid in die gesin met die geboorte van 'n kind vergroot die hoeveelheid interaksies en verander die dinamiek van skoonfamilieverhoudings (Horsley, 1996). Normale veranderings in familierolle vind nie altyd plaas sonder 'n stryd nie, aangesien sekere lede weier om afstand te doen van die vorige status (Apter, 1986) (vergeelyk 2.4.11). Dit kan betekenisvol wees dat die grootste groep deelnemers geen respons aangedui het nie. Dit kan moontlik dui op ontkenning ten opsigte van verandering wat moontlik konflik veroorsaak.

Die onderskeie ouers van die huwelikspaar wil dikwels steeds beheer uitoefen oor hulle kinders nadat hulle getroud is, en soveel te meer wanneer daar kleinkinders betrokke is (Apter, 1986). Skoonouers verskil dikwels met die ouers oor wat die beste is vir hulle kleinkinders, aangesien hulle in 'n ander tydvlak grootgeword het met 'n ander kultuur (Apter, 1986). Die tellings wat behaal is met betrekking tot hierdie vraag (vergeelyk vraag 58) in die vraelys, word uiteengesit in tabel 49.

TABEL 49: IN WATTER MATE MENG 'N PERSOON SE SKOONOUERS IN MET DIE OPVOEDING VAN HULLE KLEINKINDERS?

	<i>Mans se mening</i>		<i>Vrouens se mening</i>	
	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>
Min (1-3)	11	65	12	60
Soms (4)	3	18	5	25
Baie (5-7)	1	6	2	10
Geen respons	2	12	1	5

Elf manlike respondente (65%) en 12 vroulike respondente (60%) het aangedui dat hulle skoonouers min inmeng met die opvoeding van hulle kleinkinders. Die tweede grootste aantal manlike en vroulike respondente, naamlik drie (18%) en vyf (10%) onderskeidelik,

het aangedui dat hulle skoonouers soms inmeng met die opvoeding van hulle kleinkinders. Die derde grootste aantal, naamlik twee manlike respondente (12%) het geen respons gegee nie, terwyl die kleinste groep manlike respondente aangedui het dat hulle skoonouers baie inmeng met die opvoeding van hulle kleinkinders. Twee vroulike respondente (10%) het aangedui dat hulle skoonouers baie inmeng met die opvoeding van hulle kleinkinders.

Moeders wat twyfel aan hulle eie vermoëns as 'n goeie moeder, raak dikwels meer in vertwyfeling en voel bedreig wanneer die skoonmoeder op 'n dikwels onskuldige wyse hulp aanbied en raad gee (Apter, 1986). Die tellings wat behaal is met betrekking tot hierdie vraag (vergelyk vraag 59) in die vraelys, word uiteengesit in tabel 50.

Agt manlike respondente (47%) het anders as die drie vroulike respondente (15%) aangedui dat hulle baie raad verwelkom van hulle skoonouers met betrekking tot die opvoeding van hulle kleinkinders. Die rede hiervoor is moontlik omdat mans nie so intensief betrokke is by die opvoeding van hulle kinders soos wat die vrouens is nie. Dit vind ook aansluiting by Apter (1986) se stelling in hierdie verband (vergelyk 2.4.11). Ses mans (35%) het aangedui dat hulle soms raad verwelkom van hulle skoonouers met betrekking tot die opvoeding van hulle kleinkinders. Daarna volg drie manlike respondente (18%) wat aangedui het dat hulle min kere raad verwelkom. Elf vroulike respondente (55%) het aangedui dat hulle soms raad verwelkom van hulle skoonouers. Daarna het vyf vroulike respondente (25%) aangedui dat hulle min raad verwelkom van hulle skoonouers. Die kleinste aantal vrouens, naamlik drie (15%), wat gerespondeer het, het aangedui dat hulle baie kere raad verwelkom vanaf hulle skoonouers.

TABEL 50: IN WATTER MATE VERWELKOM 'N PERSOON RAAD AANGAANDE DIE OPVOEDING VAN KINDERS VAN SY/HAAR SKOONOUERS?

	<i>Mans se mening</i>		<i>Vrouens se mening</i>	
	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>
Min (1-3)	3	18	5	25
Soms (4)	6	35	11	55
Baie (5-7)	8	47	3	15
Geen respons	0	0	1	5

Dit gebeur soms dat die grootouers nie hulle kind en skoonkind vertrou met hulle kleinkind nie (Apter, 1986). Skoonouers kan 'n skoonkind in 'n seker mate laat voel dat

hy/sy nie 'n goeie ouer is nie. Die tellings wat behaal is op die vraag in die vraelys (vergelyk vraag 60) wat verband hou met bogenoemde kwessie, word uiteengesit in tabel 51.

TABEL 51: IN WATTER MATE LAAT 'N PERSOON SE SKOONOUERS HOM/ HAAR VOEL DAT HY/SY NIE 'N GOEIE OUER IS NIE?

	<i>Mans se mening</i>		<i>Vrouens se mening</i>	
	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>
Min (1-3)	15	88	17	85
Soms (4)	0	0	0	0
Baie (5-7)	2	12	3	15

Vyftien mans (88%) en 17 vrouens (85%) het aangedui dat hulle skoonouers hulle min laat voel dat hulle nie goeie ouers is nie. Daarna het 'n groepie onderskeidelik twee (12%) en drie (15%) manlike en vroulike respondente tog aangedui dat hulle skoonouers hulle baie laat voel dat hulle nie goeie ouers is nie. Geen respondente het aangedui dat hulle skoonouers hulle soms laat voel dat hulle nie goeie ouers is nie.

4.4.13 Konflik (vraag 61 – 65)

Die tellings wat behaal is op die vrae in die vraelys wat verband hou met konflik tussen 'n persoon en sy/haar skoonouers word uiteengesit in tabel 52 tot 56.

Vyf-en-twintig manlike respondente (71%) en 27 vroulike respondente (73%) het aangedui dat daar min konflik plaasvind tussen hulle en hulle skoonouers (vergelyk tabel 52).

TABEL 52: IN WATTER MATE IS DAAR KONFLIK TUSSEN 'N PERSOON EN SY/HAAR SKOONOUERS

	<i>Mans se mening</i>		<i>Vrouens se mening</i>	
	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>
Min (1-3)	25	71	27	73
Soms (4)	3	9	6	16
Baie (5-7)	3	9	3	8
Geen respons	4	11	1	3

Die navorser het aanvanklik verwag dat die grootste gedeelte van die populasie jonggetroude persone konflik ervaar met betrekking tot hulle skoonouers, aangesien die meeste persone wat uit die mond van die navorser gehoor het van die navorsing wat gedoen word, aangedui het dat hulle konflik ervaar met hulle skoonouers. Die literatuur wat geraadpleeg is plaas ook hoofsaaklik klem op die negatiewe aspekte en konflik met betrekking tot persone se skoonouers. 'n Moontlike rede vir die negatiewe reaksie van persone in die algemeen met betrekking tot hulle skoonouers is moontlik omdat skoonfamilieverhoudings, veral die met betrekking tot die skoonma, 'n teiken is van vele stereotipering en grappe.

'n Moontlike ander verklaring vir die groot getal respondente wat aangedui het dat daar min konflik plaasvind tussen hulle en hulle skoonouers, kan daar terugverwys word na die tellings wat aangetoon is in tabel 46. Talle persone het aangedui dat hulle baie probeer om hulle skoonouers ten alle koste tevrede te stel (34% en 49% onderskeidelik), aangesien hulle bewus is van moontlike konflik wat kan ontstaan met betrekking tot hierdie verhoudings en dit graag wil vermy ("goeie gedragsindroom"). Die persone wil nie mekaar se ware gevoelens in die gesig staar nie, aangesien dit dalk beledigend, skokkend of vernederend kan wees (Horsley, 1996). Vier manlike respondente (11%) het geen respons gegee nie. Dit kan moontlik dui op ontkenning ten opsigte van konflik. Drie manlike respondente (9%) het onderskeidelik gesê dat daar soms of baie konflik is. Ses vroulike respondente (16%) het aangedui dat daar soms konflik is tussen hulle en hulle skoonouers. Drie vroulike respondente (8%) het aangedui dat daar baie konflik is tussen hulle en hulle skoonouers.

Sewentien manlike respondente (49%) het aangedui dat niemand verantwoordelik is vir konflik nie (vergelyk tabel 53).

Hierdie antwoord is ontoepaslik, aangesien daar gevra is wie verantwoordelik vir konflik is indien daar wel konflik is, en dit kan moontlik daarop dui dat die respondente sekere persone beskerm of self nie seker is hoe konflik ontwikkel nie, of selfs meen dat 'n hele aantal persone 'n rol speel in die ontstaan van konflik. Agt (22%) vroulike respondente het ook op bogenoemde wyse gereageer. Sewe manlike respondente (20%) het aangedui dat hulle self verantwoordelik is vir konflik indien daar konflik plaasvind en dieselfde hoeveelheid manlike respondente het aangedui dat hulle skoonmoeders verantwoordelik is vir konflik indien dit plaasvind. Daarna volg die persoon se

skoonouers (skoonpa en skoonma) en eggenote. Een manlike respondent het aangedui dat sy skoonsuster verantwoordelik is vir die ontstaan van konflik. Die grootste aantal vroulike respondente wat konflik ondervind met hulle skoonouers het die skoonpa (22%) en die skoonma (22%) afsonderlik aangewys as die persone wat verantwoordelik is vir die meeste konflik. Daarna het sewe (19%) vroulike respondente aangedui dat hulle self verantwoordelik is vir konflik wat plaasvind. Daarna volg die skoonma en skoonpa gesamentlik, die skoonsuster en laastens die persoon se eggenoot.

TABEL 53: INDIEN DAAR KONFLIK PLAASVIND, WIE IS MEESTAL VERANTWOORDELIK DAARVOOR?

	<i>Mans se mening</i>		<i>Vrouens se mening</i>	
	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>
Die persoon self	7	20	7	19
Skoonpa	0	0	8	22
Skoonma	7	20	8	22
Skoonpa en skoonma	2	6	3	8
Persoon se eggenoot/e	2	6	1	3
Swaer	0	0	0	0
Skoonsuster	1	3	2	5
Niemand	17	49	8	22

Op die vraag in die vraelys oor wie die mees problematiese lid van die skoonfamilie is, het die meeste respondente geen respons gegee nie, naamlik 13 (37%) manlike en 15 (41%) vroulike respondente (vergelyk tabel 54). Dit kan moontlik weer eens dui op ontkenning met betrekking tot konflik in skoonfamilieverhoudings. Twaalf manlike respondente (34%) het aangedui dat die skoonma die mees problematiese lid van die skoonfamilie is. Teoretici is ook van mening dat die skoonma die mees problematiese lid van die skoonfamilie is (Jerrone, 1994, Silverstein, 1990, Wright, 1994). Volgens Troll (soos aangehaal deur Jerrone, 1994) het beide geslagte meer moeilikheid met die skoonma, omdat sy meer betrokke is. Ses (17%) manlike respondente het in die derde plek die skoonpa aangewys as die mees problematiese lid van die skoonfamilie.

TABEL 54: WIE IS DIE MEES PROBLEMATIESE LID VAN DIE SKOONFAMLIE?

	<i>Mans se mening</i>		<i>Vrouens se mening</i>	
	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>
Skoonma	12	34	8	22
Skoonpa	6	17	9	24
Skoonsuster	2	6	3	8
Swaer	2	6	2	5
Geen respons	13	37	15	41

Daarna het twee (6%) manlike respondente onderskeidelik die swaer en skoonsuster in die vierde plek geplaas. Nege vroulike respondente (24%) het aangedui dat die skoonpa die mees problematiese lid van die skoonfamilie is. Hierdie bevinding is in kontras met die literatuurstudie. Daar is dikwels groter konflik en kompetisie met die skoonouer van dieselfde geslag, byvoorbeeld 'n dogter het dikwels meer probleme met haar skoonma as met haar skoonpa, as gevolg van die kompetisie vir haar man se aandag wat voortspruit uit die Oedipus-kompleks (vergelyk 2.2.1.1). Soortgelyk kan 'n man meer kompetierend voel teenoor sy skoonpa, alhoewel mans dikwels nie so emosioneel betrokke raak by mekaar soos vroue nie (Silverstein, 1990). Jerrome (1994) beskou dit as 'n algemene reël dat die meeste spanning voorkom tussen die skoonogter en haar skoonma, as gevolg van die oorhelling na die vrou se kant ten opsigte van die gesinslewe. Agt (22%) vroulike respondente het die skoonma in die derde plek geplaas. Drie (8%) vroulike respondente het die skoonsuster in die vierde plek geplaas en laastens volg die swaer.

Vervolgens word die response met betrekking tot faktore wat 'n rol speel in die ontstaan van konflik tussen 'n persoon en sy/haar skoonouers bespreek (vergelyk vraag 64) soos wat dit voorkom in tabel 55. 'n Telling tussen een en drie dui op onbelangrik, vier dui op soms belangrik, terwyl vyf tot sewe dui op baie belangrik.

Dit blyk duidelik uit tabel 55 dat beide die manlike en vroulike respondente van mening was dat al die aangeduide faktore van min belang is in die ontstaan van konflik met hulle skoonouers. Intendeel, dit blyk dat die oorgrote meerderheid van die respondente op elk van die faktore 'n punt van een op die sewepuntskaal aangedui het, dit wil sê, geensins belangrik nie.

TABEL 55: WATTER ROL SPEEL ELKEEN VAN DIE ONDERSTAANDE FAKTORE IN DIE ONTSTAAN VAN KONFLIK TUSSEN 'N PERSOON EN SY/HAAR SKOONOUERS?

Mans se mening	Mate van belangrikheid						
	1	2	3	4	5	6	7
Veranderlike							
1. Eggenoot/eggenote het nie aanvanklik toestemming gekry om te trou nie.	23	2	0	3	0	1	2
2. 'n Persoon se skoonouers se keuse van 'n huweliksmaat het verskil van die persoon se eie keuse.	21	1	4	1	3	1	0
3. 'n Persoon se huweliksmaat se lojaliteit teenoor haar gesin van oorsprong.	15	2	3	2	4	3	2
4. Kompetisie en jaloesie aan die kant van 'n persoon se skoonma en/of skoonpa.	23	1	1	1	0	4	1
5. 'n Persoon se skoonouers respekteer nie die gesin se grense of privaatheid nie.	21	1	1	1	0	3	4
6. Die skoonma se invloed op haar kind (die vrou) se huwelik/lewe.	18	2	2	3	3	2	1
7. Die skoonpa se invloed op sy kind (die vrou) se huwelik/lewe.	18	6	1	0	2	0	2
8. Onopgeloste gevoelens teenoor 'n persoon se eie gesin van oorsprong word oorgedra na sy skoonfamilie.	25	1	1	2	1	1	0
9. Wanneer 'n persoon ongewenste emosies ervaar teenoor sy eie gesin van oorsprong word hierdie negatiewe gevoelens verplaas na sy skoonfamilie.	25	1	1	2	1	1	0
10. Die skoonseun en skoonouer se persoonlikhede verskil.	25	2	1	2	1	0	0
11. Die geboorte van 'n kleinkind/ers.	13	1	1	3	0	1	2

Vrouens se mening**Mate van belangrikheid**

Veranderlike	1	2	3	4	5	6	7
1. Eggenoot/eggenote het nie aanvanklik toestemming gekry om te trou nie.	27	1	1	0	1	2	2
2. 'n Persoon se skoonouers se keuse van 'n huweliksmaat het verskil van die persoon se eie keuse.	22	3	2	2	1	0	7
3. 'n Persoon se huweliksmaat se lojaliteit teenoor sy gesin van oorsprong.	13	1	4	5	5	4	2
4. Kompetisie en jaloesie aan die kant van 'n persoon se skoonma en/of skoonpa.	21	2	2	2	3	0	5
5. 'n Persoon se skoonouers respekteer nie die gesin se grense of privaatheid nie.	19	2	4	2	2	2	5
6. Die skoonma se invloed op haar kind (die man) se huwelik/lewe.	17	4	1	5	2	3	4
7. Die skoonpa se invloed op sy kind (die man) se huwelik/lewe.	19	4	1	3	3	1	4
8. Onopgeloste gevoelens teenoor 'n persoon se eie gesin van oorsprong word oorgedra na haar skoonfamilie.	28	1	4	1	0	1	0
9. Wanneer 'n persoon ongewenste emosies ervaar teenoor haar eie gesin van oorsprong, word hierdie negatiewe gevoelens verplaas na haar skoonfamilie.	30	0	2	2	0	1	0
10. Die skoondogter en skoonouer se persoonlikhede verskil.	12	8	3	6	2	2	1
11. Die geboorte van 'n kleinkind/ers.	10	1	1	5	1	0	4

Na aanleiding van die tellings wat behaal is op tabel 55 (en as skaalpunte 5 tot 7 in ag geneem word), kan die faktore wat 'n rol speel in die ontstaan van konflik tussen 'n persoon en sy/haar skoonouers in die volgende volgorde van belangrikheid geplaas word: Mans: veranderlikes 3,5,6,4,2 en 7, 1 en 11,8,9,10. Vrouens: veranderlikes 3, 5 en 6, 2 en 4 en 7, 1 en 10 en 11, 9,8. Die manlike en vroulike respondente het faktor 3,5 en 6 in dieselfde posisie geplaas. Hiervolgens blyk dit dat 'n persoon se lojaliteit teenoor sy/haar gesin van oorsprong die belangrikste rol speel in die ontstaan van konflik met die skoonouers. Daarna volg die faktor met betrekking tot skoonouers se tekort aan respek vir die nuwe gesin se privaatheid, en dan die skoonma se rol. Dit blyk dat drie verdere faktore, naamlik 2,4 en 7 ook deur albei groepe – al is die volgorde effens verskillend – vervolgens aangedui word as belangrik. Dit kan soos volg verklaar word: 'n persoon se skoonouers se keuse van 'n huweliksmaat het verskil van die persoon se keuse; kompetisie en jaloesie aan die kant van 'n persoon se skoonma

en/of skoonpa en die skoonpa se invloed op sy kind se huwelik/lewe. Faktore wat deur albei groepe laer op die rangorde lê, al is daar klein verskille in faktore is 1,10,11,8, en 9. Dit kan so geïnterpreteer word: eggenoot/eggenote het nie aanvanklik toestemming gekry om te trou nie; die skoonseun/skoondogter en skoonouers se persoonlikhede verskil; die geboorte van 'n kind/ers; onopgeloste gevoelens teenoor 'n persoon se eie gesin van oorsprong word oorgedra na sy/haar skoonfamilie, en wanneer 'n persoon ongewenste emosies ervaar teenoor sy eie gesin van oorsprong, word hierdie negatiewe gevoelens verplaas na sy skoonfamilie.

Van die respondente het ander faktore genoem wat konflik veroorsaak met skoonouers (vergelyk tabel 56).

TABEL 56: ANDER FAKTORE WAT KONFLIK VEROORSAAK MET SKOONOUERS

	<i>Mans</i>		<i>Vrouens</i>	
	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>
Skoonouers se huisdiere.	0	0	2	5
Skoonouers saal die huwelikspaar op met hulle probleme.	0	0	1	3
Skoonouers respekteer nie hulle skoonkind se besluite nie.	1	3	0	0
Skoonouers kan nie persoon se eie ouers uitlos nie.	1	3	0	0

Twee vroulike respondente het aangedui dat hulle skoonouers se huisdiere konflik veroorsaak. Een vrou het aangedui dat haar skoonouers hulle opsaal met hulle probleme. Een manlike respondent het aangedui dat sy skoonouers nie sy besluite respekteer nie en een man het aangedui dat sy skoonouers nie sy eie ouers kan uitlos nie. Soos dit reeds genoem is, plaas die literatuur wat geraadpleeg is baie klem op die faktore wat konflik kan veroorsaak met persone se skoonouers. Die deelnemers aan hierdie navorsingsprojek het egter aangedui dat daar nie baie konflik plaasvind met betrekking tot hulle skoonouers nie.

4.4.14 Die positiewe invloed van skoonouers op die huweliksdinamika van jonggetroude pare (vraag 66)

TABEL 57: WAT IS DIE POSITIEWE INVLOED WAT SKOONOUERS OP 'N HUWELIK HET?

<u>Veranderlike</u>	<i>Mans</i>		<i>Vrouens</i>	
	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>	<u>Frek.</u>	<u>Per.</u>
Ondersteuning.	4	11	9	24
Behulpzaam.	0	0	2	5
Finansiële bystand.	2	6	1	3
Behandel skoonkind soos eie seun/dogter.	3	9	2	5
Ouer is bly dat sy/haar kind met die persoon getrou het.	0	0	2	5
Gee goeie raad.	6	17	7	19
Kies nie kant nie.	0	0	1	3
Meng nie in nie.	6	17	5	14
Het vir hulle kind verantwoordelikheid geleer.	0	0	1	3
Het respek vir hulle kind se huwelik.	2	6	4	11
Belangstelling in, en hulp met die kleinkinders.	3	9	3	8
Skoonmoeder waardeer skoonogter meer as wat haar seun dit doen.	0	0	1	3
Stel belang in persoonlike en finansiële welstand.	2	6	2	5
Skoonouers stel 'n goeie voorbeeld (bv. Christelike waardes, optrede, die manier waarop hulle oor mekaar voel na soveel jare, ens.)	6	17	3	8
Skoonouers glo nie aan egskeding nie.	0	0	1	3
Daar word geleer uit die skoonouers se foute.	0	0	1	3
Prys en motiveer hulle kind en skoonkind en is trots op hulle.	2	6	4	11
Gee baie liefde.	3	9	1	3
Die skoonouers het 'n wonderlike kind as eggenoot/e gegee.	1	3	0	0
Luister na probleme.	2	6	1	3
Geen.	2	6	4	11

Soos dit aangetoon is in die literatuurstudie (vergelyk 2.5) voorsien skoonouers dikwels baie positiewe verhoudings (Silverstein, 1990), maar daar is slegs enkele opmerkings in die literatuur te vinde met betrekking tot die positiewe invloed van die skoonfamilie op die huweliksdinamiek van jonggetroude pare (vergelyk 2.5). Daar word eerder gefokus op die moontlike probleme wat kan voorkom, ten opsigte van hierdie verhoudings. Daar is 'n vraag gevra in die vraelys ten opsigte van die positiewe invloed van skoonouers op die huweliksdinamika van jonggetroude pare waarop die respondente hulle eie menings kon gee. Die veranderlikes wat aangedui is, word in tabel 57 uiteengesit. Die deelnemers kon meer as een respons gee op die vraag en die vroulike respondente het meer response gegee as die mans.

Die manlike respondente se response word vervolgens vanaf die veranderlike wat die hoogste telling behaal het tot en met die veranderlike wat die laagste telling behaal het uiteengesit (vergelyk tabel 57): die skoonouers gee goeie raad, ses (17%); hulle meng nie in nie, ses (17%); die skoonouers stel 'n goeie voorbeeld, ses (17%); hulle bied ondersteuning, vier (11%); die skoonouers behandel hulle skoonkind soos hulle eie kind, drie (9%); belangstelling in, en hulp met die kleinkinders, drie (9%); die skoonouers gee baie liefde, drie (9%); verskaf finansiële bystand; het respek vir die huwelikspaar se huwelik; stel belang in persoonlike en finansiële welstand; die skoonouers prys en motiveer hulle kind en skoonkind en is trots op hulle; hulle luister na probleme en die skoonouers het 'n wonderlike kind as eggenote gegee. Twee (6%) manlike respondente het aangedui dat hulle skoonouers geen positiewe invloed op hulle huwelik het nie.

Die faktore wat die vroulike respondente aangedui het, word vervolgens op dieselfde wyse uiteengesit as dié van die manlike deelnemers: ondersteuning, nege (24%); die gee van goeie raad, sewe (19%); die skoonouers meng nie in nie, vyf (14%); die skoonouers het respek vir hulle kinders se huwelik, vier (11%); die skoonouers prys en motiveer hulle kind en skoonkind en is trots op hulle, vier (11%); belangstelling in, en hulp met die kleinkinders, drie (8%); die skoonouers stel 'n goeie voorbeeld, drie (8%); die skoonouers is behulpsaam; die skoonouers behandel hulle skoonkind soos hulle eie kind; die skoonouers is bly dat hulle kind met hulle skoonkind getrou het; die skoonouers stel belang in die huwelikspaar se persoonlike en finansiële welstand; die skoonouers verskaf finansiële bystand; die skoonouers kies nie kant nie; hulle het vir hulle kind verantwoordelikheid geleer; die skoonmoeder waardeer haar skoondogter

meer as wat haar seun doen (volgens Silverstein [1990] gebeur dit ook soms dat 'n skoonouer eerder die skoonkind se kant kies as dié van hul eie kind); die skoonouers glo nie aan egskeiding nie; daar word geleer uit die skoonouers se foute; die skoonouers luister na die huwelikspaar se probleme en gee baie liefde. Vier (11%) vroulike respondente het aangedui dat hulle skoonouers geen positiewe invloed op hulle huwelik het nie.

4.4.15 Wense rakende persone se skoonouers (vraag 67 en 68)

Die respondente is in die vraelys gevra om aan te dui of daar enige wense rakende hulle skoonouers is wat hulle sou wou wens as dit enigsins waar kon word. Elke deelnemer kon meer as een wens aandui. Die wense word vervolgens genoem. Waar meer as een respons by dieselfde veranderlike gegee is, sal die frekwensie tussen hakies aangedui word.

Die manlike respondente se wense met betrekking tot hulle skoonpa's

Die wense word vervolgens aangedui in die volgorde van die frekwensie waarin dit voorgekom het: 'n lang lewe (4); dat hy nog geleef het (4); persone wil hulle skoonpa's meer sien (3); finansiële welvaart (3); goeie gesondheid (2); sukses in dit wat hy aanpak; dat mense hom behandel soos wat hy hulle behandel; dat hy altyd so vriendelik sal bly; dat die huwelikspaar meer vir hom kan doen; dat sy vrou hom beter kon verstaan; selftevredenheid; dat hy sy dogter minder sal afkraak; dat hy meer leierseienskappe kon hê; sy hartsbegeerte moet vervul word; dat hy nie so depressief sal wees nie; dat sy stiefseun nie so baie daar gekuier het nie; dat hy nie stilstuip moet kry nie; dat hy meer tyd saam met sy eie seun sal deurbring; dat hy nie so baie buierig sal wees nie; dat hy meer belangstelling gehad het in sport; dat hy nie so onbetroubaar sal wees nie; dat hy die verlede sal vergeet en voortgaan met sy lewe; dat hy sal verdwyn, en dat hy 'n miljoenêr was sodat hulle ryk kon erf. Dit blyk uit die deelnemers se response dat hulle meer positiewe as negatiewe wense rakende hulle skoonpa's het. Hierdie bevindinge verskil met die literatuur in die opsig dat daar dikwels groter kompetisie met die skoonouer van dieselfde geslag is. Die literatuur dui egter ook aan dat mans nie so emosioneel betrokke by mekaar raak soos vroue nie. Eerder as om kompetierend te wees met sy skoonpa, soek 'n skoonseun eerder sy goedkeuring (vergelyk 2.4.6).

Die vroulike respondente se wense met betrekking tot hulle skoonpa's

Die wense word vervolgens aangedui in die volgorde van die frekwensie waarin dit voorgekom het: dat hy nog gelewe het en sy hom kon leer ken (3); dat sy hom van kleins af kon gehad het (2); dat alles nie net om homself sou draai nie (2); dat hy minder hardkoppig sal wees (2); dat sy hom beter kan leer ken; dat hy sy kleinkinders kon sien; dat hy nou sy seun kon sien; dat hy nie ander mense se tevredenheid bo sy gesin stel nie; dat hy sal ophou rook; dat sy operasie 'n sukses sal wees; dat hy sal gesond word - goeie gesondheid; dat hy lank gespaar sal wees om sy kleinkinders te sien; dat hy net so 'n wonderlike man sal bly as wat hy is; dat sy haar skoonpa meer kon sien of meer tyd saam bestee; dat hy van die aardbol af sal verdwyn en dat sy hom nooit weer hoef te sien nie; dat sy hom nie as 'n oupa vir haar toekomstige kinders wil hê nie; dat haar skoonpa meer betrokke moet wees by haar man; dat hy al sy seëninge moet raaksien en meer positief moet wees; dat hy sy seun meer privaattyd moet gun saam met sy gesin en dat hy hulle meer tyd sal gee om dinge saam te doen as 'n gesin; dat hy sal besef dat hy ouer word en die leisels sal oorgee; dat hy sy oudag rustig saam met sy vrou kan deurbring; dat hy vir sy skoondogter sal wys waar sy met hom staan en, of hy haar ooit sal aanvaar as sy skoondogter; dat hy sal hou by wat hy gesê het; dat hy sal ophou inmeng in sy kinders se huwelik; dat hy nie sy siening op ander sal afdwing nie; dat hy ander mense se gevoelens in ag sal neem; dat hy sal ophou om ander af te kraak, veral sy vrou; dat hy sal ophou drink; dat hy 'n minder gespanne persoon sal wees; dat haar skoonpa nie haar man se pa was nie; dat hy glad nie deel sal hê aan hulle lewe nie; as sy weet dat dit sou gehelp het, sou sy nie opgehou wens het nie; sy kan net bid vir die genade en liefde van Jesus in haar skoonouers se lewe; dat hy meer sinvol met sy vrou sal kommunikeer; dat hy die pa vir sy kinders kan wees wat hy nooit was nie; dat hy meer positief was; dat hy meer betrokke by sy kinders was; dat hy meer liefde na sy kinders kon uitstraal, en dat hy nie altyd sê wat hy wil sê nie.

Die vroulike deelnemers het, in teenstelling met die mans, baie negatiewe wense rakende hulle skoonpa's aangedui. Hierdie resultate vind aansluiting met die resultate wat behaal is in tabel 54. Nege vroulike respondente (24%), het aangedui dat hulle skoonpa die mees problematiese lid van die skoonfamilie is. Hierdie resultate is in teenstelling met die literatuur, aangesien die literatuur aandui dat daar dikwels groter konflik en kompetisie met die skoonouer van dieselfde geslag is (vergelyk 2.4.6).

Die manlike respondente se wense met betrekking tot hulle skoonma's

Die wense word vervolgens aangedui in die volgorde van die frekwensie waarin dit voorgekom het: 'n lang lewe (3); goeie gesondheid (3); geluk en vreugde (2); haar hartsbegeerte moet vervul word; persone wil hulle skoonma's graag meer sien; dat sy haarself minder bejammer het; dat sy minder leuens sal vertel; dat sy meer geduld kon hê; dat sy minder selfgesentreerd sal wees; selftevreidenheid; 'n beter huwelik; dat sy moet regkom; "om nog meer as twee wense te kon kry"; dat sy altyd 'n goeie voorbeeld sal wees; dat sy meer na haarself sal kyk en haar minder bekommer oor ander; finansiële welvaart; dat sy nie net die wind van voor sal kry rakende probleme by die huis nie; dat sy nie so baie kommentaar oor haar dogter (sy eggenote) sal lewer nie; dat sy haar goeie eienskappe aan haar kleinkind sal oordra; dat sy altyd so liefdevol en vriendelik sal wees; dat die huwelikspaar meer vir haar kan doen; dat sy nader gewoon het; dat sy minder vir die huwelikspaar probeer voorskryf het; dat sy die huwelikspaar se besluite sal respekteer en hulle ondersteun; dat sy haar dogter sal reghelp met die manier van dinge doen; dat sy hom nie so baie sal irriteer nie; dat sy sal ophou om so om haar dogter se liefde en toewyding te kompeteer; dat sy haar eie huwelik eers in orde sal kry; dat sy na ander mense sal luister in 'n positiewe lig; dat sy minder sal kritiseer en oordeel en dat sy haar oorlede ma met rus sal laat.

Die manlike deelnemers het meer positiewe as negatiewe response rakende hulle skoonmoeders aangedui. Dit sluit aan by die literatuur, naamlik dat daar dikwels groter konflik en kompetisie is met die skoonouer van dieselfde geslag (vergelyk 2.4.6). Die manlike deelnemers het ook meer positiewe response rakende hulle skoonvaders gegee.

Die vroulike respondente se wense met betrekking tot hulle skoonma's

Die wense word vervolgens aangedui in die volgorde van die frekwensie waarin dit voorgekom het: goeie gesondheid; dat sy haar skoonma meer kon sien of meer tyd saam kon bestee (2); 'n lang lewe; dat sy altyd daar sal wees met goeie raad en ondersteuning; dat sy meer liefdevol kon wees; dat sy meer fisieke kontak gemaak het; dat sy haar emosies sal kan wys; dat skoonma en skoondogter beter oor die weg gekom het; dat sy gelukkig sal wees; dat sy sterker op haar regte sal staan; dat sy nie voor haar man se geraas en sarkasme sal verkrummel nie; dat sy nie so dominerend en hard sal wees nie; sy moet meer positief wees en die mooi in ander raaksien; sy moenie

inmeng in haar kinders se huwelik nie; dat sy haar skoondogter met die besigheid sal vertrou en weet dat alles goed verloop, sodat sy ook op vakansie kan gaan; om haar kind los te maak van haar af en nie te glo dat die wêreld net om hom draai nie; dat haar skoonma 'n ander persoonlikheid gehad het; dat sy ook vir haar ander kinders sal omgee en nie net vir haar witbroodjie nie; dat sy makliker oor alledaagse dinge kon gesels; dat sy haarself nie so maklik onttrek uit groter groepe en haarself dan bejammer nie; dat sy sal hou by wat sy gesê het; dat sy nie haar kinders so oorbeskermd grootmaak het nie; dat sy sal besef dat haar seun nou 'n man is met sy eie lewe; dat sy moet ophou om drome te droom oor dinge wat nie kan gebeur nie; dat sy sal grootword; dat haar hartsbegeerte vervul kan word; dat sy daarvan gehou het om saam met haar skoondogter inkopies te doen; dat sy nader gebly het; dat sy meer betrokke by haar kleinkinders kon gewees het ("sy voel nie soos 'n regte ouma nie") en meer aandag aan hulle gegee het as aan haar honde; dat sy meer tyd vir haarself sal afstaan; dat sy nie van haar kinders moet verwag om so hard soos sy te werk nie; dat sy haar kinders sal toelaat om 'n eie mening te hê; dat sy nie iets op ander sal afdwing as sy nie daarvan hou nie; dat sy minder bekommerd sal wees; dat sy meer sinvol met haar man kan kommunikeer; dat sy nie so tydsaam sal wees nie; dat haar skoonma soos haar eie ma moet wees; dat sy minder gepraat het en dat sy die wilskrag sal kry om gewig te verloor, sodat sy kan goed voel oor haarself.

Die vroulike respondente het relatief baie negatiewe response met betrekking tot hulle skoonmoeders aangedui. Die resultate stem ooreen met die literatuurstudie, naamlik dat daar dikwels konflik en kompetisie met die skoonouer van dieselfde geslag is (vergelyk 2.4.6). Jerrome (1994) beskou dit as 'n algemene reël dat die meeste spanning voorkom tussen die skoondogter en haar skoonma. Dit vind aansluiting by die resultate met betrekking tot die skoonmoeder se invloed op die huweliksmaats se lewe (vergelyk tabel 39). Sewentien vroulike respondente (46%) het geen respons gegee nie wat moontlik kan dui op ontkenning of weerstand ten opsigte van die situasie. Die vroulike respondente het dus beter gerespondeer op die oopeinde vrae (vergelyk 4.4.14). Nege vroulike respondente (24%) het aangedui dat hulle skoonma's 'n negatiewe invloed op hulle huweliksmaat se lewe het (vergelyk tabel 39).

4.4.16 Ander inligting oor die invloed van 'n persoon se skoonpa of skoonma op 'n persoon se huweliksverhouding (vraag 69)

Die deelnemers is gevra om aan te dui of daar nog enige ander inligting oor die invloed van hulle skoonouers op hulle huweliksverhouding is wat hulle wil meedeel. Die manlike respondente wat 'n respons gegee het, het aangedui dat hulle skoonouers die eggenote goed opgevoed het en dat die skoonouers 'n goeie oupa en ouma is.

Die vroulike respondente wat gerespondeer het op die vraag in die vraelys het aangedui dat hulle skoonouers moet leer dat sy deel is van die familie en dat sy ook lief is vir hulle seun op haar eie manier (2); dat die skoonouers kinders van God is en dat Hy hulle lewens en huwelik geseën het en dat hulle dit oordra; dat die skoonogter opstandig raak as haar skoonpa nie die dinge raaksien wat haar man spesiaal vir hom doen om hom tevrede te stel nie; dat die skoonouers goeie ouers is ten spyte van klein probleempies; dat die skoonouers moet aanvaar dat hulle skoonkinders hulle kinders se lewensmaats is vir die res van hulle lewens; skoonouers veroorsaak onnodige wrywing in huwelike; die skoonma help hulle met besigheidskennis en het 'n goeie invloed op hulle eie onderneming; die skoonma se raad word verwelkom, maar nie te ernstig opgeneem nie.

Dit blyk uit voorafgaande inligting dat die manlike deelnemers wat gerespondeer het op die vraag positiewe addisionele inligting gegee het. Alhoewel enkele vroulike deelnemers ook positiewe opmerkings gemaak het, was die meerderheid addisionele inligting vanaf die vroulike deelnemers egter negatiewe response.

4.4.17 Slotopmerkings

Die belangrikste bevindinge rakende die rol van 'n persoon se skoonouers in sy/haar huwelikslewe (vergelyk 4.4.1 – 4.4.15) is die volgende:

- Dit blyk dat die mans se skoonouers meer gereeld kom kuier as die vrou se skoonouers (37% kom baie gereeld of gereeld teenoor 27% by die vrouens). Die mans besoek hulle skoonouers ook meer gereeld as die vrouens (57% kuier baie gereeld of gereeld teenoor 39% van die vrouens). Die vrouens kommunikeer meer gereeld as die mans met hulle skoonouers, byvoorbeeld per telefoon (59% kontak baie gereeld of gereeld teenoor 48% van die mans). Volgens beide die mans en die

vrouens kommunikeer hulle huweliksmaat baie gereeld en gereeld met hulle eie ouers – 80% en 79%.

- Beide die mans (80%) en die vrouens (81%) is van mening dat hulle goeie kontak met hulle skoonouers het.
- Beide die mans (83%) en die vrouens (86%) is van mening dat hulle huweliksmaats baie lojaal is teenoor hulle gesinne van oorsprong, maar beide mans (77%) en vrouens (76%) is van mening dat hierdie lojaliteit geen invloed op hulle huwelik het nie.
- Die oorgrote meerderheid mans (86%) en vrouens (92%) het aangedui dat hulle huweliksmaats baie lojaal is teenoor hulle huidige huwelik/gesin en dat hulle skoonouers hierdie lojaliteit ook respekteer, naamlik 83% mans en 89% vrouens.
- Die meeste mans (60%) en vrouens (51%) was van mening dat daar min konflik bestaan tussen die huweliksmaats, ten opsigte van tradisies/gewoontes wat voorgekom het in hulle gesinne van oorsprong. Hulle het ook aangetoon dat hulle skoonouers hulle kind se huweliksgrense baie respekteer - 83% mans en 77% vrouens. Baie mans (57%) en die vrouens (51%) het dan ook aangedui dat hulle skoonouers min aan hulle as huwelikspaar voorskryf hoe om op te tree in hulle lewens. Hulle het ook aangedui dat hulle skoonouers min betrek word tydens hulle argumente, soos dit deur 83% mans en 81% vrouens aangedui is. Beide mans (80%) en vrouens (70%) het aangedui dat hy/sy min in kompetisie voel met sy/haar skoonouers vir sy/haar huweliksmaat se aandag en toewyding. Hulle voel ook min uitgesluit uit hulle huweliksmaats se verhoudings met hulle ouers, soos dit uit die antwoorde van 80% mans en 73% vrouens gevind is.
- Die meeste van die mans en dames was van mening dat hulle huweliksmaat 'n goeie moeder het, naamlik 83% mans en 84% vrouens. Veertien persent mans het gemeen hulle maat se moeder was oorbeskermd, terwyl 27% vrouens dit van hulle maat se moeder gedink het. Veertien persent van die dames het ook vermeld dat hulle maat se moeder moontlik afhanklik was/is. Dit is opvallend dat 37% mans en 46% vrouens geen respons gelever het op die vraag na hulle skoonouers se invloed op hulle lewens nie. Vier-en-dertig persent mans en slegs 19% vrouens het gemeen dat hulle skoonmoeder 'n positiewe invloed op hulle huweliksmaat se lewe het, terwyl

11% mans en 24% vrouens aangedui het dat hulle skoonmoeder 'n negatiewe invloed het.

- Die meeste mans (80%) en dames (68%) het aangedui dat hulle huweliksmaat 'n goeie vader het. Veertien persent mans het verder aangetoon dat hulle maat 'n vader het wat sy kind geleer het hoe om emosies te hanteer en 22% vrouens het dit ook van hulle maats se vader gesê. Vier-en-twintig vrouens was van mening dat hulle mans 'n vader gehad het wat geglo het "Big boys don't cry", terwyl 16% gemeen het dat hulle maat 'n emosionele afwesige vader gehad het. Drie-en-veertig persent van die mans het gemeen dat hulle skoonvader 'n positiewe invloed het op hulle huweliksmaat, terwyl 6% van mening was dat die invloed negatief was. Vyf-en-dertig persent van die vrouens het gemeen dat hulle skoonvader 'n positiewe invloed op hulle maats het, terwyl 19% gemeen het dit was negatief.
- Min mans en vrouens het gemeen dat oordrag – 83% en 86% onderskeidelik – en projeksie voorkom – 71% en 84% onderskeidelik – tussen hulle en hulle skoonouers rakende hulle huweliksmaat se verhouding met hulle ouers.
- Die meeste mans (47%) en vrouens (45%) wat kinders het was van mening dat die geboorte van hulle kinders wel 'n baie groot invloed uitoefen op hulle verhouding met hulle skoonouers. Sewe-en-veertig persent mans en 40% vrouens was van mening dat die invloed positief was, maar 47% mans en 50% vrouens het geen respons op hierdie vraag verstrek nie. Vyf-en-sestig persent mans en 60% vrouens het egter aangetoon dat hulle skoonouers nie inmeng met hulle opvoeding van die kleinkinders nie.
- Een-en-sewentig persent mans en 73% vrouens het aangetoon dat hulle min konflik met hulle skoonouers ervaar. Volgens die mans (20%) was hulle skoonma of hulle self daarvoor verantwoordelik. Hulle skoonpa was volgens hulle nooit (10%) daarvoor verantwoordelik nie. Volgens die vrouens was skoonma (22%), skoonpa (22%) en hulle self (19%) daarvoor verantwoordelik.
- Volgens 34% mans en 22% vrouens was die skoonma die mees problematiese lid van die skoonfamilie, terwyl 17% mans en 24% vrouens hulle skoonpa's as sodanig aangedui het. Sewe-en-dertig persent mans en 41% vrouens het geen respons gelever nie.

- Dit blyk dat beide die mans en die dames van mening was dat die aangeduide faktore – soos dit uit die literatuur opgestel is – van min belang is in die ontstaan van konflik.
- Volgens die mans was die veranderlikes waarop hulle skoonouers 'n positiewe invloed uitoefen die volgende: hulle gee goeie raad (17%); hulle meng nie in nie (17%); hulle stel 'n goeie voorbeeld (17%) en hulle bied ondersteuning (11%). Volgens die vrouens is dit: ondersteuning (24%); gee goeie raad (19%); meng nie in nie (14%); het respek vir hulle kind se huwelik (11%) en prys hulle kinders en is trots op hulle (11%).
- Dit blyk dat die vroulike respondente meer negatiewe wense uitgespreek het rakende hulle skoonpa's en skoonma's as wat die geval was met die manlike respondente se wense.

HOOFSTUK 5

GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

5.1 INLEIDING

In hierdie afdeling sal daar kortliks aangetoon word wat die belangrikste gevolgtrekkings is waartoe die navorser gekom het met hierdie studie (literatuur- en empiriese studie), probleme wat ondervind is met betrekking tot die navorsingsprojek, sekere leemtes in hierdie navorsingsprojek, en daar sal sekere aanbevelings gemaak word met die oog op toekomstige navorsing op hierdie terrein.

5.2 GEVOLGTREKKINGS

Die volgende gevolgtrekkings is op grond van die literatuurstudie en die empiriese studie gemaak:

- Uit die literatuurstudie blyk dit dat daar verbasend min navorsing gedoen is oor skoonfamilieverhoudings en die struktuur en dinamiek daarvan, ten spyte daarvan dat die hantering van die skoonfamilie een van die groot stressors in 'n huwelik en 'n belangrike bron van konflik is.
- Die literatuursoektog het aan die lig gebring dat 'n persoon se vroeëre kinderervarings in sy/haar gesin van oorsprong die individu vorm en voortgaan om 'n belangrike rol te speel in sy/haar latere lewe. Die gevolgtrekking kan op grond hiervan gemaak word dat die gesin van oorsprong 'n belangrike faktor is wat 'n rol speel in skoonfamilieverhoudings, alhoewel dit dikwels op indirekte of onbewuste wyse gebeur.
- Daar is reeds baie navorsing gedoen oor 'n persoon se gesin van oorsprong en die intergeneriese invloede wat daaruit voortkom. Dit blyk uit die literatuur dat 'n persoon se vroeëre kinderervaringe 'n groot invloed uitoefen op 'n persoon se keuse van sy/haar huweliksmat en die aard van hulle liefdesverhouding.
- Daar is slegs enkele opmerkings in die literatuur gevind met betrekking tot die positiewe invloed van die skoonfamilie op die huweliksdinamiek van getroude pare.

Daar word eerder klem gelê op die faktore wat 'n rol kan speel in die ontstaan van konflik in skoonfamilieverhoudinge. Dit wil voorkom uit die literatuur wat geraadpleeg is asof die skoonouers die lede van die skoonfamilie is wat die grootste invloed uitoefen op die huwelik. Die skoonmoeder word om verskeie redes dikwels gesien as die mees problematiese lid van die skoonfamilie. Konflik ontstaan dikwels, omdat die paartjie nie aanvanklik toestemming gekry het om te trou van een of meer van die ouers nie; die skoonouers se keuse van 'n huweliksmaat vir hulle kind het verkil van die persoon se keuse; lojaliteit teenoor die gesin van oorsprong; 'n gebrek aan die daarstelling van duidelike grense ten opsigte van die gesinne van oorsprong; kompetisie, jaloesie en driehoekvorming; die moeder se rol in die huweliksverhouding van haar kind; die vader se rol in die huweliksverhouding van sy kind; oordrag; projeksie; persoonlikheidsverskille en die geboorte van kleinkinders.

- Daar is teoretici wat aantoon dat skoonfamilieverhoudings verrykend kan inwerk op die lewens van jonggetroude pare. Skoonouers kan die gesinslewe verryk deur ondersteuning, vriendskap en leiding te verskaf.
- Daar kon nie 'n meetinstrument gevind word wat gebruik kon word in die navorsing nie. Om hierdie rede het die navorser 'n vraelys opgestel om jonggetroude persone se beleving van die rol wat hulle skoonouers in hulle huwelik speel te bepaal.
- In die empiriese studie is bevind dat daar verskeie ooreenkomste, maar ook verskille is tussen die navorsingsresultate en die literatuurstudie. In ooreenstemming met die literatuurstudie, is daar bevind dat 'n persoon se vroeëre kinderervarings in sy/haar gesin van oorsprong steeds 'n belangrike rol speel in sy/haar latere lewe, ook in sy/haar huwelikslewe en skoonfamilieverhoudinge. Die deelnemers aan die navorsing het verskeie eienskappe wat ooreenstem tussen hulle en hulle huweliksmaats se gesinne van oorsprong aangetoon, naamlik godsdiens, dieselfde belange gewoontes en leefwyse, opvoeding en liefdevolle ouerhuise. Die belangrikste eienskappe wat verskil is verskillende tipe verhoudings met die kinders, kuier teenoor tuisbly, gehegtheid teenoor niegehegtheid en meer vryheid en onafhanklikheid aan die kinders.
- Alhoewel die literatuur meer klem plaas op kovert faktore met betrekking tot die keuse van 'n huweliksmaat, het die deelnemers die overte of waarneembare faktore aangedui. Die rede hiervoor is moontlik dat die meeste persone nie kennis het of

bewus is van persone se psigologiese funksionering of onbewuste motiewe nie. Dieselfde rede kan aangevoer word vir die min response met betrekking tot die aspekte van 'n persoon se huweliksmaat se gesin van oorsprong wat 'n rol gespeel het by die keuse van 'n huweliksmaat. In ooreenstemming met die literatuurstudie het die meeste deelnemers aangedui dat hulle toestemming gekry het om te trou van beide stelle ouers en dat dit nie oudmodies is om ouers te vra.

- Die meeste deelnemers se menings verskil van die literatuurstudie in die opsig dat hulle aangedui het dat die toestemming om te trou nie 'n invloed op hulle huweliksgeluk het nie. Die deelnemers het in hoofsaak aangedui dat die toestemming om te trou voordelig is vir hulle huwelik, omdat dit omstandighede oor die algemeen vergemaklik. Die meeste deelnemers het vervolgens aangedui dat hulle skoonouers voor die huwelik nie aangedui het dat hulle nie goed genoeg is as skoonkinders nie en dat hulle tans gemaklik voel in hulle skoonouers se teenwoordigheid. Alhoewel die literatuurstudie aantoon dat persone dikwels hulle aanstaande skoonouers ooridealiseer en van die skoonfamilie verwag om hulle van 'n gelukkige gesinslewe te voorsien wat hulle nie in hulle kinderdaegesin gehad het nie, het nie meeste deelnemers aangedui dat dit nie die geval is nie. Die rede hiervoor is moontlik weer eens dat mense nie bewus is van koverte motiewe nie.
- Met betrekking tot die rol van 'n persoon se skoonouers in sy/haar huwelikslewe, blyk dit dat die meeste deelnemers se skoonouers grootliks 'n positiewe invloed op hulle huwelikslewe het. Die meeste deelnemers is van mening dat hulle goeie kontak met hulle skoonouers het. Die mans besoek hulle skoonouers meer en ontvang meer besoeke van hulle skoonouers as die vrouens. Die vrouens kommunikeer meer gereeld as die mans met hulle skoonouers, byvoorbeeld per telefoon. Volgens beide die mans en vrouens kommunikeer hulle huweliksmaats baie gereeld en gereeld met hulle eie ouers.
- Alhoewel die meeste deelnemers aangedui het dat hulle huweliksmaats baie lojaal is teenoor hulle gesinne van oorsprong, is hulle van mening dat hierdie loyaliteite geen invloed op hulle huwelik het nie. Hulle het ook aangedui dat hulle huweliksmaats baie lojaal is teenoor hulle huidige huwelik/gesin en dat hulle skoonouers hierdie loyaliteit respekteer. Die meeste deelnemers het aangedui dat hulle skoonouers goeie ouers is, alhoewel dit opvallend is dat 'n groot aantal deelnemers geen respons gelever het op die vraag na hulle skoonouers se invloed op hulle lewens

nie. Min deelnemers het gemeen dat oordrag en projeksie voorkom tussen hulle en hulle skoonouers rakende hulle huweliksmat se verhouding met hulle ouers. Die meeste deelnemers was van mening dat die geboorte van hulle kinders wel 'n baie groot invloed uitoefen op hulle verhouding met hulle skoonouers. Die meeste deelnemers het geen respons gegee op die vraag of die invloed positief of negatief was, wat moontlik kan dui op die ontkenning van negatiewe gevoelens, terwyl bykans dieselfde hoeveelheid deelnemers aangedui het dat die invloed positief was. Die meeste deelnemers het aangedui dat hulle skoonouers nie inmeng met hulle opvoeding van die kleinkinders nie. Die meeste deelnemers het aangedui dat daar min konflik bestaan tussen hulle en hulle skoonouers. Volgens die mans wat wel konflik met betrekking tot hulle skoonouers ervaar, is hulle skoonma, of hulle self daarvoor verantwoordelik. Volgens die vrouens is die skoonma, skoonpa en hulle self daarvoor verantwoordelik. In teenstelling met die literatuur het die meeste vrouens die skoonpa as die mees problematiese lid van die skoonfamilie geïdentifiseer, waarna die skoonma volg, terwyl die meeste mans die skoonma as die mees problematiese lid benoem het en daarna volg die skoonpa. Dit blyk dat die meeste deelnemers van mening was dat die aangeduide faktore – soos dit uit die literatuur opgestel is – van min belang is in die ontstaan van konflik.

- Daar is wel 'n aantal deelnemers wat sekere faktore wat konflik veroorsaak as belangrik beskou het. Die manlike respondente het aangedui dat die faktore wat die meeste konflik veroorsaak die huweliksmat se lojaliteit teenoor haar gesin van oorsprong is en dat die skoonouers nie respek vir die huwelikspaar se privaatheid en grense het nie. Die respondente het aangedui dat die skoonma 'n groot bron van konflik is, asook die huweliksmat se lojaliteit teenoor sy/haar gesin van oorsprong en die skoonouers se tekort aan respek vir die paartjie se privaatheid en grense. Die vroulike respondente het meer negatiewe response gelever rakende hulle skoonouers as wat die geval was met die manlike respondente. Die respondente het talle addisionele redes genoem waarop skoonouers 'n positiewe invloed op hulle huweliksewe kan hê. Volgens die mans was die veranderlikes waarop hulle skoonouers 'n positiewe invloed uitoefen die volgende: hulle gee goeie raad, hulle meng nie in nie, hulle stel 'n goeie voorbeeld en hulle bied ondersteuning. Volgens die vrouens is dit vervolgens ondersteuning, gee goeie raad, meng nie in nie, het respek vir hulle kind se huwelik en prys hulle kinders en is trots op hulle.

- Die vernaamste verskil met betrekking tot die literatuurstudie en die resultate wat verkry is met die navorsing is dat die deelnemers nie so negatief gereageer het teenoor hulle skoonouers as wat die literatuur aandui nie. Die meerderheid deelnemers het positiewe verhoudinge met hulle skoonouers.

5.3 PROBLEME WAT ONDERVIND IS MET BETREKKING TOT DIE NAVORSINGS-PROJEK

Die eerste aanvanklike probleem wat ondervind is, het betrekking gehad op die literatuurstudie. Daar is baie min literatuur beskikbaar wat direk handel oor skoonouers en die skoonfamilie in die algemeen.

Die navorser het aanvanklik gesukkel om genoeg deelnemers te kry wat bereid was om deel te neem. Persone het baie swak gereageer op die dekbriewe wat uitgedeel is by die kerke. 'n Groot aantal persone wat op ander wyses genader is, het vraelyste geneem, maar versuim om dit in te vul, selfs nadat die navorser 'n aantal kere persoonlik na die persone gegaan het om die vraelyste terug te kry. Sekere van die persone het aangedui dat die vrae te persoonlik is en wou die vraelyste om hierdie rede nie invul nie; een dame het gesê dat sy nie die vraelys wil invul nie, aangesien sy niks goeds te sê het oor haar skoonfamilie nie; sommige persone het aangevoer dat die bediende die vraelys weggegooi het; ander het aangedui dat hulle huweliksmaats dit nie wou invul nie, en sommige persone het gesê dat die vraelys te lank is en dat hulle nie tyd het om dit in te vul nie. Baie respondente, veral sommige van die manlike respondente, het geen respons gegee op oopeindevrae wat vir die navorser van groot waarde kon wees.

5.4 LEEMTES IN DIE NAVORSINGSPROJEK

Ten spyte van 'n groot aantal persone se weerstand teen deelname aan die navorsingsprojek, is 'n genoegsame aantal deelnemers opgespoor om deel te neem aan die navorsingsprojek. Die vraag kan gevra word of die meeste persone wat deelgeneem het nie moontlik 'n deel van die populasie jonggetroude persone was wat die minimum probleme met hulle skoonouers ondervind nie. Die hipotese kan gemaak word dat ontkenning en/of weerstand moontlik as verdedigingsmeganismes gebruik is waardeur die individu geweier het om te erken dat sekere omstandighede (negatiewe verhoudinge met die skoonouers of skoonfamilie) vir hom/haar onaangenaam of bedreigend is, of as

verset teen die navorser se poging om bewuste en onbewuste inhoude van die psige te ontbloot.

'n Leemte in die vraelys is dat daar nie voorsiening gemaak is vir persone wie se skoonouers geskei is en weer hertrou het nie. Daar kan by sommige vrae nie onderskeid gemaak word tussen probleme wat net vanaf die skoonma of net vanaf die skoonpa afkomstig is nie. Daar kan ook nie onderskeid gemaak word tussen stiefskoonouers en die huweliksmaat se biologiese ouers nie.

5.5 AANBEVELINGS

Na aanleiding van die gebrek aan navorsing in hierdie verband en vanweë die oënskynlike belangrike invloed van die skoonfamilie – veral die skoonouers – op die huwelike van jonggetroude pare, word die volgende aanbevelings gemaak: Navorsers en skrywers wat in hierdie veld belangstel moet moeite doen om bevindinge te publiseer wat vir die algemene populasie, veral getroude persone, toeganklik is. Daar is 'n oop veld vir die verkenning van skoonfamilieverhoudings. Verdere navorsing kan byvoorbeeld gedoen word oor die volgende studieterreine:

- ouer getroude persone se beleving van hulle skoonfamilie;
- sogenaamde stiefskoonouers se invloed op hulle stiefkinders se huwelike;
- die dinamiek van skoonfamilieverhoudings van persone in eerste huwelike teenoor dié van skoonfamilieverhoudings van persone in hulle tweede huwelike;
- skoonfamilieverhoudings in verskillende kultuurgroepe;
- die verhoudings met, en invloed van die sibbes van die huweliksmaat op jonggetroude persone se huwelik.

Die resultate van hierdie navorsing kan gebruik word vir die opstel van 'n voorhuweliks- of huweliksverrykingsprogram wat spesifiek gemik is op die hantering van probleme met betrekking tot die skoonouers.

OPSOMMING

JONGGETROUDE PERSONE SE BELEWING VAN HULLE SKOONOUERS SE ROL IN HULLE HUWELIK

Die doel van hierdie studie was om deur middel van 'n literatuurstudie 'n vraelys op te stel wat handel oor jonggetroude persone se belewing van die rol van hulle skoonouers op hulle huwelikslewe tydens die eerste vyf jaar van die huwelik om verder deur middel van 'n opnamestudie waarin die vraelys gebruik is jonggetroude persone se belewing van die rol van hulle skoonouers in hulle huweliksdinamiek te takseer.

Die literatuurstudie behels 'n teoretiese begroning van die rol van skoonouers op die huweliksdinamika van jonggetroude pare. Daar is gelet op die rol van die gesin van oorsprong op 'n individu se vorming en latere lewe, asook sy/haar keuse van 'n huweliksmaat en die aard van hulle liefdesverhouding. Vervolgens is daar gelet op die invloed van persone se skoonouers op hulle huwelikslewe. Dit behels die faktore wat 'n rol kan speel in die ontstaan van konflik met betrekking tot skoonfamilieverhoudinge, naamlik toestemming om te trou; die skoonouers se keuse van 'n huweliksmaat vir hulle kind; lojaliteit teenoor die gesin van oorsprong; grense ten opsigte van die gesinne van oorsprong; kompetisie, jaloesie en driehoekvorming; die moeder se rol in die huweliksverhouding van haar kind; die vader se rol in die huweliksverhouding van sy kind; oordrag; projeksie; persoonlikheidsverskille, en die geboorte van kleinkinders. Die positiewe invloed van skoonouers op jonggetroude pare is ook kortliks bespreek.

Die empiriese ondersoek het 'n opnamestudie behels. Hierdie opnamestudie het 'n ondersoek in die vorm van 'n vraelys aan persone wat vyf jaar en minder getroud is en wie se eerste huwelik dit is, behels. Die doel hiervan was om die faktore wat verband hou met skoonfamilieverhoudinge wat met behulp van die literatuurstudie geïdentifiseer is in die praktyk te verifieer. Deelnemers aan die studie is gewerf deur middel van aankondigings wat gemaak is en pamflette wat geplaas is by die deure in die Afrikaanse en Engelse kerke in Potchefstroom, nadat die onderskeie leraars persoonlik gekontak of besoek is. Nadat daar nie genoeg reaksie verkry is na aanleiding van hierdie metode nie, is daar van verskeie ander metodes, byvoorbeeld kettingverwysing en gerieflikheidsteekproeftrekking gebruik gemaak om proefpersone te werf. Die meetinstrument wat gebruik is, is 'n vraelys wat opgestel is deur die navorser. Hierdie meetinstrument is ontwikkel op grond van die literatuurstudie.

Na aanleiding van die empiriese studie is bevind dat daar verskeie ooreenkomste, maar ook verskille is met betrekking tot die navorsingsresultate in vergelyking met die literatuurstudie. Die literatuurstudie en die bevindinge op grond van die empiriese studie stem ooreen in die opsig dat 'n persoon se vroeëre kinderervarings in sy/haar gesin van oorsprong steeds 'n belangrike rol speel in sy/haar latere lewe. Met betrekking tot die keuse van 'n huweliksmaat verskil die literatuurstudie van die navorsingsresultate in die opsig dat die literatuur meer klem plaas op die koverte faktore wat die keuse van 'n huweliksmaat beïnvloed, terwyl die deelnemers aan die navorsing die overte faktore aangedui het.

Die meeste deelnemers beskou , in ooreenstemming met die literatuurstudie, die toestemming om te trou as belangrik. Die meeste deelnemers het aangetoon dat hulle skoonouers voor die huwelik nie aangedui het dat hulle nie goed genoeg is as skoonkinders nie en dat hulle tans gemaklik voel in hulle skoonouers se teenwoordigheid. Alhoewel die literatuurstudie aantoon dat persone dikwels hulle aanstaande skoonouers ooridealiseer, het die meeste deelnemers aangedui dat dit nie die geval was nie. Met betrekking tot die rol van 'n persoon se skoonouers in sy/haar huwelikslewe, blyk dit dat die meeste deelnemers goeie kontak met hulle skoonouers het en dat hulle skoonouers grootliks 'n positiewe invloed op hulle huwelikslewe het. Die meeste deelnemers het ook aangedui dat daar min konflik bestaan tussen hulle en hulle skoonouers. In die gevalle waar daar wel konflik plaasvind, word dit volgens die manlike deelnemers hoofsaaklik veroorsaak as gevolg van die huweliksmaat se lojaliteit teenoor haar gesin van oorsprong en dat die skoonouers nie respek vir die huwelikspaar se privaatheid en grense het nie. Die vroulike respondente het aangedui dat die skoonma 'n groot bron van konflik is, asook die huweliksmaat se lojaliteit teenoor sy gesin van oorsprong en die skoonouers se tekort aan respek vir die paartjie se privaatheid en grense. Die vroulike respondente het meer negatiewe response gelever rakende hulle skoonouers as wat die geval was met die manlike respondente. In kontras met die literatuur het die meeste vrouens die skoonpa as die mees problematies lid van die skoonfamilie benoem, terwyl die meeste mans die skoonma as die mees problematiese lid benoem het.

Die vernaamste verskil met betrekking tot die literatuurstudie en die resultate wat verkry is met die navorsing is dat die deelnemers nie so negatief gereageer het teenoor hulle skoonouers as wat die literatuur aandui nie. Die rede hiervoor is moontlik dat die

meeste deelnemers bloot goeie verhoudings met hulle skoonouers het, alhoewel die moontlikheid van ontkenning nie uitgesluit kan word nie. Ten opsigte van verskille tussen die literatuurstudie en empiriese studie moet daar ook in gedagte gehou word dat persone dikwels nie bewus is van koverte faktore nie.

Die studie is afgesluit met gevolgtrekkings waartoe die navorser gekom het, probleme wat ondervind is met betrekking tot die navorsingsprojek, sekere leemtes in die navorsingsprojek en aanbevelings ten opsigte van verdere navorsing.

SUMMARY

YOUNG MARRIED COUPLES' EXPERIENCE OF THE ROLE PLAYED BY THEIR PARENTS-IN-LAW IN THEIR MARRIAGE

The aim of this study was to evaluate how young married couples experience the role played by their parents-in-law in the dynamics of their marriage during the first five years of marriage. A questionnaire, which was developed according to a literature study, was used in the survey.

The literature study included a theoretical validation of the role of parents-in-law with regard to the marriage dynamics of young married couples. Attention was paid to the influence exercised by the family of origin on the individual's development, later life, choice of partner and the nature of his/her love relationship with the marriage partner. Similar attention was devoted to an investigation of the influence of parents-in-law on the marriage relationship. This included factors that could lead to conflict in the relationships with family-in-law, namely permission to get married, the parents-in-law's choice of a partner for their child, loyalty to the family of origin, limitations with regard to the families-of-origin, competition, jealousy and triangle development, the mother's role in the marriage relationship of her child, the father's role in the marriage relationship of his child, transfer, projection, differences in personality traits and the birth of grandchildren. The positive influences extending from parents-in-law to young married couples, were also discussed briefly.

The empirical study included a survey. The survey was conducted by means of a questionnaire made available to first-marriage couples who had been married for five years and under. The aim was to verify in practice such factors in connection with in-law relationships as were identified according to a literature study. Participants for the study were recruited by means of announcements as well as distribution of pamphlets in collaboration with Afrikaans and English churches in Potchefstroom after the ministers of these churches had been consulted personally. As a result of poor reaction to this method a variety of alternative methods were implemented, for example, chain recommendation and random sample selection. The measure instrument was a questionnaire developed by the researcher in accordance with information derived from the literature study.

